

DOLOS

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV

Afrikaans & Nederlands

Twee halfronde, twee leefwêreldes,
twee geskiedenisse: een omvattende perspektief

Die Afdeling Afrikaans & Nederlands bied:

- Kortleerprogramme vir vreemdtaalsprekers
- Talkursusse vir tweede- en derdetaalsprekers van Afrikaans
- Dienskursusse vir die Professies
- Taal- en letterkundekursusse vir moedertaalsprekers
- Nagraadse studie tot op Ph.D.-vlak
- M.A. in Kreatiewe Skryfkuns o.l.v. bekroonde skrywers
- Buitelandse studiegeleenthede en reisbeurse
- Kontak met voorste navorsingsgenote in taal- en letterkunde
- Frans en Duits as departementelege genote

T: 051 401 2816 | www.ufs.ac.za/ANDF
[UFSUV](#) | [UFSweb](#) | [UFSweb](#)

Inspiring excellence. Transforming lives.
Inspireer uitnemendheid. Verander lewens.

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

French Language Section

Apprendre le français donne des ailes!



T: (+27) 51 401 9022 | www.ufs.ac.za
[UFSUV](#) | [UFSweb](#) | [UFSweb](#)

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

Duits

Deutsch lernen macht Spaß

Die Departement Afrikaans & Nederlands, Duits en Frans bied:

- Duitse taalkursus vir beginners (duur 1 jaar)
- Taal- en letterkundekursusse vir tweede- en derdetaalsprekers
- Honneursgraad in Duitse taal- en letterkunde
- Meesters- en doktorsgrade in Duitse taal- of letterkunde
- Internasionaal-erkende taalvaardigheid eksamens (in samewerking met Goethe Instituut)
- Duitse filmvertonings
- Informele geleenthede om in Duits te gesels
- Samewerking met internasionale vennote

Inspiring excellence. Transforming lives.
Inspireer uitnemendheid. Verander lewens.

T: 051 401 2242 | www.ufs.ac.za/ANDF
[UFSUV](#) | [UFSweb](#) | [UFSweb](#)

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS-UV
MAGISTERIËLE GEESTESWETENSKAPPE
GRADUATORIËLE WETENSKAPPE
GRADUATORIËLE EN INGENIEURSKAPE
GRADUATORIËLE EN MEDICALISCHESKAPE



Redaksionele brief

Dolos 2022 – ‘n memoir van die kollegas sedert 1969!

Ter inleiding en vrywaring van “ons memoir” aan onsself!

Vir die amptelike boekpublikasie (2023) oor die departement se geskiedenis het kollegas se bydraes die redakteurs (J.C. Steyn, A. van Niekerk en H. Pieterse) baie gehelp om dinge te identifiseer waaroor daar nog inligting gesoek moes word in argiewe, *Bult*-publikasies, notules, ens. Die bydraes wat in hierdie Dolos opgeneem is, is ontvang van dosente wat sedert 1969 permanente aanstellings by die departement gehad het asook van steundienspersoneel wat vir ’n lang tyd deel was en deel is van die departement se doen en late.

Dis lekker om te onthou en dis as’t ware asof die oudste Departement Afrikaans en Nederlands in Suid-Afrika (sedert 1918) mens word en *haar** *memoir* skryf by monde van die bydraes wat ontvang is van sommige van die personeelkorps sedert 1969. Hier is ‘n oorwig van **vrouwen aan de macht* 😊 by monde van Stef Bos!

As ons die volledige bydraes sou insluit in die amptelike boekpublikasie sou die boek oor die departement se geskiedenis in dele 1-3 uitgegee moes word.

In hierdie *Dolos* sluit ons dus *staaltjies* en *ek onthou* in soos wat dit ná ’n oproep van die redakteurs en prof. J.C. Steyn ontvang is deur die projekassistent, mev. Corné Richter.

Van vele ander kollegas en selfs kollegas wat lang en diep spore in die departement getrap het, maar nie self ’n bydrae gestuur het nie, word daar wel in die boekpublikasie berig. Dit sluit onder andere name en staaltjies van mense soos Hester Dreyer (van Heerden), Elize du Plessis, Irma Loock, prof. Jan Senekal (departementshoof) en prof. Christo van Rensburg (departementshoof) in.

Die bydraes vir *Dolos* wat van personeel ontvang is, is grootliks chronologies geplaas volgens die laaste permanente aanstellingsdatum van die betrokke persoon. Sommige name hier ingesluit, het byvoorbeeld eers as assistent in die departement gewerk, toe die diens van die departement verlaat en jare later weer by ons aangesluit in ’n ander hoedanigheid. In die amptelike boekpublikasie word ook studentebydraes ingesluit.

Die formaat van die oorspronklike bydraers is so ver moontlik behou (alhoewel verkort) vir die doel van die *memoir* (in *Dolos*) van die departement.

Angelique van Niekerk, Henning Pieterse, Corné Richter en Ida Meiring



dolos

Inhoudsopgawe

1.	Johan Lubbe	5
2.	Gert (Jarries) van Jaarsveld	8
3.	Andries Klopper.....	13
4.	Hennie Van Coller.....	15
5.	Daniel Hugo.....	21
6.	Louie Swanepoel	23
7.	Theo du Plessis.....	24
8.	Annette de Wet	26
9.	Riana Scheepers	30
10.	Naòmi Morgan	32
11.	Marietjie du Plessis	34
12.	Riana De Beer.....	34
13.	Bernard Odendaal.....	37
14.	Izette Bredenkamp	41
15.	Sanette Shenk	42
16.	Adolf (Schalk Willem) van Zuydam.....	43
17.	Mabel Erasmus.....	45
18.	Ida Meiring	47
19.	Anthea van Jaarsveld.....	49
20.	Lizette du Preez	50
21.	Angelique van Niekerk	51
22.	Ingrid Smuts	56
23.	Cilliers van den Berg	59
24.	Corlietha Swart.....	61
25.	Eleanor Bernard	65
26.	Burgert Senekal.....	66
27.	Isabel Mostert	69
28.	Marian Human-Nel	69
29.	Ihette Jacobs-Senekal.....	70
30.	Marelize Pretorius	70
31.	Carla Ellis	71

dolos



32. Francois Smith.....	73
33. Henning Pieterse	74
34. Albertus Barkhuizen	76
35. Corné Richter	78
36. Karen Combrinck.....	80
37. Alison Stander.....	81
38. Trudie Strauss.....	82
39. Petronella Bango.....	83
40. Mathilda Smit (Tildie).....	84
41. Lize Botha.....	86
Ten slotte	87



dolos

1. Johan Lubbe

Ek was vanaf Januarie 1969 tot Desember 1975 verbonde aan die Departement Afrikaans-Nederlands (soos dit toe nog bekend was) – eers as lektor en toe as senior lektor. Ek is gebore en getoë in Barkly-Oos en het ook daar gematrikuleer aan die einde van 1955. Daarna verwerf ek 'n BA-graad in 1958 (hoofvakke Afrikaans-Nederlands, Geskiedenis, Staatsleer), BA.(Hons.) in 1959 (Afrikaans-Nederlands), 'n Universiteitsonderwysdiploma (UOD) (eerste klas) in 1960, 'n MA-graad (cum laude) in 1964 en 'n D.Litt. in 1970.

Vir honneurs moes vyf afdelings uit 'n wye keuse gekies word, minstens twee taalkunde en twee letterkunde. My keuse het geval op Middelnederlands (prof. B. Kok), Strukturele taalkunde, Stilistiek (beide dr. F.I.J. van Rensburg), Afrikaanse poësie (dr. Gerhard Beukes) en Nederlandse letterkunde (prof. W.J. Badenhorst). Naas Middelnederlands het prof. Kok ook die kursus Goties doseer.


Behalwe vir Middelnederlands was ek en (die latere prof.) J.C. Steyn (Jaap) klasgenote in die ander vier afdelings wat weekliks aangebied is. Sowel Middelnederlands as Nederlands was na-uurs in 'n lesingsaal op kampus, Afrikaanse Poësie na 17:00 aan huis van prof. Beukes in Petersingel, Waverley, en Strukturele Taalkunde en Stilistiek 19:00 aan huis van dr. Van Rensburg in Colignyweg. Laasgenoemde twee afdelings het alternatiewelik elke twee weke aan die bod gekom.

Die studieleier vir my MA, *Die dood in ons taal*, was prof. Kok en eksterne eksaminator was prof. D.F. Malherbe. Prof. Kok was ook studieleier vir die D.Litt., *Die Eufemisme in Afrikaans*, met proff. G.S. Nienaber van die Universiteit van Natal en Abel Coetzee, Universiteit van die Witwatersrand, as eksterne eksaminatore.

Vanaf 1969 tot 1975 het ek hoofsaaklik temas uit my verhandeling en proefskrif gepubliseer in *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* onder redaksie van prof. Abel Coetzee. Op sy aanbeveling word ek deel van die redaksie. Na voltooiing van die D.Litt. het ek my toegespits op die diachroniese taalkunde, 'n belangstelling wat verband gehou het met my doseeropdrag vir die honneurskursus. Prof. J. du P. Scholtz verwys gunstig na 'n bydrae van my in hierdie verband in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 14(2), 89 – 99, Junie 1974, "Valkhoff en die ontstaan van Afrikaans, veral na aanleiding van sy *New Light on Afrikaans and 'Malayo-Portuguese'*" in sy verantwoording en dankbetuiging van sy *Wording en Ontwikkeling van Afrikaans* (1980).

In my en Jaap se honneurskursus, Strukturele Taalkunde, is ons hoofsaaklik aan die Europese Strukturalisme blootgestel en die bydrae van Bloomfield en ander Amerikaanse strukturaliste is onderbeklemtoon. In Amerika, met neerslag in Europa, spesifiek Nederland, het die intellektueel en uitdagende Transformasioneel-Generatiewe Grammatika (TGG) vinnig die aandag aangegryp. Studieverlof vir 1975 het my in staat gestel om te registreer vir na-doktorale navorsing aan die Instituut AW de Groot voor Algemene Taalwetenskap aan die Riksuniversiteit Utrecht. Op grond van die navorsingsprojek *Die waarde van die Transformasioneel-Generatiewe Grammatika vir die Diachroniese Taalbeskrywing, met besondere Verwysing na die Diachroniese Beskrywing van Afrikaans*, is 'n stipendium deur die Nederlandse regering, asook 'n senior beurs deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aan my toegeken. Die projek is in 1980 gepubliseer as *Acta Academica*, Reeks C no. 1, 1 – 66.

dolos



Ook in 1981 en weer in 1992 het ek met 'n Senior Beurs van die RGN aan die Instituut AW de Groot navorsing gedoen.

Tydens die verblyf in Utrecht in 1975 ontvang ek uit die bloue 'n brief van die dekaan van Lettere en Wysbegeerte, prof. H.J. (Herman) Strauss, waarin hy my die hoofskap van die nuutgestigte Departement Algemene Taalwetenskap aanbied. Dit was 'n baie moeilike besluit wat op my gewag het. Ek was gelukkig in die Departement Afrikaans-Nederlands, lojale kollegas, goeie werksomstandighede, teenoor die uitdagings van 'n nuwe departement. Uiteindelik het ek daarvoor gekies en is my verbintenis met Afrikaans-Nederlands einde Desember 1975 beëindig.

Dit was 'n voorreg om my universiteitsloopbaan te kon begin onder leiding van twee opeenvolgende simpatieke en ondersteunende departementshoofde, proff. Gerhard Beukes en Wessel Badenhorst. Die gereelde gesellige jaareindfunksies, vergesel deur ons gades, en aan huis van prof. Beukes, ondersteun deur sy gasvrye eggenote, was 'n blyk van waardering vir die insette van die afgelope jaar.

Die omgang met kollegas was ook 'n verrykende ervaring: behalwe die tweede departementshoofde, beide letterkundiges, is prof. Carl van Heerden, 'n taalkundige, as professor in prof. Kok se pos aangestel. Ander kollegas was o.a. Gert (Jarries) van Jaarsveld, Pieter Sonnekus, Andre Viviers, Louis van Eeden, Mike Prins, Ryno Verster, Louw Odendaal, Charles Malan en Daniël Hugo.

'n Oudhonneursstudent, Alf Jenkinson, is later as dosent in die departement aangestel. Die kursus Ontstaansteorieë van Afrikaans was een van sy keuses. Gedurende my jaar navorsingsverlof (1975) het hy in my plek waargeneem. Tydens die studiejaar in Nederland het ek drie Suid-Afrikaners ontmoet, al drie wat later diep spore in die departement sou trap: Hennie van Coller, Adolf van Zuydam en Louis Venter.

Saam met my in 1969 is ook Ryno Verster aangestel. Ons het saam 'n kantoor in die kelder van die hoofgebou gedeel, en algaande 'n band gesmee. Hy was seker tien jaar my senior, met sy magister pas voltooi. In 1972 het hy binne 'n jaar sy Doktorandus in Nederlandse Taal- en Letterkunde aan die Universiteit Utrecht behaal, en begin 1975 sy D.Litt. met 'n proefskrif *Die metafoor*.

Omdat die onderwerp letterkundige én taalkundige raakpunte deel, was sowel proff. Beukes as Van Heerden die studieleiers.

Op Universiteit ontmoet ek vir Desireé Lombard. Sy het BA studeer met hoofvakke Geskiedenis en Sosiologie. In 1976, na 'n besoek aan Nederland, begin sy met Kunsgeskiedenis en behaal haar Honneurs. Later word sy aangestel in die Departement Kunsgeskiedenis. Ons het drie kinders: Annemarie, De Wet en Jurgens en vyf kleindogters en een kleinseun. Een kleinseun, die familienaamdraer, het op die ouderdom van 18 jaar, in 'n motorongeluk die lewe gelaat.

Ek het vele, net goeie, herinneringe aan kollegas. Prof. Kok, die man met 'n fotografiese brein wat as rektor sy toespraak by die openingsplegtigheid vooraf net een keer deurlees en dit dan sonder enige notas by hom voordra. Die verslag sluit in die name van minstens honderd nuwe aanstellings, bevorderings, ens. As dosent was sy lesings goed voorberei, duidelik en helder, dog hy het 'n ietwat afsydige indruk geskep, en 'n student sou nie sommer 'n probleem met hom bespreek nie.



dolos

Selfs op honneursvlak was dit nog die geval en eers as studieleier het hy 'n ander sy hom openbaar: hulpvaardig, simpatiek, ondersteunend. Dit was hy wat my aangemoedig het om 'n bydrae aan *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* te lewer (my eerste artikel).

Dieselfde kan van prof. Badenhorst, of Tamatie soos hy algemeen onder studente bekend gestaan het, gesê word. Hy was verantwoordelik vir Nederlandse letterkunde en het nie 'n studentvriendelike indruk geskep nie. Voorgraads was een-en-'n-half of twee sy standaard punt, dan nog met die opmerking "punt uit genade". 'n Punt van vier-en-'n-half of vyf was gelykstaande aan 'n onderskeidingspunt. Toe ek self by die departement ingeskakel het, het ek 'n ander sy van hom ontdek. As departementshoof was hy 'n lojale, simpatieke en ondersteunende kollega, eintlik met 'n sagte hart. Na sy aftrede het ek nog gereeld by hom in sy huis in Rhynlaan met al sy statige oudhede en Persiese matte gaan kuier. Met Jaap se kom na Bloemfontein het ons saam enkele kere ons ou leermeester besoek.

Daarteenoor was prof. Beukes weer die vriendelike, innemende en blymoedige dosent en kollega, uiters gewild onder die studente. Behalwe die liefde vir die Afrikaanse letterkunde wat hy by hulle óf gekweek óf aangevuur het, het hy ook lewenslesse en morele waardes voorgehou. In my eerstejaar het hy die Maandag na 'n intervarsity die Saterdag waar die rasieleier kru en suggestiewe opmerkings kwytgeraak het, in sy lesing, simpatiek en begrypend, op die onaanvaarbaarheid daarvan gewys.

In die eerstejaarsklas van om en by 100 studente was, behalwe Jaap, ook o.a. Koos Malherbe, later regter-president van die Vrystaatse Hooggereghof, Stef Naude, later professor in Handelsreg by Unisa, Piet Muller, bekende joernalis, uitgewer en toekomsnavorser, Bernard Lategan, later professor in Bybelkunde en dekaan van Lettere aan US, Dawid van der Vyver, later professor in Duits, US, en Philip de Vos, kinderverhaalskrywer en operasanger.

dolos





Ouddepartementshoofde: proff. Christo van Rensburg, Gerhard Beukes, Jan Senekal, Benedictus Kok, Carl van Heerden, Wessel Badenhorst en Hennie van Coller

2. Gert (Jarries) van Jaarsveld

1974 -1997

"Buurman, het jy al ooit van Lekkersing gehoor?"

Prof. Christo van Rensburg sit agter sy lessenaar met 'n groot glimlag op sy gesig. Ek skud net my kop. Dalk een of ander sekte? "Nee, Mater, ek ken dit nie."

"Jarries, dis 'n dorpie in die Richtersveld. Ons gaan daar veldwerk doen."

Dit was die aanloop tot 'n uitgebreide navorsingsinisiatief na die taal van die Richtersvelders. 'n Nuwe opwindende veldwerk- en navorsingsprojek na die afhandeling van die reusagtige Griekwaverslag (nagenoeg 3000 pp) in 1984.

Soos Christo graag gesê het, die Griekwaverslag was toe reeds in "kruike en kanne". Dit was twee jaar later en ek, Christo en Theo sou die Richtersveld aandurf. Toe Hans du Plessis daarvan hoor, was daar geen manier waarop hy sou bly nie. So is die vier van ons op pad na onder andere die drie dorpies Xubus, Eksteenfontein en Lekkersing.

Op 'n ander geleentheid het prof. Hans, wat toe gasdosent by die Universiteit Namibië was, vir my en Christo uitgenooi om saam met hom die taal van die Topnaars in die suide van Namibië



dolos

te gaan opneem. Met 'n Ford Nomad, wat Christo dadelik die Groot Magog gedoop het, het ons die pad aangedurf.



Prof. Christo van Rensburg, dr. Gert van Jaarsveld en prof. Hans du Plessis tydens 'n veldwerksessie in die Noord-Kaap.

Dalk die hoogtepunt van al ons veldwerk was toe ons 'n paar jaar daarna saam met brigadier Jan Picard (Hoof van die Taalburo van die SAW) en sy span, opnames gaan maak het by die swart Van der Merwes in Kaokoveld in Namibië. Met die "flossie" is ons vanaf Swartkops Lughawe na Ondangwa en van daar na Oshakati, waar ons moes oorbly vir 'n dag of twee vir 'n vlug met 'n Dakota na die Opnuwo weermagbasis – midde-in die grensoorlog, en die Dakota het net bokant die boomtoppe gevlieg. Vir ons "civvies" was dit 'n onwerklike ervaring.

Ek het in 1961 gematrikuleer aan Hoërskool Jan de Klerk, daarna volg BA (THOD), UP en Normaalkollege. Ek het agt jaar lank skoolgehou op Delmas, Florida Hoërskool en Vaal High in Vanderbijlpark. Terwyl ek by Florida skoolgehou het, het RAU ontstaan en ek het ingeskryf vir Honneurs in Afrikaans. Twee jaar volg met twee taalkunde- (prof. F.F. Odendaal – Fonologie en Morfologie) en twee letterkunde-kursusse (prof. F.I.J. van Rensburg – Poësie en Stilistiek) en een in Taalwetenskap (prof. E.B. van Wyk). Omdat ons eers in Februarie eksamen afgelê het, moes ons regstreer en klasgeld betaal. Daaroor het ek 'n klerk by die universiteit gaan spreek, want dit lyk toe vir my onregverdig. Dis soos dit is, sê hy, maar ons raak aan die gesels. Ek vat toe 'n vet kans. As ek nou regstreer en dit sommer vir 'n MA, kan dit? Hy is nie seker nie, maar blaai in sy boeke. Nee, hy kry geen regulasie wat dit verbied nie, ek kan dit doen. Ek moes dan net R60 betaal in plaas van R40. Ek was dus vir 'n MA geregstreer nog voor ek my honneurs

dolos



voltoo het – en dis al klasgeld wat ek ooit vir die MA betaal het. My MA "Semantiese verband tussen simplekse en hulle korrelate in komposita," is in 1974 voltoo nadat ek reeds as lektor by Kovskyes aangestel is.

By Kovskyes aangekom in 1974 was die nimlike prof. Gerhard Beukes departementshoof en prof. Carl van Heerden die taalkundehoof. Ek en Louis van Eeden is in Taalkunde aangestel en Mike Prins en André Viviers in Letterkunde. Later het Alf Jenkinson en Hennie van Coller bygekom. Prof. Carl het op sy rustige manier leiding gegee. Hy was die eerste semantikus in Suid-Afrika. Reeds in 1964 verskyn sy "n Semantiek op linguistiese grondslag" in *Publikasies van die Universiteit van die Noorde, Reeks C, nr. 11*. Benewens referate en verdere artikels in *Taalfasette* en *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is dit sy boek "*Inleiding tot die Semantiek*" (1965) wat vir baie jare vir baie studente die semantiek "trap-der-jeugd" was. Deur sy inisiatief het die Semantiekprojek, befonds deur die Sentrale Navorsingskomitee, tot stand gekom en dit het vroeg in my skoot gevval.

Uit die projek het daar talle artikels (sommige saam met my nagraadse studente), verhandelinge, referate by taalkongresse, gaslesings, radiopraatjies, hoofstukke in boeke en proefskrifte (11) voortgevloei. In 1985 het my werkboek *Semantiek* in 'n reeks oor taalkunde by Academica verskyn. Die projek het ook geleid tot 'n omvattende navorsingsprojek wat deur die RGN gefinansier is en wat in 1989 afgehandel is: "Gesprekstaboes en misverstand: taalhandelinge oor kultuurgrense heen". Dit het ook tot 'n projek saam met prof. Albert Weideman (1994-1995) oor Taalfasilitering (toekenning: Stigting vir Afrikaans, R45 000) geleid.

In 1982 het ek vir ses maande in Nederland by die Instituut voor Algemene Taalwetenschap navorsing gedoen en 'n college in Pragmatiek by prof. Simon Dik, die hoof van die Instituut gevolg. Dit was in die tyd toe Suid-Afrikaanse studente *persona non grata* was in Nederland en by universiteite verbied was. Prof. Dik het ewe filosofies verduidelik dat hy die reël omseil omdat hy 'n Instituut, wat redelik onafhanklik is van die Universiteit, bedryf het.

In 1984 is 'n professoraat aan my toegeken en in dieselfde jaar het ek my intreerede gehou: *Afrikaans en nie-geleksikaliseerde semantiek*.

In 1981 het ons taalkundiges besluit om aan prof. Carl, tóé dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, 'n huldigingsbundel op te dra met sy sestigste verjaarsdag. Omdat daar werlik so min semantici in SA was, sou dit moeilik wees om so 'n bundel byeën te bring. Op aanbeveling van prof. Willem de Klerk, by wie Rhona Retief pas haar MA oor taalhandelinge voltoo het, het ons besluit om taalkundiges te vra om artikels oor aspekte van taalhandelinge te lewer. Ons self het met die energieke begeleiding van prof. Christo artikels deurgewerk vir geskikte onderwerpe. Gou het ons sestien oueurs van oor die land gehad met negentien onderwerpe waaronder ook twee letterkundige bydraes. Op 10 September 1982 kon ek as redakteur 'n pragtige, leergebinde bundel van *Wat sê jy? Studies oor taalhandelinge in Afrikaans* aan prof. Carl oorhandig.

Na die bundel uitverkoop is, het Serva Drukkers 'n opvolg wat ek heelwat geredigeer het, as *Wat bedoel jy?* uitgegee. Ek en prof. Hennie het ook in 1984 as mederedakteurs 'n bundel: *Woorde as dade: taalhandelinge en letterkunde* (Butterworths) laat verskyn.

Ek was vir baie jare sensor vir *Ritsim*. 'n Besondere ervaring was die paar jaar wat ek op die



dolos

Raad van die Paarlse Taalmuseum gedien het en daar o.a. oom Pat Sonn, Franklin se pa, leer ken het.

Om sedert 1983 tot 1996 verantwoordelik te wees vir die publikasies van die LVSA (1990-1996 as hoofredakteur) was nie net 'n besondere eer nie, maar ook 'n plesier. Dit was die tyd van die hoogbloei van die Afrikaanse taalkunde.

My gunsteling keurder was prof. Johan Lubbe by Algemene Taalwetenskap. 'n Navorser van formaat, kon hy oor 'n hele paar dissiplines in die taalkunde grondige oordele vel. Daarbenewens was hy die noukeurigste leser wat ek ooit teengekom het. Selfs die geringste foutjie met leestekens het nie verby sy rooi pen gekom nie.

Ek moet hulde bring aan die brillante assistente wat deur die loop van die jare by die Semantiekprojek gewerk het. Party is vandag self dosente, selfs professore. Aan inisiatief en intelligensie het hulle nie 'n gebrek gehad nie. Louie Swanepoel is nou 'n professor en Senior Manager: Operations at Council on Higher Education in Johannesburg. Sy het haar MA en D Phil by my gedoen. Sophia Kapp (née Swart) het 'n kort rukkie gewerk, maar is een van die twee studente wat binne 'n jaar haar MA met lof geslaag het en dit nogal oor *Die Afrikaanse vertelgrappie: linguistiese aspekte van die grapgesprek*. My laaste assistent, prof. Angelique van Niekerk (nou departementshoof), het ook haar MA oor gespreksmerkers in een jaar met lof voltooi (1992) en in 1996 haar uitstaande D oor gespreksmerkers in meertalige verband. Die talentvolle Hester van Heerden, prof. Carl se dogter, het ook 'n hele paar jaar in die taalkundeprojek gewerk.

Ek dink terug aan soveel begaafde honneursstudente, uitskieters, wat by my honneurskursusse gedoen het. Riana Scheepers, Bernard Odendaal en vele meer wat later hulself in letterkunde bekwaam het. Daar was ook Annette de Wet, later 'n gewaardeerde kollega, wat haar D Phil oor 'n intertaalstudie behaal het, Chris du Plessis, wat later sy MA en D Phil by my gedoen het en Theo du Plessis, onmoontlik in die Semantiek honneursklas, die haan tussen 'n klompie henne, terwyl ons besig was met 'n projek.


Ek dink terug aan soveel kollegas deur die loop van die jare soos Charles Malan wat later RGN toe geskuif het. Ek dink ook aan Andries Klopper, wat saam met my die departement verlaat het, 'n wyse onderwysman. Hy het ook sy proefskrif onder my voltooi.

Met deernis dink ek aan my vriend Alf Jenkinson. As jong kollegas het ons ure saam geworstel om die ingewikkeldhede van die tóé gangbare rigting in die taalwetenskap baas te raak. In ons gesprekke het ons goed uitgepluis soos Alf sou sê: dinge wat "eenvoudig verskriklik" gelyk het, het naderhand "verskriklik eenvoudig" geword. Alf was 'n belese man. Hy kon bykans oor enige onderwerp kundige insette lewer, van meganika tot psigologie.

Wat 'n voorreg om Jaap Steyn as kollega te kon hê. Hy is 'n navorser sonder weerga. Hy verdien elke toekenning en eerbewys wat hy ontvang het vir fantastiese, deurtastende ondersoeke. Hy bly maar een in sy soort. So stil en beskeie, maar ook so formidabel in sy groot liefde vir die Afrikaanse taal.

dolos





'n Gedugte driemanskap in die akademie: proff. Jaap Steyn, Hennie van Coller en Gert van Jaarsveld

En dan moet ek hoë hulde bring aan ons sekretariesse en administratiewe assistente. Dis hulle wat die departement se wiele laat draai, wat sorg vir die gladde administrasie vir die soms verwarde en vergeetagtige dosente. Ek dink aan mense soos Karien, Sanette, Ida, Lizette om maar net 'n paar te noem tydens my laaste jare by die universiteit. Julle is goud. Baie dankie.

In 1997 het ek die akademie daarwel toegeroep en saam met my sakevrou, Martie, en seuns, Gerhard en Marius, my in die sakewêreld begewe alhoewel ek nog vir 'n paar jaar honneursklasse aangebied het, eksterne eksaminering gedoen het en ook keurder was vir die hoofstuk oor Pragmatiek in die bundel: *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*, 2014. WAM Carstens & N Bosman (reds.). In 2002-2003 het ek weer vir 'n jaar lank voor die klas beland toe ek gevra is om by Grey Kollege skool te hou.

In my jongdae as onderwyser en selfs as jong lektor het ek kortverhale geskryf hoofsaaklik vir die destydse *Die Brandwag*. Maar eers in 2005 is 'n romanse (nogal): *Onrus op Vredevlei* deur LAPA uitgegee. Deur *Hestia Promosies* (dit is 'n algemene taaldiens) het ek my na my uittrede taalkundig besig gehou met proeflees, redigering en vertaling van studiestukke, verhandelinge, proefskrifte en boeke van Afrikaans na Engels en vice versa. 'n Jaar of wat gelede het ek betrokke geraak by *Die Gratis Storie Tydskrif* wat deur Anton Pansegrouw (skrywersnaam Anton Pan) begin is (<https://storietydskrif.home.blog>), 'n weeklikse e-tydskrif. Ek redigeer en vertaal waar nodig, alles wat gepubliseer word en skryf rubriek en kort taalkundige artikels vir die tydskrif.

Om 'n taalkundige te wees is 'n avontuur. Om 'n Afrikaanse taalkundige te wees 'n groot, vet avontuur. Daar is soveel om te ontdek. Soveel interessante patronen, sisteme en verskynsels wat wag om ontdek en beskryf te word in alle dissiplines van die taalkunde – in die gestandaardiseerde vorm van Afrikaans of in sy variëteite. Dat ek die geleentheid gehad het



dolos

om deel te wees van die snuffelaars in my geliefde taal, Afrikaans, aan die UV, sal altyd vir my 'n voorreg bly.

Dis alles genade van Bo!

3. Andries Klopper

'n Ou Russiese spreekwoord lui "Dwell on the past, and you'll lose an eye; forget the past, and you'll lose both eyes."

Charles Lindberg, die Amerikaanse vlieënier, wat die eerste man was wat oor die Atlantiese oseaan gevlieg het, sê die volgende: "Die lewe is 'n landskap, maar 'n mens kan dit net van 'n afstand af beskryf." Daarom om terug te kyk, bring 'n mens by 'n rusplek langs die pad ... en op hierdie ouderdom dink ek het ek 'n ver pad geloop en kan ek 'n oomblik verwyl en terugkyk na dit wat verby is.

Ek het in 1958 'n Kovsky-student geword en ingeskryf vir 'n BA-graad met drie hoofvakke: Afrikaans-Nederlands, Geskiedenis en Geografie. My dosente was almal professore, nl. Kok, Beukes, Badenhorst, Lategan en F.I.J. van Rensburg. Sover ek kan onthou, het geen student van ons groep van daardie jare ooit hierdie dosente in 'n kantoor besoek nie, ons was te bang vir die geleerde here. Ek verwerf my eerste graad in 1960, skryf in vir 'n HOD-diploma in 1961. Vanaf 1962 was ek verbond aan die Sekondêre Skool Sentraal in Bloemfontein waar ek 12 jaar Afrikaans doseer het, 'n senior pos beklee het en vir 'n aantal jare hoofeksaminator vir Afrikaans senior-sertifikaat was van die Vrystaatse Onderwysdepartement, asook hoofeksaminator vir die Departement van Nasionale Eksamens en die Gemeenskaplike Matrikulasiëraad.

Ek verwerf in 1981 my Magister Artium (Die Afrikaans van die Suid-Sotho in die RSA) (met lof) en in 1991 Doctor Litterarium (Die insigte van die pragmatiek vir die onderrig van Afrikaans as moedertaal in die sekondêre skool).

In 1974 word ek aangestel in die Departement Afrikaans en Nederlands as dosent, verantwoordelik vir die kursus Afrikaans aan Regstudente en doseer ook metodiek van Afrikaans aan die onderwysstudente en op nagraadsevlak Klankleer en Leksikografie. Ek het in die jare ook 'n belangstelling ontwikkel vir die Sosiolinguistiek wat ek ook nagraads aangebied het.

Kollegas wat saam met my in 1974 aangestel is, is Jarries van Jaarsveld en Louis van Eeden; Jarries van Goudstad-Onderwyskollege en Louis van die Universiteit van die Noorde in Pietersburg. Prof. Beukes en prof. Carl van Heerden was aan die stuur van sake. Kollegas wat in die 24 jaar wat ek aan die departement verbond was by ons aangesluit het, was onder andere: Johan Lubbe, Charles Malan, André Viviers, Jack Verster, Louis Venter, Daniel Hugo, Hennie van Coller, Jan Senekal, Christo van Rensburg, Mike Prins, Jaap Steyn, Bernard Odendaal, Alf Jenkinson, Adolf van Zuydam, Annette de Wet en Anthea van Jaarsveld, Riana Scheepers en talle assistente wie se name ek nie meer kan onthou nie. Daar was goeie tye en kollegiaal het ons hard gewerk en goed met mekaar oor die weg gekom ... en ander tye het die vonke gespat soos dikwels onder akademici gebeur.

dolos





Dr. Andries Klopper en me. Corlietha Swart tydens die gradeplegtigheid 1995

Die Fakulteit Geesteswetenskappe het in daardie jare verhuis na die Flippie Groenewoudgebou. Omdat die bouwerk nog nie heeltemal voltooi was nie, moes ons jongste aanstellings kantore deel. Indien 'n student een van die dosente wou spreek, moes die ander een dan die kantoor verlaat. Dit was 'n frustrerende gebruik wat die bloeddruk onnodig opgejaag het.

Die etos in die departement het dit moontlik gemaak dat elke dosent rustig kon werk en spesialiseer in die veld waarin hy of sy belanggestel het, dit kon verken het of daarin verdiep het en dit op 'n toeganklike wyse weer aan die studente kon oordra, leiding verskaf en studente kon bemoedig en inspireer tot verdere studie. Die dosente in die Departement Afrikaans en Nederlands kon werklik spesialiseer in verskeie rigtings in die taalkunde of letterkunde. Sommige van die dosente, onder andere Jaap Steyn, Christo van Rensburg en Hennie van Coller het werklik uitgeblink as navorsers van naam. Andere waaronder ek myself insluit, het meer daarvan gehou om voor die studente op te tree in lesinglokaal waar voorbereiding vir die lesingslading soms sy tol geëis het en sodanige dosente hul kapitaal opgebruik het en as gevolg daarvan minder navorsingsinsette gelewer het.

Ek onthou die jaarlikse Afrikaans-week vir matrikulante wat altyd in die Julie-vakansie plaasgevind het en hoe ons dosente lesings en allerlei aktiwiteite moes reël om die leerlinge te stimuleer en te inspireer om toekomstige studente van die Universiteit te word.

My verbintenis met die universiteit en Departement Afrikaans en Nederlands strek oor 'n periode van 40 jaar vanaf 1958 tot my aftrede in 1998, waarvan ek vir 24 jaar as dosent in die departement verbonde was. Ek het my gade, Cornelia Steyl, as voorgraadse student op die kampus ontmoet en in die huwelik getree in 1964. Beide my kinders Riana en André het ook hul grade aan die Universiteit verwerf.



Ek kan ongelukkig nie meer studente se name onthou nie, maar diegene wat my bybly, is: Theo du Plessis, Corlietha Swart, Adri Beylefeldt, Riana Scheepers, Jan-Jan Joubert en Jan-Ad Stemmet.

'n Lewensreis word nie gemeet aan datums of posisies nie, maar aan die groei van die psige wat in ons aardse bestaan maar min kans gegun word om sy eie waarde te verken. Die kans was my beskore toe ek aangestel is as dosent by die Departement Afrikaans en Nederlands.

Fluit-fluit my storie is uit.

Dr. Klopper is, na die ontvangs van hierdie bydrae, in November 2022 oorlede.

4. Hennie Van Coller

Ek is op 1 Januarie 1979 by die UOVS aangestel. Prof. Kok is reeds in 1976 opgevolg deur prof. Mouton, maar van sy aanstellings was steeds aanwesig by my onderhoud, einde 1978: proff. Gerhard J. Beukes (toe uittredende departementshoof) en prof. H.J. Strauss (uittredende dekaan). In 1979 was prof. Carl van Heerden beide die departementshoof en agerende dekaan. Prof. Mouton was 'n gerekende kernfisikus en het in Utrecht gestudeer en gepromoveer en het saam met sy goeie vriend die destydse vise-rektor, prof. W.J. Richards in die Afrikanerhuis gebly. Prof. Richards was ook saam met prof. J.H. (Jan) Senekal en dr. Charles Malan by my onderhoud.

Met proff. Benedictus Kok en Gerhard Beukes (wat saam met my in die Klipkerk was) en prof. Herman Strauss het ek op 'n persoonlikevlak goed oor die weg gekom (ook weens my bande met sy seun), maar het hulle nooit in 'n werksomgewing geken nie. Toe ek later departementshoof geword het, het ek moeite gedoen om my voorgangers te gaan besoek en het hulle ook uitgenooi vir 'n funksie van ouddepartementshoofde. Dit sluit mense in soos prof. W.J. (Wessel, "Tamatie") Badenhorst en die buitengewone professor, prof. P.J. Nienaber, toe nog as direkteur van NALN, prof. Carl van Heerden en sy opvolger, prof. Jan Senekal. Van Heerden is in die vroeë tagtigerjare as dekaan opgevolg deur die dinamiese historikus, Johan Moll. Christo van Rensburg het in ongeveer 1982 departementshoof geword. Ander aanstellings in die tyd was Louis Venter as mede-professor (1983) en ekself en G.J. (Jarries) van Jaarsveld (tot vol-professore) in 1984.

Die vroeë jare tagtig was opwindend. Nooit het ek ooit so 'n samehorigheid ervaar tussen personeel nie. Weens 'n persoonlike inslag (verwelkomingsfunksie, jaarlikse personeelvleisbraai, akademiese "inisiasie" deur die BAO, ens.) het ek byna elke akademikus van naam geken; baie as vriende (Jo van As, Johan Grobbelaar, Philip Badenhorst, Renier Viljoen, Phillip Nel, Dingie van Rensburg, Piet Viljoen, Daniel Ferreira, Leo Barnard, Daan Wessels, Danie Strauss). Selfs ons vrouens is betrek. My vrou Elsa was (en is steeds) lid van die Dosentevroue-vereniging en hulle het jaarliks die spyseniering van die gradeplegtighede waargeneem. Op hierdie wyse het sy ook baie van die gades van die akademici (mevv. Kok, Richards, Boonstra, Viljoen, ens.) goed leer ken. Elsa was vir etlike jare sekretaresse (en selfs voorsitter) van hierdie vereniging.

dolos



Prof. Mouton was instrumenteel in die aanstelling van prof. J.C. (Jaap) Steyn as navorserprofessor, omdat hy ingelig was én goeie navorsing ondersteun het. Self het ek altyd welwillendheid ervaar van die topstruktuur, ook in een geval nadat ek amptelik verkla is omdat ek sulke "Godslasterlike, smerige boeke" soos *Onse Hymie* met studente behandel het.

Toe ek in Bloemfontein was vir my onderhoud, het ek direk na afloop daarvan gehoor dat ek van 1 Januarie 1979 aangestel is as senior lektor; presies 30 jaar nadat my pa in 1949 aangestel is as dosent in Opvoedkunde. As gevolg van 'n groot navorsingsbeurs wat aan hom toegeken is vir 'n jaarlange verblyf in Londen, kon hy hierdie aanstelling nie aanvaar nie. Ek onthou die groen Bloemfontein uit die lug; die deftige Bloemfontein hotel waar ek oornag het omdat daar nêrens anders plek was nie en my bruin pak wat ek op aandrang van my pa (en met sy geld) vir die onderhoud aangeskaf het.



Hennie van Coller, Etienne Leroux en Charles Malan

Benewens Charles Malan en Jan Senekal wat ek vlugtig ontmoet het, het ek slegs vir prof. Johan Lubbe (toe hoof van die Departement Algemene Taalwetenskap) geken, want hy was saam met my in Utrecht en het selfs my doktorale eksamenuitslag (saam met Fanie Olivier en Adolf van Zuydam) gevier op 'n besondere uit tog na Amsterdam. Van Leon Strydom (toe hoof van die Departement Algemene Literatuurwetenskap) en Wium en Dorothea van Zyl het ek geweet, óók weens hulle Utrechtse verbintenis. Later het ek hulle almal beter leer ken.

Die Departement Afrikaans en Nederlands was streng geskei in taal- en letterkunde en kontak tussen die twee afdelings was maar effentjies in 1979. Prof. Van Heerden het die bestuur van die taalkunde oorgelaat aan dr. Jarries van Jaarsveld, wat saam met Andries Klopper, Louis van Eeden en later Alf Jenkinson op 'n tydelike basis die taalkundiges was. Aan die letterkunde kant was daar Jan Senekal (professor), Charles Malan, ekself en André Viviers (almal senior lektore).



Aanvanklik het ek slegs persoonlike kontak gehad met Senekal en Malan wat my en Elsa ook na hulle huise genooi het. Die departement het destyds kantore gehad in die Ou Hoofgebou se Wesblok. Omdat daar vir my geen kantoor beskikbaar was nie, het ek 'n kantoor gekry in die Ou Hoofgebou, die een waar die rektor later gesit het: 'n reuse kantoor wat uitgekyk het op die Steynstandbeeld.

Mettertyd het ek beter bevriend geraak met André Viviers (toe nog 'n geswore oujongkêrel met 'n passie vir musiek), Jarries van Jaarsveld, Andries Klopper en Alf Jenkinson.

In die letterkunde-afdeling is geëksperimenteer met nuwe onderrig, soos groepklasse en selfwerksaamheid, modules en dergelike. Omdat Charles as senior persoon veral prosa gedoseer het, het ek veral Nederlands aangebied, asook metodologie en literêre teorie op honneursvlak. My eerste magisterstudent was Alida van der Merwe ('n akademiese assistent) wat 'n verhandeling geskryf het oor die outhoorsvisie in Louis Paul Boon se novelle, *Menuet*. Sy het hierdie verhandeling met lof verwerf en dit dadelik aan prof. W.J. Badenhorst gegee.

Daar was 'n redelik aktiewe studentevereniging en die tydskrif, *Dolos* is gepubliseer onder redaksie van 'n knap student (Susan Smith was onder andere redakteur tydens my eerste paar jaar as dosent).

My eie navorsing was in die pylvak en my proefskrif is in 1981 aanvaar vir die D.Litt et Phil-graad by die destydse RAU. My promotor was prof. F.I.J. van Rensburg en die eksterne eksaminatore was proff. Elize Botha en T.T. Cloete. Hulle baie positiewe verslae het vir my deure geopen en geleid tot akademiese samewerking in talle publikasies, soos *Perspektief en Profiel*, *Vanweë die onbewuste*, *Woorde as dade* en *Literêre terme en teorieë*. Maar eers het ek in 1980/1981 vir meer as ses maande navorsing gedoen in Utrecht. Charles Malan is direk na my ook na Utrecht vir 'n paar maande en was die ontvanger van my skaapvelbaadjie wat ek daar vir hom gelos het.

Ná Van Heerden se vaste aanstelling as dekaan is Christo van Rensburg aangestel as professor. Hy was 'n knap navorsing; 'n entoesiastiese en joviale persoon wat onmiddellik 'n groot vriendekring opgebou het. Ons het dadelik aanklank by mekaar gevind, óók op akademiese vlak en het saam begin werk op Vrydagmiddae en ook saam gepubliseer. Hierdie artikels oor die taalhandelingsteorie toegepas op die letterkunde het 'n wye impak gehad (veral in teologiese kringe) en was instrumenteel daarin dat ek en Christo byvoorbeeld uitgenooi is om mee te werk aan Bernard Lategan se invloedryke publikasie, *The Reader and Beyond*. Onder redaksie van Jarries is 'n boek oor taalhandelinge, *Wat sê jy?* gepubliseer waarin ek alleen én ek en Van Rensburg gepubliseer het. Later was ek en Jarries die redakteurs van *Woorde as dade. Taalhandelinge en letterkunde* – 'n publikasie met 'n groot impak.

Senekal het in 1982 voelers uitgesteek na L.S. Venter, toe werksaam as senior lektor in Afrikaans en Nederlands by die PU vir CHO se Vanderbijlpark-kampus.

Senekal is as departementshoof opgevolg deur Van Rensburg. Venter is ook in 1983 – ná die verwerwing van sy doktorsgraad - aangestel as medeprofessor. In 1984 is ek en (G.J. Van Jaarsveld) Jarries aangestel as vol-professore. Omdat ek aangestel is in die Malherbe-leerstoel as vol-professor het ek die "hoof" van die letterkunde-afdeling geword. Charles Malan het in 1982/1983 bedank om as hoof van SENSA (RGN) onder die leiding van Karel Prinsloo te gaan werk in Pretoria. Louis Venter is in sy plek aangestel.

dolos



Een geleentheid staan my helder voor oë, die departementele afskeidsfunksie in 1988 by die Cecil Hotel.

Die opvoering van "Lieve Hennie", 'n opvoering bedink deur Anthea van Jaarsveld en Rentia Spangenberg, beide assistente in die departement, het beroering veroorsaak. Beide assistente was later in 1990 behulpsaam met die inpak van die Leroux-boekery (saam met my en Bernard Odendaal) op "Ja-Nee", Leroux se plaas naby Koffiefontein.

Jan Senekal het my lojaal ondersteun en by geen geleentheid my ooit teenbewerk nie; 'n optrede waarvoor ek altyd waardering sal hê. Toe hy bedank om te gaan boer het ek die studieleiding van twee van sy doktorale studente moes oorneem: S.C. (Susan) Smith, nou hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, Fort Hare en Matilda Smith, destyds van Vista en nog aan die begin van haar studie. Saam met die twee Smiths, Daniel Hugo (as medepromotor), Anthea van Jaarsveld, Victor Teise, Nico Luwes, Bernard Odendaal, Cilliers van den Berg, Chrisna Beuke-Muir, Marian Human-Nel en Burgert Senekal is dit 11 van my doktorale studente wat later akademiese betrekings beklee het.

Ek was baie gelukkig met die drie sekretaries met wie ek my 27 jaar as departementshoof gewerk het. Carine Jacobs (met 'n B.Com-graad) was 'n deeglike en vriendelike dame wat in 1990 bedank het om tuisteskepper te word. Sanette Smith het van 1990 tot 2002 gewerk; 'n liewe vrou wat al hoe meer ontluik het. Ida Meiring (akademiese assistent in taalkunde) eweneens vriendelik en bekwaam is in haar plek aangestel en het saam met my gewerk tot my aftrede in 2014.

Die departement was gelukkig om in my tyd verskeie hoogs bekwame akademiese en navorsingsassistentes in diens te kon hê; party selfs later dosente aan die UV en elders in die land soos Riana Botha (Scheepers), Angelique van Niekerk, Anthea van Jaarsveld, Corlietha Swart, Sulette Bruwer en Izette Bredenkamp. Twee (Riana Scheepers en Sophia Swart [Kapp]) het later bekende skrywers geword.

My eerste taak was om die skeiding tussen taal- en letterkunde te oorbrug en harmonie in die departement te bring. Ek het Jarries dadelik hoof van die taalkunde gemaak én 'n bestuurskomitee in die lewe geroep.

Op basis van modelle verkry van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is werkbeplanning ook meer wetenskaplik onderneem. Inligting oor navorsingsuitsette, die SLE-situasie en VE-getalle is ook by elke departementelege vergadering verskaf.

Ná Daniel Hugo se bedanking het ek Bernard Odendaal (toe verbonde aan die Durbanse Onderwyskollege) wat ek geken het uit sy magisterverhandeling onder leiding van Jan Senekal, genader om te hoor of hy sou belangstel in hierdie vakature. Odendaal was my eerste aanstelling, gevvolg deur Anthea van Jaarsveld in die plek van André Viviers, Angelique van Niekerk, Adolf van Zuydam, Burgert Senekal, Ihette Jacobs (Senekal) en Carla Ellis, ensovoorts. In 1997 is die vakante pos van prof. F.I.J. van Rensburg (RAU) aan my aangebied deur prof. W.J. Botha, destyds departementelege voorsitter van die Departement Afrikaans en Nederlands aldaar. Ek het nogal gewroeg hieroor, maar het uiteindelik daarteen besluit vanweë talle redes.



dolos



Die 2002-personeelkorps van Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, o.l.v. prof. HP Van Coller

Voor v.l.n.r.: Alf Jenkinson, Ingrid Smuts, Hennie van Coller, Naomi Morgan, Jaap Steyn

Agter v.l.n.r.: Sanette Smit (Shenk), Anthea van Jaarsveld, Ida Meiring, Bernard Odendaal, Irma Loock, Cilliers van den Berg, Lizette du Preez, Angelique van Niekerk, Annette de Wet

In 1997 was Andries Snyman (voormalige professor in Grieks) die dekaan. Die ander kandidaat was prof. Klaus von Delft (hoof van die Departement Duits) wat later 'n kollega van my geword het deur die samesmelting van die departemente Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans. Snyman, die destydse viserektor, Chris Smal én rektor Stef Coetze, was instrumenteel in my aanstelling as uitstaande professor in 1997. Ten tye van my aanstelling was daar 'n handjievol uitstaande professore, ondermeer Danie Strauss, Kallie Strydom, Johan Henning en Frederick Fourie.

Ek het rondom 1997 lid geword van die UB (die huidige Uitvoerende komitee van die senaat) én later van die Eregraad-komitee as senaatsvertekenwoordiger. Vir my was dit 'n reuse eer dat die belangrikste verteenwoordigende liggaam van die UV my verkies het en ek het my plig getrou probeer nakom.

In hierdie tyd was ek vir twee termyne voorsitter van die Afrikaanse Letterkundevereniging en 10 jaar hoofredakteur van *Stilet*, hoewel Bernard hier die werklik harde werk van teksversorging en -redigering gedoen het. In 2007 tot 2009 was ek voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie

dolos



vir Wetenskap en Kuns en kon ons die luisterryke Eeu feesviering in 2009 in Bloemfontein aanbied. Ek het ook onsuksesvol deelgeneem aan dekaansverkiesings; eers teen Danie Strauss en later teen Gerhard de Klerk. Ek is uitgenooi na 'n onderhoud vir die aanstelling van 'n dekaan in Stellenbosch. By die NWU was ek suksesvoller. Ná 'n besoek aan Potchefstroom het ek besef dat ek moeilik daar sou kon woon en het daarop my aansoek teruggetrek.

Die laaste jare van my departementshoofskap staan duidelik in die teken van veranderende eksterne omstandighede: ekonomies én polities. Stef Coetzee en Frederick Fourie se "draaistrategie" was 'n poging om die Universiteit se benarde ekonomiese situasie (deels ook te wyte aan te veel bevorderings in die hoër posvlakke) om te keer en uiteraard was rasionalisasie een van die opsies op tafel. Dit het geleid tot die "uitdiensstelling" van personeel, soos dit eufemisties genoem is, asook die uitfasering van bepaalde departemente (soos Latyn, Grieks en algemene taal- en literatuurwetenskap) en die samevoeging van bepaalde departemente (soos Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans).

In die Departement Afrikaans en Nederlands was daar groot spanning omdat ons topswaarstruktuur ons uiters kwesbaar gemaak het en verskeie personeellede het pakkette geneem.

'n Gevolg van die rasionalisasie was die samevoeging van die drie departemente Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans. Engels weer sou Grieks en Latyn inkorporeer. Later is die struktuur van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (wat nou finansieel gesonder was omdat die twee professore in onderskeidelik Frans en Duits, Hannes Joubert en Klaus von Delft, se poste nooit gevul is nie) weer eens belas met die inkorporering van twee personeellede van die Departement Afrikaans van die plaaslike tak van VISTA (soos dit toe geheet het), wat oorgeneem is deur die UV, dr. Matilda Smith en me. Corlietha Swart.

Bernard Odendaal, saam met wie ek tale artikels geskryf het, is teen 2012 aangestel as direkteur van die ATKV-Skryfskool by NWU en ook bevorder tot vol-professor. Bernard se pos het taamlike belangstelling gewek en daar was knap kandidate: onder andere Ihette Jacobs, Alwyn Roux en Burgert Senekal. Senekal was die seun van Jan Senekal wat my bepaald positief gestem het. Maar ek het hom veral verkies omdat hy toe reeds artikels gepubliseer het in teenstelling met die ander kandidate.

In 2012 het ek 'n belangrike navorsingstoekenning gekry: aanstelling as senior navorsingsgenoot van EURIAS met standplaas te Brussel. Daarom was ek van Augustus 2012 tot einde Junie 2013 in Brussel besig met navorsing vir my Nederlandse literatuurgeskiedenis.

Die departement het stylvol van my afskeid geneem met 'n heerlike onthaal en mooi geskenk en 'n *Dolos* aan my opgedra. Anthea het selfs 'n uitgawe van *Stilet* aan my gewy. Ek was 36 jaar verbonde aan die UV as dosent; 31 jaar as professor; 27 jaar as departementshoof.



dolos

5. Daniel Hugo

Ek was van 1980 tot 1988 'n lektor in die departement. Gedurende dié tyd het ek die tweede semester van 1986 vir George Weideman, wat met langverlof was, ingestaan by die Akademie vir Tertiêre Onderwys (deesdae die Universiteit van Namibië) in Windhoek. Ek het in Windhoek grootgeword en in 1972 aan die Hoërskool Jan Möhr gematrikuleer. Ná my studie aan die Universiteit van Stellenbosch (1973-1976) en my twee dienspligjare het ek in 1979 'n jaar lank skoolgehou by die Senior Sekondêre Skool Ella du Plessis in Khomasdal, die bruin woonbuurt van Windhoek. My pa was die grootste deel van sy lewe 'n predikant van die N.G. Sendingkerk in Khomasdal.

Tydens my dienspligtyd in Pretoria het ek aan die Universiteit van Pretoria my MA-verhandeling ("Brandaan" van D.J. Opperman as verwerking van 'n Middelnederlandse teks, 1979) onder die leiding van A.P. Grové voltooi. Opperman se poësie was die formidabele lees waarop ek aanvanklik my eie verse geskoei het. Ek was ook 'n proefkonyn in sy Letterkundige Laboratorium op Stellenbosch.

In 1983 het ek vir 'n jaar lank aan die Katholieke Universiteit van Leuven in België gestudeer. Dit was nagraadse studieverlof met volle salaris van die UOVS – 'n lewensveranderende ervaring. Ek sal die twee universiteite altyd dankbaar wees. Dit is merkwaardig dat dit moontlik was in die tyd toe die Lae Lande 'n kulturele boikot teen Suid-Afrika gehandhaaf het. My seun George André is in Leuven gebore. Die digbundel *Breekware vir die revolusie* (1984) is geïnspireer deur ons verblyf in België. My kennismaking daardie jaar met Nederlands as 'n lewende taal het die grondslag gelê vir my latere loopbaan as vertaler van Nederlandse en Vlaamse skrywers.

In my Bloemfonteinse tyd was daar twee departementshoofde: Jan Senekal en Christo van Rensburg. Met Christo se entoesiastiese aanmoediging het ek aan die groot RGN-projek oor Griekwa-Afrikaans deelgeneem. Ek het geskryf oor die gebruik van Griekwa-Afrikaans in die letterkunde. Destyds was dit beperk tot G.R. von Wielligh en S.J. Pretorius. Thomas Deacon, Hans du Plessis en ander het eers later bygekom.

In die departement het ek hoofsaaklik die Afrikaanse en Nederlandse digkuns gedoseer – meestal voorgraads. Een student het onder my leiding sy MA-graad verwerf: Andreij Horn oor die sonnette van R.K. Belcher. Ek het ook 'n slypskool vir aspirant-digters op die kampus aangebied. Een van die groot doseerplesiere was om R.K. Belcher se volkskwatryne (*So is die lewe vir een pond sewe*) met die regstudente te behandel. Hulle was destyds – net soos die verpleegkundestudente – verplig om 'n kursus in Afrikaans te volg.

Self het ek my D.Litt. in 1988 aan die UOVS verwerf: *Die digter en sy middele: 'n Ondersoek na die vernufpoësie in Afrikaans*. My studieleiers was J.C. Kannemeyer, H.P. van Coller en Marius Scholtz. Na 'n teoretiese inleiding en algemene oorsig van die vernufpoësie in Afrikaans, het ek twee digbundels in besonderhede ontleed: Merwe Scholtz se *Grimas* en J.C. Steyn se *Die grammatika van liefhê*. Marius Scholtz, my een studieleier, was die broer van Merwe Scholtz. Marius was destyds verbonde aan die UOVS se Departement Literatuurwetenskap.

In Bloemfontein het ek onder die sterk aandrang – maar nie teen my sin nie – van kollega Charles Malan 'n lid van die Afrikaanse Skrywersgilde geword. By 'n beraad op Maselspoort ontmoet ek onder talle ander skrywers vir Etienne Leroux. Daarna gaan kuier ek 'n paar keer

dolos



op sy plaas naby Koffiefontein – saam met Charles Malan, J.C. Kannemeyer, die Nederlandse skrywer Gerard Reve en ander. Stephen le Roux die mens het 'n ewe groot indruk op my gemaak as Etienne Leroux die skrywer.

Ek was vyf-en-twintig jaar oud toe ek die aanstelling in die departement gekry het. In die nege jaar wat ek aan die UOVS verbonde was, het ek die mens geword wat ek vandag is.



Personnel 1988: Front v.l.n.r.: A.H. Klopper, J.C. Steyn, A.G. Jenkinson, A Viviers, C.J. van Rensburg (department head), G.J. van Jaarsveld, H.P. van Coller, J Senekal, L.S. Venter

Middle v.l.n.r.: L du Toit, H Blom, L van Eeden, D Hugo, I Loock, A Venter, A.S. de Wet

Back v.l.n.r.: H Dreyer, C Jacobs, R Botha, W Botha

Boekversamelaars gru meestal van bekrapte boeke. Op my boekrak staan daar so 'n boek, maar dit is een waarvan ek nooit ontslae sal raak nie.

In J.C. (Jaap) Steyn's *Sonkyker* (2008), skryf hy onder meer oor die tydjie in 1988 wat ek by hom in Bloemfontein geloseer het. My huwelik, my lektorsloopbaan en my proefskrif was toe in hulle onderskeie doodsnikke. Soos reeds genoem: die proefskrif het oor die vernufpoësie in Afrikaans gehandel, met die gedigte van Merwe Scholtz en J.C. Steyn as my eintlike ondersoekterrein. Dit was natuurlik 'n groot voorreg én voordeel om 'n inwonende gas by een van my navorsingsonderwerpe te wees.

Jaap se meenthuis was inderwaarheid 'n bewoonde biblioteek. Daar was oral boeke, selfs in sy kombuiskaste. Jaap vertel self verder:



dolos

Daniel se vierjarige seun, George, het ná 'n besoek vertel van die groot 'apteek' in my huis, waarmee hy die biblioteek bedoel het. Maar sy pa het net letterkunde, boeke oor die letterkunde en biografieë van skrywers daaruit gelees en vir al die ander interessante goed in my 'apteek' sy neus opgetrek.

Uit nostalgie gaan haal ek weer Jaap se digbundel *Die grammatika van liefhê* (1975) uit my rak. Die gedigte is intensief geannoteer deur die ywerige doktorsgraadkandidaat. Voorin staan my naam met plek en datum van aanskaffing: "Majuba, Stellenbosch, 1976". Die honneursstudent en inwoner van die Majuba-koshuis sou in 1976 natuurlik nooit kon raai dat hy 'n dekade later dieselfde bundel lettergreep vir lettergreep sou bestudeer onder dieselfde dak as die digter nie.

Ek blaai deur die boek en verwonder my oor die vreemde woorde wat langs die verse in potlood geskryf staan: apokoinou, paronimie, homonimie, homofonie, polisemie, ikonisiteit ... Soveel geleerdheid wat met die jare verdoof het!

Ek kom op 'n gedig af wat met 'n dik streep deurgehaal is, en skielik onthou ek. Toe ek Jaap oor een of ander duisterheid in die gedig vra, gryp hy die potlood uit my hand en trek die streep daardeur met die opmerking: "Dis louter stront!" Dit is die strengste voorbeeld van selfkritiek wat ek al by 'n digter teëgekom het. Ek het so groot geskrik dat ek die gedig toe nie in my proefskrif bespreek het nie.

Jaap Steyn was nog altyd redelik pessimisties oor die voortbestaan van Afrikaans. Die titel van hierdie afgekeurde gedig is "Einde", en die volgende uitspraak kom daarin voor: "Êrens het 'n taal 'n geslote boekery geraak, 'n afgesluite hoofstuk".

Sou Jaap se daad van vandalisme dalk ook selfkritiek kon wees op sy donker siening oor die toekoms van Afrikaans? Sy jongste publikasie is die magistrale geskiedenis van Afrikaans as kultuurtaal en heet "*Ons gaan 'n taal maak*" – *Afrikaans sedert die Patriot-jare* (2014). Sy hoopvolle slotwoorde en raad aan Afrikaanssprekendes is: "Skep 'n eie toekoms".

Hoe dit ook al sy: die paar weke in J.C. Steyn se geslote boekery was van die leersaamste in my lewe. In daardie apteek kon ek ook rus en genesing vind gedurende 'n onstuimige tydperk van my bestaan. Daarvoor sal ek Jaap ewig dankbaar bly.

6. Louie Swanepoel

Ek het in 1976 as eerstejaarstudent ingeskryf vir Afrikaans Nederlands as hoofvak. My liefde vir die taal en die vak het gegroei weens dosente soos prof. Gerard Beukes, dr. Charles Malan, prof. Jan Senekal, prof. Jarries van Jaarsveld en prof. Alf Jenkinson. Laasgenoemde twee het vir my geleer van Noam Chomsky, hoe om boomdiagramme te teken, om oppervlakte- en dieptestrukture te ontleed en dit het later 'n geliefde tydverdryf geword om tydens lang vergaderings boomdiagramme te teken om die tyd om te kry. My groot belangstelling het egter gelê in die semantiek – die betekenis agter die betekenis van woorde.

Na my honneursjaar het ek 'n aanbod aanvaar om as navorsingsassistent by die departement te begin werk terwyl ek my studies in Afrikaans voltooi het. Die semantiek- en pragmatiekprojek is geïnisieer en die eerste publikasie in Pragmatiek in Suid-Afrika is gepubliseer.

dolos



Tydens my jare in die departement is daar aan wonderlike projekte gewerk: die Variasietaalkunde, Griekwa-Afrikaansprojek, die Leroux- en André P Brink-projek; daar is geskryf oor Kaapse Afrikaans, Oranjerivieraafrikaans, aanleerdersvariëteite – te veel om op toe noem. Ek het die taak gekry om die eerste rekenaar-database vir semantiek en pragmatiek te ontwikkel – ‘n eerste vir die Universiteit in die vroeë tagtigs – die opdrag aan my was altyd: *‘Moet asseblief nie die rooi knoppie druk nie, want dan gaan die hele rekenaarnetwerk van die Universiteit af...’*


Teetyd in die departement met al die jong klomp wat destyds daar gewerk het, was ‘n luidrugtige belewenis. Daar is gefilosofeer, geluister na stories van Alf Jenkinson, Carina Francke, Alida van der Merwe, Annette de Wet, Riana Scheepers, Hermien Kloppers, ensovoorts. Ek is bevoorreg om later my professoraat in hierdie taaldissipline te kon verwerf.

Ek was vanaf 1994-2013 by Unisa werksaam en is sedert 2013 aangestel as senior bestuurder Akkreditasie by die Raad van Hoër Onderwys.

7. Theo (Theodorus) du Plessis

Januarie 1982 – Maart 1987.

Ek het grootgeword in verskillende dorpe en stede in die destydse Natal, onder meer in chronologiese orde Ladysmith, Durban, Swinburne, Babanango, Durban, Coronation, Vryheid, Vuleka) en gematrikuleer aan Vryheid Hoërskool, 1972. Daarna studeer ek aan die UOVS: 1975-1976 en weer vanaf 1981-1992). My hoofvakke was Afrikaans-Nederlands en Voorligting Sielkunde en tydens my honneursjaar doen ek hoofsaaklik taalkunde maar ek moes destyds ook ‘n module in letterkunde aanbied. Daarna volg ‘n MA (navorsings-M in Afrikaanse taalkunde, 1983) met die titel “n Kritiese beskouing van die identifikasie van die Afrikaanse taalbewegings en hulle funksies” en ‘n PhD “Die evaluering van taalbeplanningsprosesse en aanbevelings vir die oplossing van taalbeplanningsprobleme in Afrikaans”, 1992. Prof. Christo van Rensburg was telkens die studieleier.



Theo du Plessis en Louis Venter tydens ‘n veldwerksessie



dolos

Dosente wat my besonder geïnspireer het, was Charles Malan (letterkunde) en Christo van Rensburg (taalkunde). Alf Jenkinson en Christo van Rensburg het my as derdejaarstudent by navorsing begin betrek terwyl Daniel Hugo my skryfmentor en braaigenoot was. Taalvariasie (aangebied deur Christo van Rensburg) was vir my die interessantste vak. Christo het 'n groter wêreld vir ons oopgemaak en my van sosiale en politieke onreg bewus begin maak, wat aanleiding gegee het tot die skryf van my magister en 'n betrokke raak by die sogenaamde Alternatiewe Afrikaanse beweging, wat uitgeloop het op die Taal en Stryd-kongres wat ek in 1989 aan die destydse Universiteit van Natal in samewerking met kollegas Afrikaans aan die UWK georganiseer het. Dit het uiteindelik gelei tot my betrokke raak by die National Language Project van Neville Alexander in Observatory. Ek is uiteindelik hier aangestel as lid van hulle bestuursraad tot en met die ontbinding van die projek teen eeuwending. Christo se module Taalvariasie het indirek dus vir my deure geopen!

Ek onthou ook vir meneer Louis Van Eeden wat taalgeschiedenis aangebied het – 'n nederige en minsame persoon wat gesteld was op kwaliteit. Jy kon hom nie met allerlei verhaaltjies om die bos lei nie. Ek onthou ook vir Andries Klopper wat Afrikaans vir die onderwysstudente aangebied het, as 'n beginselvaste persoon wat ingestel was op korrektheid – nie net van taal nie. Dan was daar ook die flambojante Jan Senekal wat vir ons Sisteemteorie (literatuurwetenskap) aangebied het, 'n vak waarvan ons geen snars begryp het nie, maar waarin ek heelwat aande in die destydse biblioteek in die Brill-gebou deurgebring het – op die vloer waar die Navorsingsdirektoraat nou gehuisves word. Daar was ook Daniel Hugo met wie ek my eerste kantoor in die hoofgebou gedeel het (nou die kantoor van die rektor se sekretaresse) en my graag verhale laat vertel het. André Viviers het ons belangstelling in die Afrikaanse teater gestimuleer, terwyl Louis Venter vir sy Bart Nel bekend was.


Ek onthou ook persone wat gaslesings kom aanbied het en besondere indruk gemaak het. Ek lys hulle graag: Oom Bill, wat oor Daljosefat se rol by die totstandkoming van Afrikaans kom praat het. Formidabele oom Petrus Nienaber (toe reeds ereprofessor) wat jaarliks oor NALN en hulle boekery kom praat het. Natuurlik ook die flambojante en welsprekende André Brink, wat ons geleer het om elke dag van jou lewe ten minste een goeie paragraaf te skryf.

Frits Ponelis se besadigde en goed gestrukteerde lesings het altyd indruk gemaak. Sy sintaksis was ondanks Rudi Botha en ander taalwetenskappers se kritiek logies.

Christo se groot vriend uit Vlaandere, Carel, het fassinerende lesings oor die wisselwerking tussen kunswerke en poësie gelewer. Sy verwarring oor twee dae heen oor wat 'n Griekwa is omdat hy desondanks ons uitvoerige verduidelikings nie enige van ons segsmanne as Griekwas kon identifiseer nie, het ons veel pret verskaf. Paardekoper! Sy praatjies was meesleurend – veral dié oor sy taalaktivistiese optrede in Brussel (by die weinige geleenthede wat hy hom daar bevind het – hy was maar 'n soort kluisenaar). Sy taalkunde was vir my wel grootliks onbegrypbaar, iets waарoor hy hom verkneukel het. Ek het hom die Kimberley Gat gaan wys – onderweg (nog op die "ou Kimberleyweg") het hy opgemerk, "Maar hier is dan niks".

Paul Roberge is vandag 'n groot naam in die Afrikaanse taalhistoriografie. Sy uit-'n-boekgeleerde Afrikaans was werklik prettig om te beleef. Ons het tydens sy eerste besoek 'n kantoor gedeel. Hy het my geleer om koffie reg (in plaas van koffie verkeerd) te drink – swart en bitter en verkieslik van vars gemaalde bone. Natuurlik onthou ek ook vir Bruce Donaldson van Australië wat sy PhD oor Afrikaans onder Christo kom doen het en toe Mandy, die vrou wat

dolos



elke hubare man op die kampus se bene laat knak het, saam met hom teruggeneem het. Ons het al die data oor die invloed van Engels op Afrikaans deurloopend, maar meestal onwetend aan hom verskaf. Hy had altyd sy notaboekie byderhand.

Na my aanstelling as dosent doseer ek Verkenning van Afrikaans (vir eerstejaars), Morfologie (vir tweedejaars), Taalvariasie (vir derdejaars) en honneurs; Naamkunde.

My navorsing en publikasies het gefokus op Taalbewegings, Taalbeleid- en taalbeplanning (steeds).

Ek is in 1985 getroud met Colleen Lynne du Plessis (nou gedoktoreerde senior lektor in Taalonderrig in die Departement Engels), en ons het twee kinders Jean-Pierre Louis du Plessis, gebore te Durban 1988 en Arriele Ashira Mènan du Plessis, gebore te Windhoek 1990.

Hoogtepunte oor die jare heen was daar vele, o.a. Christo van Rensburg se RGN-projek, Gesproke Afrikaans: Die Afrikaans van die Griekwas (1980-1984) asook sy navorsingsprojek, Taalhandelinge (twee boeke onder sy redakteurskap het hieruit gevloeи en bykans die hele departement het meegewerk).

8. Annette de Wet

Ek het in Bloemfontein groot geword en in 1975 gematrikuleer. Daarna is ek na die Universiteit van Stellenbosch waar ek 'n BA en HOD (Hoër Onderwysdiploma) deurloop het. My hoofvakke was Afrikaans-Nederlands en Algemene Taalwetenskap. Welbekende dosente soos Johan Combrink, Frits Ponelis, Lina Spies, John Kannemeyer, W.E.G. Louw, en D.J. Opperman – het my 'n wêreld van taal laat beleef wat my geïnspireer het om uiteindelik verdere studies hierin te onderneem.

Hierna het ek twee jaar in Vishoek by *Fish Hoek High School* Afrikaans Eerste Taal vir (toe nog) leerlinge in standerd 6 tot matriek gegee.

My eerste kennismaking met die departement was in 1982 toe ek honneurs in Afrikaans en Nederlands deurloop het. Die noue kontak met dosente in 'n kleiner klasopset het daartoe bygedra dat dit een van my lekkerste akademiese jare was. Die jaar daarop het ek die voorreg gehad om aan die navorsingsprojek van prof. Christo van Rensburg: gesproke Afrikaans: *Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare* mee te werk. Dit was 'n besondere ervaring, en ek het ook medewerkers van ander universiteite leer ken, soos onder andere prof. Hans du Plessis aan die destydse Universiteit van Potchefstroom. Hierdie projek is opgevolg deur die ondersoek na die *Afrikaans van die Richtersveld*. Belangstelling in hierdie ondersoeke was baie groot en ons moes kopieë van die verslae stuur aan mense oral oor die land, sowel as in die VSA en Europa. Ek het ook 'n reeks praatjies oor die radio aangebied (toe nog die SAUK Afrikaans Radio) wat in die program *Die taal Wat Ons Praat* uitgesaai is.

In 1986 het ek onder leiding van prof G. van Jaarsveld en Alf Jenkinson 'n MA behaal met die titel *Die indirekte voorwerp in Afrikaans: semantiese en sintaktiese perspektiewe*. Die data het noodwendig naamwoordelike konstruksies met "vir" bevat. Een van die sinne uit die boek "Fielo se Kind" (wat ek verder aangepas het vir die doel van die studie), sal my altyd bybly: in "As jy klaar vir haar vir 'n broek vir jou gelees het dan lees jy vir haar vir my vir 'n rok, hoor?" Ek het op verskillende sintaktiese prosesse gewys wat in hierdie soort konstruksies 'n rol speel.



Later, op 'n linguistiek-kongres, het een van die dosente van 'n ander universiteit vertel dat hy gedeeltes uit my verhandeling vir sy honneursklas gebruik.

Vanaf 1983 het ek gevorder vanaf navorsingsassistent tot vakkundige beampete en in 1989 het ek 'n aanstelling as junior lektor gekry, in 1990 is ek bevorder tot lektor en later ook tot senior lektor.

My proefskrif onder leiding van prof. Jarries en dr. Alf Jenkinson het oor swart sprekers se niemoedertaalvariëteit van Afrikaans gehandel, 'n studie aan die hand van Selinker se intertaalteorie. 'n Staaltjie ten koste van myself: Op 'n LVSA-kongres lewer ek 'n lesing oor die intertaalkenmerke van Oranjerivierafrkaans en Swartafrikaans. Ek is baie gespanne om voor die groep akademici te praat en na 'n tydjie steek iemand hand op: "Annette, stop! Stop!" Die gehoor lag lekker. Blybaar praat ek toe al van Swartrivierafrkaans en Oranjeafrikaans!

Mettertyd het Taalvariasie/Sosiolinguistik my verantwoordelikheid geword en ek het dit op voorgraadse sowel as nagraadsevlak aangebied.



Naomi Morgan, Jaap Steyn en Annette de Wet

In die negentigerjare begin Geesteswetenskappe se studentegetalle landwyd ingrypend daal en ons fakulteit gaan deur 'n traumatische proses van aflegging waartydens kollegas vrywillige pakkette aanvaar.

Daar volg 'n tydperk waarin seminare gehou word oor die belang van die Geesteswetenskappe. Hierdie tydperk word opgevolg deur werkswinkels en seminare oor die belangrike rol van moedertaalonderrig in suksesvolle skoolonderrig. Die departement reël 'n dagseminaar met sprekers van oraloor, ook Kathleen Heugh vereer ons met haar teenwoordigheid en lewer 'n hartstogtelike hoewel akademies-gegrondte pleidooi om ons land se onderwys te

dolos



red met behulp van moedertaalonderwys. Die lesings van hierdie dag is gepubliseer in 'n Supplement by Tydskrif vir Geesteswetenskappe Desnieteenstaande gaan 'n onstuitbare taalveranderingsproses voort – by die UV en in ons land.

Ek het die sosiolinguistiek geweldig geniet en kon dit ook kombineer met my belangstelling in die letterkunde. Vanaf 2000 het ons in honneursklasse gekyk na kenmerke van taalgebruik van sekere groepe, byvoorbeeld ouderdomsgroepe soos tieners (soos dit voorkom in die boek *Vis in die Punch* van Jackie Nagtegaal), en sosiale groepe, voorstedelike, sosio-ekonomiese groepe soos beskryf in Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie*.

Hierdie belangstelling vloei oor in lesings op linguistiekongresse, in meestersgraad-verhandelinge (deur Petro du Preez en Riana de Beer) en in publikasies.

Die departement was altyd baie betrokke by samelewingsdiens, ook by die onderwys, en het lesings en kursusse aangebied vir leerders sowel as onderwysers. Ons was betrokke as beoordelaars vir die Afrikaans Ekspo en het ook slypskole vir leerders aangebied.

In 1989 en 1990 was ek en Hester Dreyer saam met prof. Jarries by 'n projek te Bochabela-skool betrokke. Ons het weekliks lesse uitgewerk, liedjies geskryf, speletjies saamgestel en hulpmateriaal laat maak om deur middel van die kommunikatiewe metode swart leerders in standerd 3, 4 en 5 te help om hul Afrikaans te verbeter. Hierdie projek het onder Kovsgem sorteer en een keer 'n week het ons met 'n groot bus vol studente (ongeveer 30 studente) die skool besoek, daar in klein groepies verdeel en dan het die studente hul les aangebied. Die projek was 'n wonderlike geleentheid vir die studente sowel as die leerders; dit is egter ongelukkig gestaak omdat die Onderwysdepartement ons betrokkenheid daar nie goedgekeur het nie.

Ek onthou ook die weeklange program wat vir tien jaar deur ons departement aangebied is aan leerders wat in die Afrikaanse Olimpiade presteer het. Dit het 'n opwindende program behels wat leerders blootstelling gegee het aan allerlei onderwerpe – vanaf joernalistiek tot kreatiewe skryfwerk tot televisie-draaiboekskryf. Vanaf 1993 is die program na die Universiteit van Pretoria geskuif.

In die negentigerjare het ek vir 'n hele aantal jaar die departemente **Studentevereniging** onder my vlerk gehad. Daar was altyd baie entoesiastiese voorsitters en komiteelede, waaronder Du Preez Strauss, Liezel van Coller, Jan-Ad Stemmet en Jaco Jacobs. Funksies en aksies wat my bybly, is die volgende: die besoek aan die Qwa-Qwa-kampus; die ontbyt wat in 1998 vir dames van die publiek aangebied is met prof. Van Coller wat 'n lesing aangebied het, getiteld "Die vrou in die Afrikaanse letterkunde"; 'n kampvuuraand in 1999 met George Weideman as gas; die musiekaand "Houtgeweer" wat in 1999 by die Oorlogsmuseum aangebied is met Coenie de Villiers en Lukas Maree, asook die optrede van Johannes Kerkorrel in die Wynand Moutontreter. In 1997 en 1998 besoek ek saam met die studente ook die KKNK te Oudtshoorn.

Dan was daar ook ons departement se betrokkenheid by die UV se klasse in Kimberley op Vrydaggaande en Saterdagoggende. Dit was 'n aangename ervaring wat daartoe bygedra het dat ons ons kollegas uit ander departemente beter leer ken het.

My betrokkenheid by die Bybelvertalingsprojek sedert 2006 was een van die hoogtepunte in my loopbaan. Ek het in verskeie hoedanighede meegewerk, as lid van die taalkundige advieskomitee, as intravertaler by die boek Josua, sowel as taalkundige by verskeie Bybelboeke – 'n taak waar ek my liefde vir die taal sowel as vir die Bybel kon kombineer.



dolos

Vanaf 2010 het ek aan die EuroCom-projek onder leiding van Janet Duke (Universiteit van Freiburg, Duitsland) saamgewerk waarin Germaanse tale beskryf is met die oog op die verwerwing van 'n passiewe leeskennis van Germaanse tale: "Germanische Sprachen lesen lernen." (Om Germaanse tale te leer lees). Ek het Afrikaans, as deel van die groter Germaanse taalgroep, binne die voorgeskrewe raamwerk beskryf. Die boek is in 2019 as Band 2 gepubliseer in 'n opvolg op Band 1 wat in 2007 verskyn het.

In 2007 loods ek en Irma Loock 'n ondersoek na die leesvaardigheid van leerders in verskeie skole in Bloemfontein. Ons is geskok in die resultate – die oorgrote meerderheid van kinders lees geen boeke nie, ook nie eens die boeke wat op skool voorgeskryf is nie. Daarna, in 2009 volg ons die navorsing op onder onderwysstudente aan die UV – met dieselfde resultate.

Ongeveer vanaf 2006, 2007 het die universiteit die noodsaak van taalkursusse vir alle studente ingesien en akademiese geletterdheidskursusse in Afrikaans en Engels is as verpligte vakke ingestel vir alle studente wat 'n spesifieke taaltoets nie geslaag het nie. Op grond hiervan ontwikkel ons 'n taalkursus vir hierdie groep studente. Hierdie kursus het mettertyd gegroei en meer gespesialiseerd geraak en in 2012 skuif hierdie geletterdheidskursusse in Afrikaans en Engels na die Sentrum vir Onderrig en Leer.

Vanaf 2012 was ek in diens van die Sentrum vir Onderrig en Leer (*Centre for Teaching and Learning*) waar ek die hoof was van die Afrikaanse afdeling van die Eenheid vir Taalontwikkeling (*Unit for Language Development*). In 2016 – 2018 beklee ek die pos Assistantdirekteur (*Assistant Director*) in hierdie Eenheid.

Om 'n lid te wees van die departement was 'n geweldige verrykende ervaring en ek sal altyd al my kollegas dankbaar bly vir die stimulerende omgewing. Die kennismaking met talle besoekers en uit verskeie lande en terreine is een van die groot voordele van 'n lewendige departement soos hierdie. Daar was vele hoogtepunte soos die bywoning van kongresse, werkswinkels en seminare wat jou bestaande kennis konfronteer en uitbrei. Soos soveel ander dosente aan die Suid-Afrikaanse universiteite kon ek ook in Junie/Julie 1996 België (Gent) en Nederland (Utrecht) besoek vir die Nederlandse Taal-en-Kultuurkursus. (Moontlik gemaak deur die Nederlandse Taalunie.) Dit was my eerste kennismaking met Europa – 'n ervaring wat in alle opsigte my horisonne verbreed het.

Een van die verdere hoogtepunte wat ek kan uitlig, was in 2005 toe ek as gasdosent sosiolinguistiek aan die Katolieke Universiteit, Leuven doseer het. Ek en Angelique van Niekerk het die tydperk daar gedeel om dit haalbaar te maak om so 'n lang tyd van die huis weg te wees. Die entoesiastiese studente in die sosiolinguistiekklas was 'n belewenis! In die klasse van ander dosente in daardie departement het ek meestal oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans gepraat.

Ek is getroud met Chris de Wet en ons twee kinders het tot vier aangegroei: Melius en Christa de Wet en Madreez en Herman Pretorius. Ons is ryklik geseen met 6 kleinkinders.

dolos



9. Riana Scheepers

Ek was akademiese assistent vir prof. Hennie van Coller (en die Letterkundedosente) vanaf 1985-1988. In dié tyd het ek enkele klasse gegee, maar was nooit dosent nie.

Ek het met 'n beurs studeer. Aangesien my ouers nie vermoënd was nie, was dit vir my ontsettend belangrik dat ek akademies voortreffelik moet presteer, want elke onderskeiding het my merietebeurs vir die volgende jaar verseker. Ek is eintlik jammer dat ek nie meer van 'n studentelewe gehad het nie; naweke het ek voor my boeke gesit. Maar dit was vir my lekker! (Ek was wel voorsitter van die Afrikaans-Nederlandse Vereniging.)

Prof. Jan Senekal het my een Vrydagmiddag by die biblioteek gekry, net toe ek uitstap met 'n arm vol boeke. Hy het gevra watter jaar ek is (ek was 'n eerstejaar). Hy het my keuse van boeke só bekyk en toe vir my gesê: "Dis nie nodig vir 'n eerstejaar om nou al Van Gorp te bestudeer nie!" (Hy was verkeerd.)

Dr. Charles Malan, daarenteen, het my altyd aangemoedig om so wyd as moontlik te lees, nooit het hy my keuses bevraagteken nie.

Ek het grootgeword en gematrikuleer op Vryheid, Kwa-Zulu Natal (1975). Ek was student aan die UOVS van 1976-1988 (met 3 jaar onderbreking tussen 1979 en 1982). Ek het die grade BA Kommunikasie, (1978) BA Honneurs Afrikaans en Nederlands (1984) en toe MA, Afrikaans en Nederlands, (1987) behaal. (Al my grade met onderskeiding.) My honneursvakke was hoofsaaklik letterkundevakke, maar ek het ook Semantiek by prof. G.J. van Jaarsveld gedoen (spyt ek kon nie daarmee aangaan nie!)



Riana Scheepers, Hennie van Coller en Wilna Botha



dolos

Prof. H.P. van Coller was my MA-studieleier. Titel van verhandeling: *'n Onderskeiding tussen leë en betekenisdraende tekens in die literêre kommunikasieproses, geïllustreer aan die hand van Koos Prinsloo se Die Jonkmanskas.*

Ek het my PhD (1997) voltooi by die Universiteit van Kaapstad (waar ek dosent was) met prof. C.N. van der Merwe as studieleier. Titel van my proefskef: *Die verhouding feit:fiksie in die kortverhaalbundels van Koos Prinsloo*. 'n Publikasie van my proefskef is gepubliseer as *Koos Prinsloo: Die skrywer en sy geskryfdes*. (Kaapstad, Tafelberg, 1998.)

Ek het nooit by UOVS doseer nie – slegs enkele prosa-klasse gegee wanneer prof. Van Coller per geleentheid nie beskikbaar was nie. Ek het nie in dié tyd by die departement onafhanklike navorsing gedoen nie, slegs dit wat op my eie studieveld van toepassing was. Ek het egter hulp verleen aan die Leroux-navorsingsprojek. Wilna Botha was verantwoordelik vir dié navorsing en ek het haar per geleentheid bygestaan. Dit was egter nie my verantwoordelikheid nie.

Iets wat dikwels gebeur het, en vir my nogal hartseer was, is die feit dat soveel mense hul akademiese boeke, of boeke in die algemeen, aan die departement wou skenk. En dan moes ek hulle telkens laat weet, jammer, ons kan dit nie ontvang nie. Ons is letterlik oorval met skenkings, maar ons het nie boekrak-spasie in ons kantoor gehad nie. Ons het wel 'n versameling gehad met waardevolle letterkundige Africana wat in die assistente se kantoor was. Prof. Van Coller het deur die skenkings gegaan en die keuse gemaak watter boeke gehou word.

Ek weet dat ons (dis nou ek en Wilna Botha wat die kantoor gedeel het) met nóg 'n ontvangs van *Kern en Too!* bietjie oorboord gegaan en begin rym het. Die tweede eksemplaar het ons *Kern en Strooi* genoem. Die derde een was *Kerm in die Kooi* - en helaas, tot my skaamte, was die vierde eksemplaar genoem *Sperm in die Ploo!* (Ons het geys vir die vyfde eksemplaar wat gaan kom.) Hiervan het die waardige dosente natuurlik niks geweet nie. (Hopelik nie.)

Studente het dikwels hul werkstukke en take by ons kantoor kom afgee, waarna ek of Wilna dan die taak by die regte dosent se kantoor afgegee het. (Gewoonlik dié wat laat ingehandig is.) Een van die taalkundedosente in die departement was 'n besonder lae-energie persoon. Of laat ek liewer eufemisties sê, hy was nié die mees sprankelende mens op aarde nie. Op 'n dag kom 'n student daar aan en sê hy moet sy taak ingee. "Vir watter dosent?" vra ek. "Nee," sê die student, wat kennelik nie veel klas bygewoon het nie, hy het nie 'n idee wié die man is nie, "maar dit is so 'n rustige perd." Ek het oombliklik geweet wie die rustige perd is vir wie ek die taak moes gee.

Sy kollegas weet sekerlik dat die sober, besadigde en sensitiewe Alf Jenkinson 'n groot Elvis Presley-aanhanger was? (Naas sy kennis van klassieke musiek.) Ek het hom eendag in sy kantoor gevang dat hy "Blue suede shoes" sing terwyl hy 'n paar danspassies maak.

Miskien is my grootste prestasie toe ek die Universiteit van die Vrystaat se Kanseliersprys as Voortreflike Alumnus in 2019 gekry het. Ek is getroud met Johann Loubser, 'n regsgelerde en sakeman. My seuns is Floris Botha en Adriaan Botha.

My eie skryfwerk: Ek het verskeie tekste in verskillende genres geskryf: kortverhaalbundels, romans, 'n jeugverhaal, 'n digbundel, rubriekbundels, kinderverhale, radiodramas en 'n verhoogstuk. Ek het in 1990 'n televisiereeks geskryf vir (die destydse) Opvoedkundige Televisie terwyl ek dosent by die Universiteit van Zoeloeland was. (Leerbehoeftes van swart adoleessente. Draaiboek vir 'n televisiereeks van 52 episodes.) [Dit was 'n opdragstuk vir die SAUK TV: Afdeling opvoedkundige programme. 1988.]

dolos



Die meeste van my literêre werk is vertaal in Nederlands. My jeugroman *Blinde sambok* is verfilm (as *Meerkat Maantuig*) wat verskeie internasionale toekennings ontvang het. Ek was egter nie betrokke as draaiboekskrywer nie, alle eer aan Hanneke Schutte wat dit vervaardig het. Die boek was ook as Nederlandse vertaling (*Schorpioenkind*) op die kortlys vir die Vlaamse Kinderjurieprys. Van my werk is ook vertaal in Engels, Spaans, Frans en Esties.

Ek was samesteller van verskeie versamelbundels (kortverhale), 'n digbundel wat in Nederland verskyn het (*Verstaan my verlangste: liefdesgedigte in Afrikaans*), asook samesteller van drie bundels kinderverse. Ek was rubriekskrywer vir die Afrikaanse koerante (*Burger, Beeld en Die Volksblad*) asook die tydskrifte *De Kat, Rooi Rose, Tuis en Sarie*, asook die dagblad *De Morgen* in België.

Ek gee reeds die afgelope 25 jaar kursusse in skryfkuns en kreatiewe denke, hier in Suid-Afrika en Frankryk. My bydrae tot Geletterdheidsontwikkeling was en is steeds vir my baie belangrik. (Ek het nooit geld daarvoor gekry nie en sou dit ook nie aanvaar het nie.)

Ek het verskeie toekennings gekry vir my literêre werk, maar ek is baie trots op die spesiale prys wat ek gekry het van die Departement Landbou vir die bundel *Die melkweg het 'n ster laat val*. Ek was medesamesteller van dié bundel plaasverhale, (saam met 'n plaaswerker van ons plaas, Nicci Thabo). Die toekenning was vir die kulturele bydrae wat dié bundel in die landbougemeenskap gelewer het (2006). Ek is trots daarop, omdat ek in een bundel bekende skrywers se verhale kon plaas naas dié van ongeletterde plaaswerkens.

10. Naòmi Morgan

Ek het na 'n 7 jaar-verblyf in Switserland (1983 – 1989) waar ek aan die Universiteit van Genève studeer het, teruggekeer na die universiteit en departement waar my liefde vir Frans na 'n loopbaanmoontlikheid begin lyk het.

Ek was in die gelukkige posisie om Frans as 'n skoolvak te kon neem by een van die beste studente van die legendariese prof. Hannes Joubert, Sanette Badenhorst. Prof. Joubert en dr. Eugene Visagie was ook die skoolinspekteurs vir die vak in die Vrystaat, wat die oorgang van skool na universiteit vergemaklik het. Frans was 'n onafhanklike departement in die jare wat ek BA Tale, BA Honneurs (Frans) en MA (Frans) aan die Universiteit van die Vrystaat studeer het, en die dosentekorps was 'n goeie kombinasie van Suid-Afrikaners, Franse en Franssprekende Belge of Wale. Een van die kleurvolste dosente aan die einde van die 1970's was Madame Claire Massardo, wat uit die Belgiese Kongo na Suid-Afrika gekom het. In my tweede jaar op universiteit, in 1978, is Jacques Brel oorlede en Madame Massardo se huldeblyk aan haar landgenoot sou jare later die inspirasie wees vir my en Bernard Odendaal se Brel-vertaalprojek, wat op twee cd's en verskeie opvoerings, met Herman van den Berg as die Afrikaanssprekende Brel, sou uitloop.

Die taalopleiding is toevertrou aan die twee plaaslike dosente, prof. Joubert en dr. Visagie, en die uitstekende grammatikagrondslag wat hulle gelê het, sou later van onskatbare waarde wees toe literêre vertaling 'n integrale deel van die module-aanbod geword het. Prof. Joubert het baie waarde aan praktiese taalkennis geheg en het daarom in die polities-uitdagende 1970's en 1980's, toe boikotte teen Suid-Afrikaanse studente studie in die buiteland bemoeilik het, 'n au pair-netwerk op die been gebring om studente prakties vir verdere studie voor te berei.



Ander moedertaalsprekers wat as letterkundedosente 'n blywende indruk gemaak het, was Gérard Damerval, Philippe-Joseph Salazar, Pascal Gallez en Maud Marcinkowski. Die afgelope paar jaar is die dosentekorps volledig Suid-Afrikaans: Tanja Nel, en na haar vertrek oorsee, Albertus Barkhuizen, sorg dat studente uitstekende taalonderrig ontvang om die literatuur- en kultuurkomponent te kan hanteer.

My kans om oorsee te studeer, in 'n neutrale land, het in 1983 gekom, toe ek die Switserse Konfederasiebeurs verwerf het en 'n paar van die Universiteit van Genève se legendariese dosente as student kon beleef: Jean Starobinski, Lucien Dällenbach en veral die skrywer Michel Butor, wat later die promotor van my PhD in Woord- en Beeldstudies sou word. Ek ontvang my PhD van die Universiteit van Genève in 1990.

Met my terugkeer na Suid-Afrika en die Universiteit van die Vrystaat het prof. Joubert my vrye teuels gegee om module-inhoud te kies, wat aanvanklik sterk geïnspireer is deur lesings wat ek oorsee bygewoon het, onder ander oor Genève se beroemdste seun, Jean-Jacques Rousseau, en die dissipline wat ek in my PhD verken het, die vergelyking van woord en beeld in geïllustreerde romans, strokiesprente en filmweergawes van romans. Soos wat die politieke landskap verander het, het Frankofone letterkunde en kultuur 'n integrale deel van die moduleinhoud geword. Literêre vertaling, wat deel van my tradisionele opleiding op universiteit was, het ook 'n spesialiteitsgebied geword met opvoer-, navorsings- en kongresmoontlikhede.

Ek het die eerste keer in 1983 'n pos in die departement aanvaar, as junior lektrise verantwoordelik vir Frans Spesiaal en Frans 1 en 2. Met my terugkeer uit Switserland word ek in 1989 as lektrise en later senior lektrise aangestel en word in 1998 die hoof van die Departement Frans. In 2017 lewer ek my intreerede oor literêre vertaling in die taalpaar Frans-Afrikaans.



Personnel van afdeling Frans, 2021.

Albertus Barkhuizen, Naomi Morgan, Dalise Kirsten (n nagraadse student)
en Isabel Mostert

dolos



Die Departement Frans het intussen deel geword van 'n taaldepartement bestaande uit Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans. Die Afdeling Frans is deel van die honneursmodule in Vergelykende Literatuurwetenskap. Ek is (onwetend) daarvoor voorberei deur die lesings van prof. Leon Strydom, wat in die 1970's die Departement Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van die Vrystaat gestig het. Die kruisbestuiwing tussen taaldepartemente is ook die dryfveer vir die talle vertalings uit Frans na Afrikaans wat die afgelope paar jaar verskyn het, en veral die Brel-projek, wat tot in Nederland en België opgevoer is. Ek het spesiale waardering vir my studente wat ook literêre vertaling as 'n loopbaanmoontlikheid sien, en wat kies om na hierdie departement en hierdie universiteit te kom, omdat vertaling hier as 'n nis-area beskou word.

Die departement en Afdeling Frans het nooit groot getalle studente getrek nie, maar die afgestudeerde studente is diplomate, pedagoë, vertalers en tolke, en twee van sy hoofde (proff. Joubert en Morgan) is tot Ridders van die Franse Republiek geslaan. Dosente dien ook as eksterne eksaminatore by al die belangrikste universiteite van die land en Suider-Afrikaanse streek.

11. Marietjie du Plessis

Ek was in 1982-1984 'n voorgraadse en daarna ook nagraadse student aan die departement. Ek was ook 'n kort tydjie as kollega by die departement betrokke en koester goeie herinneringe aan kollegas en 'n persoonlike brief van André P. Brink.

Ek was besig met my magisterstudie toe Annette de Wet my eendag geskakel het op soek na iemand om te help met die klasse vir die studente in Regte. Ek is aangestel as 'n tydelike lektor in 1991-1992. Die fokus was basiese taalvaardigheid. In dié tyd het ek ander mense soos Mabel Erasmus ontmoet en het ook met haar 'n kantoor gedeel in die Flippie Groenewoud-gebou. Ek het in 1992 by Vista Universiteit vir die eerstejaarstudente (tweedetaalsprekers) letterkunde aangebied wat ek baie geniet het.

Dit was 'n voorreg om mense soos Alf Jenkinson, Hennie van Coller, Bernard Odendaal en André Viviers te leer ken. In my honneursjaar (1986) het ek by Daniel Hugo aan die UOVS klas gehad, maar die hoogtepunt was die voltooiing van my MA-verhandeling (1995) oor Brink en die Postmodernisme. Na die voltooiing het prof. Hennie van Coller my aangemoedig om die skripsie vir Brink te stuur – met die beloning van 'n persoonlike brief van Brink. Die brief is vandag steeds vir my belangriker as die graad.

My lewe het talle ander draaie geloop en na die afhandeling van 'n MBA-kwalifikasie span ek my passie vir letterkunde nou in as besigheidskonsultant en lewensafrigter ("coach") in my nisgebied, *narrative coaching*.

12. Riana De Beer

Februarie 1972 en ek stap die eerste keer die Afrikaans en Nederlands-lesinglokaal (in Wesblok) binne, 17 jaar oud, baie vreemd in Bloemfontein en die Vrystaat. As Pretorianer wat in 1971 aan die Hoërskool Menlopark gematrikuleer het, is die Vrystaatse natuur en kultuur 'n ander wêreld. Ek was ingeskryf vir 'n nuwe graadrigting, naamlik BA (Kommunikasiekunde), met ook Afrikaans en Nederlands, Duits, Kunsgeskiedenis en Geografie. Destyds was daar in Afrikaans



dolos

en Nederlands drie eerstejaarsklasse in die groot lesingsale in Wesblok, meer studente dus as wat in my hele matriekklas van 180 in 'n groot stadskool soos Menlopark was. Dosente wat diep spore in my herinneringe getrap het, is prof. Gerhard Beukes, dr. Charles Malan, prof. Carl van Heerden. Ons is ingelei in werke van die Sestigers, soos *Sewe dae by die Silbersteins*, fonetiek, morfologie, die TGG. Dit was 'n opwindende tyd in die letterkunde en ons was medestudente van nuwe jong stemme soos Antjie Krog, wie se digkuns die 1972-jaarblad *Shimla* 'n opwindende en vars stem gegee het.

Na voltooiing van my BA-graad het ek vir twee jaar by NALN gewerk as ikonograaf, asook as medewerker aan verskeie publikasies, voordat ek in 1977 vir 'n jaar as akademiese assistent by die Departement Afrikaans en Nederlands aangesluit het. In hierdie tyd het ek ook my Honneursgraad (Kommunikasiekunde) voltooi.


Bykans 50 jaar later kyk 'n mens ver terug na die studentejare en peins oor die nalatenskap van hierdie dosente. Wat steeds skerp in my herinneringe uitstaan, is die vermoë wat prof. Beukes gehad het om ook oor die lewenskuns te gesels gedurende sy lesings, hoe hy sy studente altyd aangespreek het as "my liewe kind" as hy iewers persoonlik met jou gesels het, terwyl hy gaan stil staan en jou aandagtig in die oë kyk. By my afskeid einde 1977 het hy 'n boekie wat hy geskryf het, getiteld *Ek glo*, aan my gegee. Voorin was 'n aanmoedigende en waarderende persoonlike boodskap en sy lewensbeskouing word goed weergegee deur die volgende aanhaling: "Ek glo dat ... niks vir my as mens belangriker is as my persoonlike verhouding met my medemens nie. Ek glo een van die mooiste gawes wat ons kosteloos ontvang het om ewe kosteloos aan ander uit te deel, is ons glimlag en ons waardering" (Beukes, 1962. p. 7).

Prof. Carl van Heerden se lesings in die taalkunde was so deeglik, dat ek met my kennis 'n onderwysstudent sonder enige begrip of lus vir die Afrikaanskursus wat hy nodig het vir sy Liggaamsopvoeding-onderwysgraad, in een middag genoeg kon help dat hy die nodige punte bymekaar kon skraap. Vandag nog onthou ek hoe prof. Van Heerden ons met baie passie geleer het hoe om te waak teen letteruitspraak wanneer ons fonetiese transkribering moet doen. "Ons sê tog nie *kinders, perde of paddas* nie, maar wel *kinners, perre, parras*."

In 2002 begin ek weer studeer, eers honneurs en daarna MA in Taalstudie. Tydens hierdie studietyd begin ek ook werk as navorsingsassistent by dr. Angelique van Niekerk, tans professor en hoof van die departement. Die studietyd was stimulerend en interessant, ek word bekend gestel aan nuwe rigtings in die taalkunde soos die sosiolinguistiek en psigolinguistiek. Wat gedoen word met en deur taal, word die fokus. Deelname aan die organisasie van die simposium oor moedertaalonderrig en voortspruitend daaruit die uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* gewy aan hierdie onderwerp was interessant en insiggewend in 'n steeds relevante terrein. Terselfdertyd werk dosente soos dr. Annette de Wet, my studieleier, prof. Bernard Odendaal, prof. Alf Jenkinson en prof. Van Niekerk elkeen op 'n eie manier mee aan die uitbreiding van my vakkennis en weer eens soveel lewenskuns. Prof. Jenkinson se diepgaande taalkennis en daarmee saam empatiese instelling teenoor sy studente, jonk en ouer, sal my altyd bybly.

Na die moedertaalprojek volg die ontwikkeling van *Gesellig Afrikaans*, 'n Afrikaansaanleerkursus vir derde- en vreemdetaalsprekers. Onder leiding van prof. Angelique Van Niekerk kon ek meewerk aan die ontwikkeling van 'n digitale kursus. Telkens kon ek met verbasing en genot deel hê aan studente en personeel se verwerwing van gespreksvaardighede in Afrikaans binne die korte bestek van ses maande. Dit was so inspirerend om te beleef hoe byvoorbeeld 'n

dolos



Poolse post-doktorale student in Chemie na 'n paar maande 'n hele toespraakie in Afrikaans afsteek en daarna homself begelei op kitaar met die sing van 'n Johannes Kerkorrel-lied.



Personeel aanwesig by 'n geselligheid tydens die loodsing van die kortleerprogram vir Afrikaans as vreemde taal van links na regs: Hennie van Coller (departementshoof), Ida Meiring (fasiliteerder), Francois Marais, Angelique van Niekerk (projekleier), Mojalefa (Frans) Makhele (fasiliteerder), Riana de Beer (projekassistent), Lucius Botes (Dekaan)

Prof. Bernard Odendaal was die dosent wat my as ouer student 'n mondelinge toets moes laat aflê waardeur ek toelating kon kry tot die honneursstudie na verloop van soveel jaar tussen voorgraadse en nagraadse studie. Die simpatieke maar tog streme mondeling het my 'n paar benoude ure laat beleef. Sy kennis en liefde van veral die poësie, sy aanbieding daarvan en die skep van begrip deur stemnuances tydens sy voorlesings en sy simpatieke optrede op uitnodiging by leeskringgeleenthede is 'n blywende en kosbare herinnering.

Die durende natalenskap van die Departement Afrikaans en Nederlands in my lewe word, effens aangepas, verwoord deur die laaste paragraaf in my MA-verhandeling: "Die feit dat taal sowel 'n gebruiksmiddel as 'n simbool is en dat taal derhalwe, naas sy instrumentele funksie as kommunikasiemiddel en denkwerktuig, ook oor simboliese waarde as merker van identiteit en aansien beskik, kan benut word as middel tot sinvolle, opbouende kommunikasie tussen mense."



dolos

13. Bernard Odendaal

Ek was 22 jaar lank (1990 tot 2011) 'n personeellid van die Departement (later: afdeling) Afrikaans en Nederlands aan die UV.

Ek en my vier broers het grootgeword op 'n kleinhoewe op die Bainsvlei/Waterbron-vlakte van Bloemfontein, waar ek aan die Hoëskool President Steyn my skoolloopbaan gevolg het.

Taal- en letterkunde wás in my bloed. My pa het romans geskryf as jonger man; ek het pryse vir skryfwerk gekry gedurende my hoëskooljare; 'n gedig van my het kort voor lank in die studentekoerant *Irawa* verskyn. Afrikaans en Nederlands het derhalwe, naas Duits, my hoofvak geword.

Daar was belewenisse uit my eerste drie studiejare wat tot inspirasie vir my eie loopbaan gedien het. Prof. Snyman was altyd tot in die fynste besonderhede voorbereid vir sy lesingaanbiedings. Mn. Charles Malan, wat eers later sy doktorsgraad sou kry, het ek as dosent in die Afrikaanse en Nederlandse letterkundeklasse van my derdejaar leer ken. "Wil jy 'n Afrikaanse letterkundige word?" het hy gevra. "Kom haal 'n leeslys by my op kantoor. Voor jy nie deur daardie lys gewerk het nie, kan jy nie saakmakend saampraat oor wat eietyds in die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde gebeur nie."


Prof. Von Delft het my in Duits op allerhande wyses kultureel laat wakkerskrik. Eendag, in die tweedejaarsklas, het ons dit oor die Duitse Romantiek gehad, spesifiek oor die belangstelling in die volkseie by Romantiese denkers en -kunstenaars. Hy verwys na vele dinge. Onder andere vra hy of ons die Boheemse komponis Bedřich Smetana se komposisiereeks *Má Vlast*, oftewel "My vaderland", ken – waaronder die pragtoondig "Vltava" ("Moldaurivier"). Verleë swye ons reaksie. Sê-vra hy, maar met 'n skalkse glimlag, of sulke "boheemse" kennis dalk té verwyderd is van sportmal Boerkinders se leefwêreld. Daardie middag, pleks van koshuisrugby te gaan oefen, raap ek my sakgeldjies bymekaar, stap na Bloemfontein se middestad en skaf 'n langspeelplaat met hoogtepunte uit dié komponis se werk aan.

Voordat ek vir 'n nagraadse onderwysdiploma ingeskryf het, het ek die honneursgraadstudie in Afrikaans en Nederlands aangepak. Die voorgraadse ervaring was in soveel opsigte boeiend dat ek onseker was of ek 'n hoofsaaklik taalkunde- of oorheersend letterkundekours wou inslaan. Beide rigtings het dus in my kursussamestelling neerslag gevind: Afrikaanse dramakuns by die departementshoof, prof. Gerhard Beukes; Nederlandse digkuns by prof. Jan Senekal; Afrikaanse prosakuns by mn. Charles Malan; semantiek by prof. Carl van Heerden; sintaksis by prof. Gert van Jaarsveld.

Militêre diensplig het gevolg en in 1981 begin ek Duits as skoolvak gee aan my alma mater in die Bloemfonteindistrik.

Vroeg 1982 is ek terug na die departement se kantore in die Flippie Groenewoud-gebou, vas van plan om vir 'n MA in Afrikaanse taalkunde onder prof. Van Jaarsveld in te skryf. Sy kantoor was egter dié dag gesluit. Ek was besig om sy telefoonnummer vanaf die kennisgewing op sy kantoordeur neer te skryf, toe prof. Jan Senekal (hy het toe as departementshoof gedien) by sy kantoor uitgestap kom, my herken en uitvis wat ek daar kom doen het. Ek verduidelik van die interessante werkstukke wat prof. Van Jaarsveld ons in my honneursjaar laat doen het oor die versoening van aspekte van die teorie oor transformasionele generatiewe grammatika met eietydse semantiekbenaderings. "Jong," sê hy ongeveer, "jy sal nie glo wat sulke dinge te sê het

dolos



oor literêre taalhandelinge en die ontvangs van literêre tekste nie. Spiksplinternuwe teoretiese geskrifte wat ek pas in die Duitse wêreld gaan uitsnuffel het. Jy gee mos skool in Duits?" (Hy was jare tevore self 'n Duitsonderwyser.)

Gevollik het ek, onder sy wakende oog en as vroeë toepasser van die "Rezeptionsästhetik"-teorie in Afrikaanse literêre ondersoek, 'n verhandeling aangepak met "n Analise en vergelyking van bestaande konkretisasies van [N.P. van Wyk Louw se debuutdigbundel] *Alleenstaand*" as titel.

In 1984 het ek 'n onderwyspos aanvaar by die Hoërskool Grey Kollege. Daar het ek besef dat die Afrikaanse en Nederlandse prosadosent van my studentejare, Charles Malan, voorheen 'n Afrikaansonderwyser aan Grey was. Een van die Greyleerlinge wat in die vroeë sewentigerjare voor hom in die klas gesit het en tot literêre skryfwerk deur hom geprinkel is, was die bekroonde Afrikaanse romansier Eben Venter.

1984 was ook die jaar toe ek in die huwelik getree het met Hanli, 'n nooi Westraat uit die Oos-Kaap en voorheen 'n kollega van my by die Hoërskool President Steyn. Ons twee seuns, Johan en Christoff, kon later hulle skoolloopbane in die tradisieryke omgewing van Grey Kollege deurbring.

My eerste navorsingsartikel is gebore uit my onderrigervarings by Grey. Dit is egter eers voltooi en aanvaar vir publikasie in *Tydskrif vir letterkunde* gedurende die tydperk wat ek as Afrikaanse letterkundedosent by die Durbanse Onderwyskollege werksaam was (Oktober 1987 tot Maart 1989).

Aan die begin van 1988 is ek gepromoveer tot senior lektor aan die Durbanse Onderwyskollege. Dit is ook op hierdie posvlak dat ek in April 1989 begin werk het as navorser by die Buro vir Universiteitsonderwys aan die UV.

Op 'n dag, later daardie jaar, kom die burodirekteur, prof. Kallie Strydom, my kantoor binne en sê sy vrou vertel hom sy kom agter ek is nie volkome gelukkig om my te moet verdiep in studie-oorbrugging-en-kanalisering- en ander onderwyspraktyksake nie. Sy kon glo uit my gesels agterkom dat dit letterkunde is wat my bly boei.

En, sowaar, enkele weke later doen prof. Hennie van Coller, toe pas die hoof geword van die UV se Departement Afrikaans en Nederlands, navraag of ek belangstel in die letterkundedoseerpos wat sedert dr. Daniel Hugo se vertrek vakant gelybly het. Ek het nie gehuiwer om ja te sê nie.

Die voorwaarde vir dié aanstelling was dat ek die seniorlektoraat sou moes inboet totdat ek 'n doktorsgraad kon behaal. Laasgenoemde het ek, onder prof. Van Coller se studieleiding, in 1998 verwerf met 'n proefskrif getiteld *Retoriiese strategieë in die poësie van T.T. Cloete*. Die finansiële noodsaak vir sogenaamde "rasionalisasie" aan tersiêre instellings gedurende die 1990's het egter teweeggebring dat ek eers weer op 1 Januarie 2002 senior lektor kon word. Twee-en-'n-half jaar later is ek bevorder tot die medeprofessoraat.

My eerste twee seminaar- en kongresreferate het ek in 1992 gelewer. Sedertdien het nog sowat 50 gevolg, hier te lande én oorsee, asook talle populêr-wetenskaplike lesings en leeskringoptredes. Dié navorsingswerk het uitgemond in die publikasie van omtrent 50 subsidiedraende en sowat 20 nie-subsidiedraende artikels en boekbydraes. Meer as 'n dosyn van dié artikels en boekbydraes is in mede-outeurskap met prof. Van Coller onderneem,



dolos

hoofsaaklik vanuit die sisteemteorie as ondersoeksraamwerk. Ek het sedert 2012 'n C2-kategoriegradering van die Nasionale Navorsingstigting (NRF).

Voorts het ek saam met prof. Van Coller vir twee termyne van 4 jaar elk op die bestuur van die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV) gedien. 'n Dekade lank daarna (2000–2009) het ons die redaksiespan van dié vereniging se vakkundige mondstuk, *Stilet*, gevorm. Ek was voorts 20 jaar lank 'n lid van die UV se publikasiekomitee, en het tussen 2000 tot 2003 op die redaksie van *Acta Academica*, geakkrediteerde akademiese tydskrif van die UV, gedien. In 2009 is ek verkies tot die bestuur van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Nederlandstiek (SAVN), waar ek tot 2013 gedien het (die laaste twee jaar as onder-voorsitter). Sedert 2015 dien ek ook as bestuurslid van die skrywer- en uitgewerorganisasie PEN Afrikaans.

Nadat ek my in 1990 kon vestig in my onderrigtaak aan die departement, is sekere bykomende studentegerigte verantwoordelikhede aan my toegewys. 'n Klompie jare lank moes ek as voogdosent 'n ogie hou oor die redaksionele versorging van die departementele studentetydskrif *Dolos*. Tussen 1991 en 1999, in die voetspore van eers Daniel Hugo en daarna Antjie Krog (as tydelike, vanaf Kroonstad pendelende gasaanbieder), moes ek ook die leiding neem in die aanbied van 'n jaarlikse buitekurrikulêre poësiewerkwinkel.

Sedert 1993 het dit meermale gebeur dat ook instellings buite die universiteitsverband, selfs van elders in die land as Bloemfontein en die Vrystaat, my uitgenooi het om kort kursusse in kreatiewe skryfwerk vir hulle aan te bied en/of inskrywings vir hulle skryfkompotisies te beoordeel. Die samewerking met die Bloemfonteinse Skrywersvereniging in hierdie verband het uitgestaan. Ná die afsterwe van prof. Gerhard J. Beukes in 1998, het dié vereniging my vereer deur te versoek dat ek hom in die rol as hul beskermheer opvolg.

Algaande het dit duideliker geblyk dat daar belangstelling sou wees vir Afrikaanse skryfkunsbegeleiding op nagraadse vlak – 'n sprong wat in 1997 deur die departement onderneem is met die registrasie van 'n gedoseerde MA in kreatiewe skryfwerk. Veral die ervaring in skryfkuns-leidinggewing wat op hierdie wyse opgedoen is, het my gebaat toe ek, sedert 2002, uitnodigings van verskeie uitgewers begin ontvang het om keuringsverslae oor digbundelmanuskripte te skryf, en soms daarna die afronding van manuskripte tot publikasiegereedheid namens die uitgewer te begelei. Vanaf 2010 het ek ook as medebeoordelaar begin optree vir digbundeltoekennings soos die ATKV-Woordveertjie- en die Ingrid Jonker-pryse vir poësie.

Die samesmelting van Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans tot 'n enkele departement teen die millenniumwending het 'n ander deur vir my as digter geopen. Prof. Naòmi Morgan van Frans het op 'n dag in 2003 gevra of ek nie wil meedoен in 'n projek om liedtekste van die alombekende Frans-Belgiese chansonnier Jacques Brel in Afrikaans om te sit nie.

Die ligter onderrigglas wat met 'n drie maande lange "Visiting scholarship" in 2005 aan die Katholieke Universiteit Leuven in België gepaardgegaan het, het my die geleentheid gebied om meer as 'n dosyn van die Brel-liedvertalings af te handel. Terselfdertyd kon ek in alle erns werk aan die afronding van 'n derde manuskripweergawe van my debuutbundel.

Uiteindelik sou ek en prof. Morgan 40 van Brel se chansons in Afrikaans omsit, en ook 'n tweeluik van vakkundige artikels publiseer oor dié vertaalervaring. In vennootskap met die liedmaker en sanger Herman van den Berg en die pianis Matthys Maree het ons dit omskep in

dolos



2 kabaretstukke wat by altesame 40 geleenthede in Suid-Afrika en België opgevoer is. Twee CD-produksies het ook uit die projek voortgespruit: *herman van den berg sing brel in afrikaans* (2007) en *Laat my by jou bly* (2011).

2007 was ook die jaar waarin my debuutdigbundel, *Onbedoelde land* by Tafelberg die lig gesien het. Die jaar daarna is dit op die kortlys vir die Ingrid Jonkerprys benoem.

Later sou ek en prof. Morgan ook 15 chansons van die “mossie van Parys”, Èdith Piaf, vertaal. ’n Sestal daarvan is met ’n keur uit die vertaalde Brel-liedere gekombineer in ’n kabaret getiteld “Brel&Piaf: Paryse tweesang”. Dit is, met Herman van den Berg en Jolette Odendaal in die titelrolle, ’n dosyn kere opgevoer in kunstfeessale en teaters.

In 2012 is ek gevra om die Engelse geskrewe liedtekste van die verhoog- en latere cd-produksie *Dawid. Die musical* in Afrikaans om te sit. Die samewerking met Herman van den Berg het weer uitgemond in ’n uitnodiging om oorspronklike liedtekste vir hom te skryf, of hom by te staan om liedtekskonsepte deur hom af te rond. Twee verdere cd-produksies sou hieruit voortspruit: *Dit is wat dit is* (2008) en *Onthou* (2013).

Ek was, saam met ander departementeke kollegas vanaf 2002 betrokke by reëlings vir bepaalde afdelings van wat eers die *Volksblad*-kunstefees geheet het, en vandag as die Vrystaat Kunstefees bekendstaan.



Proff. Henning Pieterse, Angelique van Niekerk, Jaap Steyn, Hennie van Coller, Bernard Odendaal en dr. Francois Smith by die bekendstelling van die gedenkbundel vir die 80ste verjaarsdag van prof. Steyn



dolos

Reeds in die laat 1990's het geleenthede opgeduik om in die ateljees van Radio Hoogland en Radio Rosestad te gaan gesels oor digkuns en die vertaal en skryf van liedtekste. Sedert 2007, en toenemend so nadat ek by die NWU op Potchefstroom begin werk het, het ek tientalle kere in RSG se programme "Skrywers en boeke" en "Vers en klank" as spreker oor Afrikaanse digtersfigure en digpublikasies, en as voorleser van gedigte kon optree.

My verbintenis met die UV het tot 'n einde gekom toe ek by Noordwes aangestel is. 'n Terugblik soos bostaande maak duidelik watter rol kollegiale en artistieke spanwerk in my loopbaan as navorsing en woordkunstenaar gespeel het. Ongetwyfeld was ek bevoordeel om 'n aansienlike deel van my lewe 'n verbintenis te gehad het met die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV. Dit het aan my'n literêre "ruimte van het volledig leven" gebied (om 'n frase by die Nederlandse Vyftiger, Lucebert, te leen).

Terselfdertyd is ek bewus daarvan dat my rol in die geskiedenis van die departement 'n nederige een is.

14. Izette Bredenkamp

Ek was in verskeie hoedanighede betrokke by die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, nl. akademiese assistent vir die Letterkunde-afdeling onder prof. Hennie van Coller, maar het later ook gehelp met die administrasie van die oorbruggingskursus in Afrikaans onder prof. Angelique van Niekerk (AFT).

Ek is gebore in Ficksburg in die Oos-Vrystaat, ontvang my laerskool-opleiding te Worcester in die Wes-Kaap en my hoërskool-opleiding te Diamantveld Hoërskool, Kimberley. Ek matrikuleer aan Diamantveld in 1966. My tersiêre opleiding lyk soos volg:

BA – Potchefstroom Universiteit vir C.H.O. (Hoofvakke: Afrikaans-Nederlands en Geskiedenis), 1969

UOD – Universiteit van die Oranje-Vrystaat; (Metodiek van Afrikaans, Engels en Geskiedenis), 1970

BA Hons. – Universiteit van die Oranje-Vrystaat (Geskiedenis), 1971

MA (Geskiedenis: Die lewe en werk van Aletta, Amelia Tomlinson [suster van M.E.R.]) – Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1988

TEFL – Universiteit van die Vrystaat, 2010

Ek is getroud met prof. dr. Ignatius (Naas) M. Bredenkamp (Departement Sosiologie; later Streeksdirekteur van UNISA) en ons het 5 kinders (Isna, Santie, Dutliff, Dolf, Izette). Hulle is vandag die wêreld oor versprei.

Ek was baie gelukkig by die departement en ek het die personeelkorps van die departement (ook later toe Frans en Duits ingesluit is) ervaar as mense wie se vriendskap my lewe verryk het.

Veral drie kollegas het 'n groot indruk op my gemaak. Prof. Alf Jenkinson was 'n wandelende ensiklopedie (in vandag se terme, miskien 'n Google). Hy kon oor enige onderwerp denkbaar met gesag praat. Ek onthou dat hy later toe ek deel van die Geskiedenis Departement was,

dolos



dikwels in die middag ingeloer het om te groet en te vertel van die nuutste uitvindings in chemie, sterrekunde, fisika, en wat nog meer. Sy kennis van musiek was fenomenaal en as prof. Van Coller se Mercedes die dag probleme gegee het, was Alf die een wat gaan loer het wat fout is. Hy was ook 'n perfeksionis en het geglo hy moet self sy huis se rakke en kaste insit – met presisie. Daarbenewens het hy menige afvlerk-student onder sy sorg geneem en gesorg dat hulle die nodige berading en hulp kry – miskien is dit waarom hy so laat die liefde van sy lewe ontdek en getrou het. Sy "kinders" was die studente.

Prof. Jaap Steyn – self 'n skerp intellektuele denker wat saam met prof. Hennie menige stryd vir die behoud van Afrikaans geveg het. Iets wat my verstom het, was die gemak waarmee hy 'n gevraagde dokument in sy deurmekaar kantoor kon opspoer. As prof. Hennie my gestuur het om iets by hom te gaan haal, was ek gewoonlik oortuig dat dit dae gaan neem om op te spoor tussen al die pakke papiere wat op die grond gelê het. Maar sonder om te huiwer, sou prof. Jaap opstaan van sy rekenaar, reguit na 'n spesifieke pak loop en oomblikke later kon ek die gevraagde dokument aan prof. Hennie lewer.

Vir prof. Hennie het ek net die hoogste agting en waardering as akademikus en as mens. Hy is iemand met integriteit en 'n besondere gesinsmens. Hy sou altyd vra dat Elsa teenwoordig moet wees by funksies, al moes hy self daarvoor betaal. Boonop kon hy twee rye syfers gelyk en foutloos binne sekondes optel. Ek dink nie die studente het altyd besef hoe bevoorreg hulle was met dosente soos prof. Hennie, prof. Bernard Odendaal en andere nie.

15. Sanette Smit (Shenk)

Ek het vanaf April 1991 tot Maart 2003 (bykans 12 jaar) in die Departement Afrikaans en Nederlands gewerk as prof. H.P. van Coller se sekretaresse. Daarmee saam het allerlei ander opdragte/verantwoordelikhede gepaard gegaan.

Ek het grootgeword in Despatch (Oos-Kaap) vanwaar ons na Bloemfontein verhuis het in my graad 11-jaar (st. 9). Ek het gematrikuleer aan die Hoërskool Jim Fouche in 1977. Die Bloemfonteinse Onderwyskollege is my alma mater waar ek gespesialiseer het in Junior Primêre Onderwys. Ook het ek deeltjds Bedryfsielkunde aan die UOVS gestudeer ... maar helaas ... nie my graad voltooi nie.

Intussen is twee seuns gebore. Heinrich Smit (34) is 'n aktuaris; hy is in die VSA-Lugmag en doen kontrakte.

Neilru Smit (32) is 'n ingenieur en woon ook in Colorado, VSA. Ek is getroud (2002) met Eric Shenk (het Eric in die Flippie Groenewoudgebou se fotostaatkamer ontmoet). Hy is 'n ekonoom, maar het later gespesialiseer in ESOL (English for Speakers of Other Languages). Hy gee hoofsaaklik klas aan immigrante om hul Engels te verbeter. Ons woon in Pueblo, Colorado, net suid van Colorado Springs en is "semi"-afgetree. Na 'n paar jaar van onderwys gee, het ek begin skilder. Waterverf is my gunsteling medium; ek stal soms uit by die plaaslike kunsgallery in Pueblo.

Ek is dankbaar dat ek deel kon wees van die Departement Afrikaans en Nederlands asook vir die blywende indrukke wat dit op my lewe gehad het.





Anthea van Jaarsveld, Hennie van Coller, Irma Loock en Sanette Smit (Shenk) in ligte luim

16. Adolf (Schalk Willem) van Zuydam

Ek was lid van die departement vanaf 1 April 1991 tot die einde van 2000. Voor dit was ek meer as 20 jaar verbonde aan die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg-kampus).

Van kleintyd af moes ek telkens aanpas by nuwe of ander plekke en omstandighede. Ek was die jongste van sewe kinders wat almal op dieselfde plek gebore is. Dit was 'n afgelê plaas op die Umfolozi-vloedvlakte, redelik naby die monding van die rivier en die St. Lucia-meer, waar later 'n dorpie sou ontstaan.

Die boere was ware pioniers. Hulle het die vloedvlakte droog gelê met veral baggers en soortgelyke toerusting ten einde suikerriet te plant. Veral hierdie onsekere voortbestaan het ons voorberei op die talle rampe wat ons land sou tref. Dit het daartoe gelei dat ons 'n beter heenome gaan soek het in Swaziland – maar ongelukkig nie gevind het nie, want daar sou andersoortige terugslae ons tref. 'n Nuwe omgewing, maar steeds afgelê, en ander mense.

Die plaas was aan die oewer van die Ingwawumarivier. Uiteraard moes ons ook na 'n ander skool toe gaan – eers die Amsterdamse Laerskool en later die Hoër Landbouskool, Amsterdam. Die dorpie was klein en die skole was uitsluitlik Afrikaans.

Ondanks my uiters goeie opleiding in die Landbou, wou ek nooit 'n boer of landboukundige word nie, omdat so baie boere uitgeboer of bankrot gespeel het.

Na skool het my wêreld(jie) drasties verander – die keer deur die byna onafwendbare verstedeliking. Ek wou ingenieur word, maar om finansiële redes moes ek 'n studierigting kies wat deeltyds gevolg kon word. My keuse was die Regte en sodoende het ek met Afrikaans en Nederlands te doen gekry. Aanvanklik sou dit net die eerstejaarskursus wees, maar omdat ek so baie daarvan gehou het, het dit my een hoofvak geword.

dolos



My belangstelling in die Regte het gekwyn en ek het betrokke geraak by 'n klein nywerheidsonderneming. Na vier jaar, waartydens ek met 'n gesin begin het, was dit vir my duidelik dat dit my nie beskore was om 'n nyweraar te word nie. My droom om verder te studeer in Afrikaans en Nederlands is sodoende vervul. Ons gesin was toe al vier – ek, Cecilia en twee seuns: Jacques (2 jaar) en Lauwrence (4 maande).

Waarom Afrikaans en Nederlands? Op skool het ek maar net gesorg om Afrikaans te slaag, voorgeskrewe werk was deurgaans vervelig – gedigte was net bedoel om voorgedra te word (resitasies); nie 'n enkele gedig was ooit ontleed nie; grammatika net reëls ter wille van die reëls.

Die dosente in my eerste jaar was (vir my) skitterend: prof. P. du P. Grobler met sy ongelooflike talent om poëtiese en dramatekste "lewendig" en verstaanbaar te maak; dr. (later prof.) P.D. van der Walt se meer analitiese benadering en les bes mnr. (later ook prof.) Theuns Botha wat die taal in sy wese geken het.

Hierop is voortgebou in my honneursjaar, veral ook omdat ons in Durban en Pietermaritzburg kursusse kon bywoon. Die dosente wat in hierdie jaar 'n groot invloed op my gehad het, was weereens prof. Grobler (ongelukkig oorlede voor sy kursusse voltooi was); prof. Johan Combrink; prof. Ampie Coetzee en prof. M. Nienaber-Luitingh. Veral laasgenoemde het die Nederlandse letterkunde op 'n briljante wyse aangebied – van al my leermeesters het sy die grootste invloed op my gehad. Later sou sy 'n lewenslange vriendin van my en my gesin word – in vele opsigte my akademiese moeder.

Tot my verbasing is ek na die honneursjaar gevra om waar te neem vir Johan Combrink en Ampie Coetzee. Die jaar daarna word ek in Pietermaritzburg aangestel as "tydelike junior lektor", die volgende jaar as lektor (1971) en die daaropvolgende jaar senior lektor. In dié tyd voltooi ek ook my meestersgraad wat handel oor André P. Brink se *Lobola vir die lewe*, met prof. C.J.M. Nienaber as studieleier.

Na my meestersgraad het ek my steeds meer toegespits op die moderne Nederlandse poësie – veral die "Vijftigers", en dit het saamgeheng met my PhD-studie oor die poësie van Hugo Claus ("Die inisiasiemoetief in *De Oostakkerse Gedichten*"). Ter voorbereiding daarvoor was die tyd toe ek in België en Nederland studeer het – eers aan die Vrije Universiteit, Brussel en daarna die Rijksuniversiteit te Utrecht.

Die afdelings van die vak wat ek die meeste aangebied het, was Afrikaanse en Nederlandse poësie. In Bloemfontein moes ek ook afdelings van die Afrikaans 1-kursus aanbied en later Afrikaans 1, 2 en 3 vir niemoedertaalstudente.

Die verhuis na Bloemfontein (1991) was vir my en my vrou, Cecilia 'n geweldige omwenteling – die universiteit was in vele opsigte anders as die universiteit van Natal, soos ook die Vrystaat se klimaat. Skielik was alles Afrikaans (waarvan ek gehou het), maar daar was ook 'n bewuswording van dosente wat andersdenkend was as ek. Ek was nogal verbaas dat hulle my tog aanvaar het ondanks my liberale ingesteldheid. Aanvanklik was ek nie eers bewus van die vermeende bedrywighede van die Broederbond nie.

Algaande het ons aangepas – van ons grootste vriendskappe daar gesluit en selfs die yskoue winters en "vuurwarm" somers verduur. My kollegas was egte bondgenote.



17. Mabel Erasmus

By die Departement Afrikaans en Nederlands kon ek gedurende 1991 as navorser my voet in die deur van die destydse Universiteit van die Oranje-Vrystaat kry. Dit was die begin van 'n kwarteeu van leer en naspeur wat intens boeiend was. Tydens hierdie gedeelte van my lewe kon ek begin vasstel wie ek *nie* is nie (met apologies aan Daan van der Walt) – iewers op pad van gereformeerd na getransformeerd. Dít is die weg waarop ek steeds voortreis na my aftrede aan die begin van 2016.


Pas nadat ek my proefskrif aan die PU vir CHO (tans NWU) met prof. Dawie Steenberg as studieleier voltooi het, het my vorige eggensvoer, Pieter Rossouw, 'n aanstelling aan die Fakulteit Teologie van die UOVS aanvaar en daarmee was my tyd as pastoriemoeder in Klerksdorp verby. Prof. Hennie van Coller het vir my 'n deeltydse navorsingskontrak in 'n projek oor Afrikaanse grensliteratuur aangebied wat goed aangesluit het by my doktorale studie oor taalhandelinge en ideologie in drie Afrikaanse romans van 1983. *Om te awol* van Etienne van Heerden was een van die romans wat ek ontleed het en daarom was die geleentheid wat ek gebied is om die eerste gedeelte van die profiel oor hierdie uitnemende Afrikaanse skrywer vir *Perspektief en Profiel* (onder redaksie van H.P. van Coller) te lever vir my van besondere betekenis. Toe die publikasie later bygewerk is, het ek reeds tred verloor met die Afrikaanse letterkunde. Ek kon my vereenselwig met Van Heerden se tipering van die geslag Afrikaanssprekende witmense waarvan ek ook deel is, as "kinders van Verwoerd".

Die wyer nasionale bewuswording van die verskynsel van oorlogstrauma het aanleiding gegee tot 'n ondersoek na biblioterapie en die moontlike benutting van tekste oor die grensoorlog. Gedurende 1992 het ek saam met Pieter (wat intussen van teologie na sielkunde begin oorbeweeg het) tydens 'n kongres van die internasionale vereniging vir studies oor traumatische stres in Amsterdam, 'n referaat gelewer oor die moontlike rol van grensliteratuur en biblioterapie. Ek het nog twee referate oor oorlogsliteratuur gelewer en een daarvan is in 2001 gepubliseer. In die vroeë negentigerjare het ek 'n radiopraatjie gelewer oor hierdie navorsing en toe 'n oproep ontvang van 'n persoon wat erge PTSV oorgehou het van sy ervarings tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy was ook so vriendelik om my daarop te wys dat ek die begrip na die 'oppervlakte' gebruik het waar dit 'oppervlak' moes wees. 'n Aantal jaar later het die persoon weer geskakel. Dit was asof die pynlike herinneringe op die lang duur 'n groot tol geëis het. Sommige ervarings is dalk nie bedoel om ooit die oppervlak van bewussyn te bereik nie.

Gedurende hierdie jare het sommige van ons as kinders van Verwoerd die eksistensiële vrae wat ons oor ons grootwordjare gehad het, onderwerp aan dekonstruksie, postmodernisme en in my geval ook Marxistiese ontledings. Die krake in ons taamlik bedorwe wit psiges het gapende afgronde geword en geloof, huwelike en so meer het gesneuwel. In dié tyd word Pieter kliniese sielkundige en dosent in Sielkunde; ek raak polities al hoe meer betrokke, dra 'n kaart van ANC-lidmaatskap en neem deel aan plaaslike IDASA-aktiwiteite. Ons doen ons bes om goeie ouers te wees vir ons drie besonderse seuns, Pierre, Jurie en Pieter, terwyl ons ons onderskeie ander roepings en passies najaag.

My liefde vir taal is mettertyd oorskadu deur 'n intense behoefte om betrokke te raak in die breër gemeenskap. Die bloeiende hart-sindroom waaraan ek van jongs af gely het, het my

dolos



voortgestu. Ek kon nie in taledepartemente my tuiste vind nie. By nabetrating is dit dan ook goed dat ek ook nie een van die permanente poste waarvoor ek destyds aansoek gedoen het, gekry het nie. Dit was nie my plek nie. By geleentheid het ek my *struggle*-styl proefskrif met sy eenvoudige groen omslag in prof. Van Coller se kantoor op die rak sien staan. Ek het onwillekeurig en wederregtelik gekyk wat hy as eksterne eksaminator by die slot van my betoog in potlood geskryf het. In geen onduidelike taal nie, het hy kortweg aangedui dat die idealisties-utopiese rol wat ek vir die Afrikaanse roman en die literatuurwetenskap in die toekoms van die land voorstel, nie vir hom haalbaar klink nie. 'n Mens sou jouself inderdaad vandag nog steeds kon afvra, soos hy destyds, hoe de f** dit moontlik sou wees, maar ek verkie om hoopvol te bly.

In die middel van die negentigerjare het 'n kollega met die beste bedoelings in die wêreld vir Piet Erasmus van die Departement Antropologie na my verwys vir taalversorging van 'n artikel wat hy in Afrikaans geskryf het. Die lang man met die donker oë het in my kantoor en in my hart ingestap, en die gesprek tussen ons het tot vandag toe nog nie opgehou nie. By hom het ek die plek gevind waar ek kon voel dat ek meer as genoeg is. Sy lieflike dogters, Margite en Gizela, het ook deel geword van my en my seuns se lewens. Ek en Piet is in 1995 getroud en het saam reise onderneem na plekke in die wêreld waar vakgenote byeengekom het – antropologie en inheemse studies vir hom, en taalbemagtiging en gemeenskapsbetrokkenheid in my geval. Hy is mettertyd bevorder tot departementshoof van en hoogleraar in Antropologie. Tydens ons akademiese loopbane het ons referate gelewer en gepubliseer soveel ons maar kon. Innerlike reise kon ons in tandem aanpak. Tans tydens aftrede is ons steeds saam op pad na die niet en die verskiet.



Personnel corps of the Afrikaans and Dutch Department in 1990.



dolos

Terwyl ek verbonde was aan die departement het ek van tyd tot tyd resensies gelewer vir die Volksblad. Een daarvan het skeefgeloop. Die sentrale gegewe van 'n novelle (of kort roman?) het my nie oortuig nie en dus was my resensie nie positief nie. Na 'n tyd het ek 'n brief per pos ontvang waarin die skrywer my daarop gewys het dat die resensie as 'n persoonlike aanval beskou is. Dit het vir my lig gewerp op die intensheid van die kreatiewe skryfproses waarvoor ek voorheen nie genoeg waardering gehad het nie. Ek het nog altyd bittere berou oor die skryf van daardie resensie.

Die uitsonderlike persone wat ek van nader leer ken het tydens my kortstondige deelname aan die Departement Afrikaans en Nederlands se werksaamhede, het onuitwisbare indrukke op my gelaat. Ek het lewenslesse by haas elkeen van hulle geleer. Die een mens wat ek wil uitsonder, is doktor (later professor) Alf Jenkinson. Hy was 'n goeie vriend vir baie van ons en huis daarom was dit so 'n vreugde om die lieflike rooikop uit die Kaap te ontmoet wat sy lewensmaat geword het. Alf het vriendelik en entoesiasties kennis oorveral klassieke musiek en taalkunde gedeel. Hy het my onder meer daarop gewys dat ek voorsetselweeslating pleeg in gesprekke. Ek let dié taalfout steeds op en onthou ... Dalk is dit nie meer verkeerd nie. Soos *huidiglik*. Ek wonder ... 'n Uitdrukking wat Alf gebruik het, bly my ook by tydens aftrede. Hy het graag gesê dat dit nooit te laat is om gelukkige kinderjare te hê nie.

Nadat ek by die departement weg is, het ek geleentheid gevind om in 'n gemeenskapskonteks my liefde vir taal en gemeenskapkwessies te versoen. Dit het gekom deur 'n kontrakaanstelling met befondsing van die Vlaamse Regering in die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging van prof. Theodorus du Plessis. Eerstens was ek betrokke by die opleiding van gemeenskapstolke wat tussen pasiënte en professionele persone kan tolk en daarna was ek bestuurder van 'n projek gemik op die opleiding van tolke en vertalers om binne die verband van plaaslike regering taaldienste te lever.

Tans woon ek en Piet in 'n Weskaapse dorp tussen berge en boorde, een uur weg van die see af. Toe ons hier aankom, was dit vir my duidelik dat die patronen van bevoorrering teenoor intense armoede nog hier die ou patronen aanneem. Die utopiese ideale wat ek aan die begin van die negentigerjare as doktorale student gekoester het, en ook tydens my entoesiastiese deelname aan die *scholarship of engagement*, is nog nie hier sigbaar nie. Tog is die Afrikaans wat deur die meerderheid op ons dorp gepraat word lewendig, loslit, vrypostig – en so vind ek 'n tuiste in ons almal se taal.

18. Ida Meiring

My eerste kennismaking met die Departement Afrikaans en Nederlands (nog sonder Duits en Frans) strek terug tot 1978 – my eerstejaar aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Ons was BAIE studente en is in twee groepe verdeel omdat die lesinglokale (Wesblok) te klein was om ons almal in een klas te huisves. Eers veel later het ons besef watter voorreg dit was om onderrig te kon kry by mense soos dr. Charles Malan, prof. Jan Senekal, dr. Gert van Jaarsveld en mnre. Hennie van Coller en Alf Jenkinson (wat een boomdiagram oor drie borde heen kon teken).

In my honneursjaar (in Taalwetenskap) het ek by Afrikaans en Nederlands aan die projek oor Griekwa-Afrikaans gewerk. Skielik was mense soos prof. Christo van Rensburg en mnre. Alf Jenkinson my kollegas. Dr. Hennie van Coller en mnre. Louis Venter en Daniel Hugo was almal jong akademici verbonde aan die departement. Die projekleiers, proff. Van Rensburg en Hans

dolos



du Plessis, was aansteeklik passievol oor die projek en kollegas soos prof. Jarries en (destyds nog mnr.) Theo du Plessis het toegewyd meegedoen aan al die veldwerkekskursies. Met 'n bandopnemer het hulle kassette vol stories opgeneem waarna ek geluister het, getranskribeer het en die verskillende taalverskynsels moes aanteken. Die Griekwas van veral Campbell het later soos familie gevoel. Die eindproduk was 'n omvattende verslag waarop die UV en die departement met reg baie trots kon wees.

Na sowat 12 jaar weg (en na die geboortes van my en Anton se seuns, Anton en Petrus) is ek in 1993 weer as administratiewe personeellid aangestel by die departement. Ek kan terugdink aan kosbare kollegas en mooi geleenthede. Met my terugkeer was dr. Van Coller prof. Van Coller en departementshoof, mnr. Venter was prof. Venter en mnr. Jenkinson was dr. Jenkinson. Weer eens was dit 'n voorreg om by ouer en wyser persone te leer van die akademie, maar ook van menswees. 'n Mens het byna asem opgehou as prof. Richards (voormalige viserektor) begin filosofeer het, want daar was só baie te leer. By prof. Jaap Steyn (formidabele navorser en skrywer) het ons almal geleer van deeglikheid, toewyding, ordentlikheid en nederigheid. Op 'n meer praktiese vlak is ek bv. een dag met 'n wynlysie in die sak by die kantoor weg nadat ek vir die wyn-ghoeroe in ons midde (prof. Van Coller) gevra het wat goeie en veilige wynkeuses sal wees vir 'n funksie. Daardie wynname is steeds deel van my inkopielyste.

Ek dink aan die meerdere verskuiwings van die literêre argief – eers in 'n lokaal in die ou biblioteek (toe genoem die Leroux-versameling). Na enkele jare het die UV-owerhede besluit dat die argief moes trek en weer was dit 'n enorme werk van oppak, orden, inpak en uitpak en is die argief hervestig in 'n mooi lokaal in die Sasol-biblioteek. Binne 'n paar jaar moes die argief egter weer verskuif – terug na 'n lokaal in die Johannes Brill-gebou.

Ek dink aan die beginjare van die Gesellig Afrikaans-kursus (voor dit nog 'n KLP of aanlyn was en dit "Bedryfsafrikaans" genoem is). Ons het klas gegee in die literêre argief in die ou biblioteek. Jaar vir jaar het die studente gegiggel oor "onthou die deelteken op hoërskool!". Onder leiding van Angelique van Niekerk is hierdie kursus uitgebou tot twee amptelike kortkursusse, 'n aanlyn kursus en amptelik geakkrediteerde kursusse vir vreemdetaalsprekers.



UV-kolgas tydens die inwyding van die literêre argief, 2013.

Alta du Plessis (heel regs) was toe die argivaris.



Ek onthou 'n spesiale geleentheid wat ons gehou het vir al die vorige departementshoofde en waar proff. Badenhorst, Beukes, Senekal, Kok, Van Heerden en Van Rensburg teenwoordig kon wees. Dit was kosbaar om soveel van die oudleiers byeen te kon hê. Ek onthou 'n geleentheid waartydens ons 'n ontbyt gehou het vir adminpersoneel van die kampus om dankie te sê vir hul hulp met allerlei kwessies. Damespersoneel van die departement het self die geregte gemaak – geen geld vir spyseniers nie. Ek onthou ook filmaande by Naln waar ou Afrikaanse films vir studente vertoon is en almal volgens die tydvak van die film aangetrek het – die uwe met 'n geleende geel rok, geel kraal en geel skoene. Daar was ook talle taaldagvieringe met boereworsrolle, stroopwafels, sap en musiek voor die Flippie Groenewoudgebou.

Die dames-kollegas kon nog altyd 'n hegte span vorm. Tydens een van prof. Van Coller se oorsese besoeke het ons afgespreek om mekaar 'n teetyd in sy kantoor te ontmoet vir tee en koekies en omdat dit 'n deftige affère was, het ons ook elkeen 'n hoed gedra. Ons het heerlik tee gedrink, geklets en gekuier ... en die kampusfotograaf laat kom om 'n amptelike foto te neem. Jare daarna was prof. Van Coller se reaksie toe hy die foto sien "Hmmm, ek sien in jul oë dis net 'n kwessie van tyd, dan vat julle oor".

Ek onthou ook met deernis hoe ek en Alf Jenkinson kon kopstamp kort voor semestersyfers bekendgemaak moes word. Alf was altyd die man met die sagte hart en studente kon hom behoorlik uitbuit. Dit het veroorsaak dat hy hul gereeld ekstra geleentheid gegee het om werkstukke in te handig, toets te skryf ens. – met die gevolg dat sy punte dikwels laat was vir afhandeling. Op 'n keer was ek en Alf saam die ooggetuies van 'n student wat oneerlik in 'n eksamen was en ons moes dit met prof. Van Coller (departementshoof) gaan uitklaar. Ons het hom geskakel en gevra om hom dringend te gaan spreek. Nadat ons vir hom die situasie geskets het, het prof. Van Coller 'n diep sug van verligting geslaak, want hy was oortuig dat my en Alf se konflik ernstige nuwe hoogtes bereik het en dat hy as tussenganger sou moes optree.

Ek dink ook terug aan buite-persone wat ons goed leer ken het:

- * die skrywer George Weideman wat vir maande 'n inwonende skrywer by die departement was
- * prof. Marcell Janssens wat vir enkele weke op besoek was
- * prof. Jerzy Koch (tans navorsingsgenoot) wat gereeld vir langer tye by die departement besoek aflê
- * prof. Jacques van der Elst wat gereeld as gasdosent opgetree het
- * talle Nederlandse en Poolse studente wat as deel van uitruiloooreenkomsste by Kovsies kom studeer het.

19. Anthea van Jaarsveld

Ek was 'n personeellid van die departement vanaf 1988 – 2017. Ek matrikuleer aan die Hoërskool Vryheid in Noord-Natal in 1983 waarna ek Drama studeer aan die UOVS vanaf 1984-1986 met Afrikaans as een van my hoofvakke, daarna HOD, en honneurs in Afrikaans en Nederlands in Letterkunde. In 1990 voltooi ek my MA-studie onder prof. H.P. van Coller met 'n verhandeling getiteld, "Referensialiteit in Blaaskans, die bewegings van Flip Nel deur John Miles". In 1994 voltooi ek my PhD ook onder prof. Van Coller met die titel, "Referensialiteit

dolos



binne die onderrigkonteks van Afrikaanse Literatuur". Vanaf 1988-1989 is ek aangestel as navorsingsassistent in die Leroux-projek onder prof. H.P. van Coller. Ek verlaat die UV in 1990 toe ek 'n aanstelling kry as Drama-onderwyser aan die Hoërskool Eunice waar ek onderrig gee in Drama en Engels.

Ek word in 1994 weer aangestel by die Departement Afrikaans en Nederlands na die aftrede van mnr. André Viviers in die vakgebied letterkunde waar ek die dramagenre doseer. Vir die volgende 23 jaar sou ek doseer en publiseer in die departement. My navorsing val onder die letterkunde-sambrel en sluit in publikasies oor die drama-, televisie- en filmgenres, tekstuele analyses van Afrikaanse en Nederlandse dramas, films en televisiereekse, teater- en filmteorie en semiotiek.

Ek onthou goed die laat tagtiger- vroeg negentigerjare met die rasionalisasie-beleid aan die UOVS. Dit het 'n blywende negatiewe effek op die departement gehad. Ek onthou hoe die negatiwiteit, 'n soort desperaatheid en magteloosheid vir jare nog oor die departement gehang het. Dit het by tye kollegialiteit en selfs vriendskappe op die spits gedryf.

Op 'n liger noot onthou ek die drama wat ek en 'n kollega, Rentia Spangenberg, geskryf het met die aanstelling van prof. Van Coller as nuwe departementshoof. Dit was 'n verwerking van Verna Vels se bekende *Liewe Heksie*-narratief na die drama *Liewe Hennie*. Al die dames in die departement het rolle vertolk in hierdie gewaagde drama.

My mentor, prof. Van Coller, het my vanaf my eerstejaar, deur honneurs, MA en PhD-studie gevorm tot die akademikus wat ek vandag is. Steeds publiseer ons graag saam aan literêre artikels en het ook saamgewerk aan die vertaling van twee Bybelboeke, Matteus en Galasiërs vir die nuutste Bybelvertaling.

In 2018 aanvaar ek 'n pos by die Departement Drama en Teaterkuns aan die UV en beëindig daarmee my jarelange direkte verbintenis met die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans.

Ek is getroud met Riaan van Jaarsveld en het twee kinders, Michall en Thea.

20. Lizette du Preez

Ek was van 1 Junie 1995 tot 31 Desember 2017 deel van die personeelkorps van die departement.

My kinder- en skooldae het ek op Benoni, Springfontein, Cloolan en Bloemfontein deurgebring. My pa was 'n predikant en ons het so gemiddeld 4 jaar in 'n dorp gebly. Matriek verwerf ek aan Hoërskool Sentraal in 1974. Dit was nog in die ou Andries Pretoriusstraat. Die hartspesialis, dr. Susan Vosloo, was een van die bekendes wat in my klas was. In 1977 behaal ek aan die UV my graad BA Kommunikasie met Afrikaans, Engels, Duits en Kommunikasiekunde as hoofvakke. In 1978 voltooi ek my HOD ook aan die UV. Bernard Odendaal was ook in my groep gewees. Na my troue in 1979 verhuis ons na die Oos-Kaap. My man was aan Fort Hare universiteit verbonde – by die Landbou Fakulteit. Ek het vir die jaar wat ons daar was Afrikaans aan onderwysstudente by die Lovedale Kollege gegee. Bekende Afrika-leiers het ook aan die kollege studeer. Met ons terugkeer na Bloemfontein het ek my honneurs in Afrikaans en Nederlands vanaf Januarie 1981 gedoen en in Junie 1982 voltooi. My modules was in die taalkunde met ook 2 in die letterkunde. Dr. Annette de Wet en prof. Theo du Plessis het saam met my studeer. Bekende dosente wat vir ons klas gegee het, was proff. C. van Rensburg, J. Senekal, G. van Jaarsveld en A. Jenkinson; asook dr. A. Klopper.



dolos

Met my aanstelling by die departement was ek aan die beginjare gemoeid met *Perspektief en Profiel* (1998-uitgawe) onder prof. H.P. van Coller. Ek het met Van Schaik-uitgewers en die letterkundiges wat die profiele en perspektiewe gedoen het, geskakel. Vanaf 1998 was ek die akademiese assistent vir letterkunde en het saam met mev. Ida Meiring gewerk. In later jare het ek spesifieke take gehad soos die inlees van die jaarlikse Rimsverslae oor die dosente se akademiese bydraes (boeke, vaktydskrifte, ens.)

Hoogtepunte was daar baie. Om saam met ou dosente te kon werk was 'n voorreg. Ek dink met mooi herinneringe terug aan my oudkollegas. 'n Laagtepunt was in Februarie 2012 met prof. Alf Jenkinson se skielike afsterwe. Ek dink ook aan baie begaafde en oulike studente met wie ek in my werk te doen gehad het. So iemand was die kinderboekskrywer Jaco Jacobs. Ook Du Preez Strauss en Louis Botha.

Chris en ek was in April 2021 al vir 42 mooi jare getroud. Hy was dosent en later departementshoof van die Grondkunde Departement aan die UV se Landbou Fakulteit. Ons kinders is Wian, Liandi en Tilani. Al drie het aan die UV studeer. Ek is ouma van 3 pragtige kleinkinders Marguerite en Isabella du Preez asook Luan van Wyk.

As ek terugdink onthou ek ook weer vir Alf. Prof. Alf Jenkinson het ek in my honneurs ontmoet en was eers versigtig vir die dosent wat altyd in die biblioteek kom gesels het. Tot ek later besef het hy het 'n opregte belangstelling in mense. Maar ons het hom menigmaal geterg dat hy die meisie-studente beslis voortrek het! Prof. Jan Senekal was koshuisvader van 'n UV-meisiekoshuis. Ek onthou die honneursklasse by hom in sy woonstel en sy twee jong kinders wat deel van die klas was. En oor al die banke en tafels geklouter het! Prof. Christo van Rensburg het altyd op sy rustige manier klas gegee, met sy pyp in die hand.


Een van die aangename ervarings was om te ontdek dat my ouma, Lettie Herholdt, vir prof. Jaap Steyn en my oom Albrecht in die Lindley omgewing in 'n plaasskool se laerskool skoolgehou het. En prof. Alf Jenkinson se gesegde dat dit nooit te laat is vir gelukkige kinderjare nie!

21. Angelique van Niekerk

My eerste kennismaking met die Departement Afrikaans en Nederlands was in 1988 as 'n voorgraadse student, Angelique Pienaar wat kommunikasiewetenskappe studeer het. Afrikaans en Nederlands was aanvanklik 'n byvak, want 'n goeie joernalis wat die wêreld wil sien, moet seker in meerderale tale haarwoord kan doen en skryf, het ek gedink. My entoesiasme was groot toe ek in my derdejaar by die veelsydige Coenie de Villiers in die Departement Kommunikasiekunde klas gehad het. Dit wat ek geleer het in die Departement Afrikaans en Nederlands (Duits en Frans was toe nog aparte departemente) het 'n wêreld vir my oopgemaak met die gevolg dat ek die byvak gewysig het na 'n hoofvak en toe ek in honneurs beland, kon ek eenvoudig nie kies tussen taal- en letterkunde nie. Dit was sekerlik die lekkerste jaar van my studies en ek was baie gelukkig om die dekaansmedalje vir die beste honneursstudent in die fakulteit te kry. Die Nederlandse letterkunde was uit 'n ander wêreld. Toe ons in honneurs (1991) saam met die dosente na Nederlandstalige films, byvoorbeeld van die boek van Lous Paul Boon 'Menuet', gekyk het, was van ons meisies se kêrels in ander fakulteite nogal geskok, maar hul het nietemin of dalk huis daarom bly sit en gereeld die films wat ons moes kyk, ook bygewoon.

Een van die vele dosente by wie ek baie aanklank gevind het as kollega en later baie goed bevriend het (alhoewel hy my as voorgraadse student baie 'uitgedaag' het) was dr. Alf

dolos



Jenkinson. Dit was huis omdat hy so sorgsaam en uiters geduldig met al wat "agterossies" was, dat ek liefs heel agter in die groot klasse van destyds (140 studente per groep) gaan sit het. Alf (later prof. Alf) was 'n man wat met ewe veel passie en boonop in suiwer Standaardafrikaans kon gesels oor draaibanke, boomdiagramme en klassieke musiek. Hy het sonder enige kwade bedoelings kollegas, ook 'Baas Hendrik' soos hy die departementshoof, Hennie van Coller, genoem het, se dokumente met 'n rooi pen talig versorg as hy net sy hande daarop kon lê. Ons het later jare baie goeie huisvriende geword; soveel so dat my kinders, Daniel en Comien, dikwels in oom Alf se garage gaan speel het of op sy rug perdjie gery het. Die wiel draai en insig kom eers veel later, want as voorgraadse student het dit vir my persoonlikheidsprofiel net te stadig gegaan en ek kon nie begryp dat dr. Jenkinson so geduldig was met 'kleine juffrou die' en 'kleine juffrou daai' nie.

Wanneer prof. Louis Venter begeesterd oor werk van die Nederlander Joost van den Vondel gepraat het, kon jy, ten spyte van die vele entoesiastiese (selfs teatrale) dramastudente, 'n speld in die reuse klasse hoor val. Prof. Jaap Steyn het in dié tyd ook 'n kantoor by die departement gehad, of dalk is 'n *argiefruimte* 'n nadere beskrywing. Toe hy aan Van Wyk Louw se biografie (1998) gewerk het, het hy gereeld via Tafelberg uitgewers en my vriendin Riana Barnard (oudstudent van die departement) elektroniese dokumente ontvang waarmee ek soms moes help. Selfs senior studente het nie met prof. Jaap praatjies gemaak nie, want hy was a) privaat van draad en b) het ons geweet ons kon self nie veel bydra tot enige akademiese gesprek met hom nie. Toe ek dus hoog swanger in 1997 en in die mode van die tyd in 'n "sonneblom-tent" by sy kantoor klop, het hy vanuit die letterlike torings boeke oorgeloer en soos altyd besonder hoflik en dankbaar gereageer op enige hulp. Met die omdraaislag, kry ek as jong (kontrak-) dosent die mooiste kompliment van die slim professor: "Terloops u lyk baie mooi vandag." En ek was onder die indruk dat prof. Jaap nie notisie neem van die gewone aardse bestaan nie!

Ek het in die negentigerjare in verskillende deeltydse (4/8ste) lektorate begin werk binne die Departement Afrikaans en Nederlands en in 1996 ook by die ETFB (Eenheid vir taalfasilitering en bemagtiging). Die entrepreneuriese aard van onder andere prof. Theo Du Plessis (ook eens by die Departement Afrikaans en Nederlands) het my baie geïnspireer en geleer. My eerste internasionale referaat lewer ek in 1996 in Antwerpen nadat ons groepie kollegas van die ETFB (UV) die vorige aand laat saam gekuier het in *De Volle Maan* kroegie. Gevolglik het ek nie die volgendeoggend my gebruiklike kloppie aan almal se deure by ons *pension* gemaak om te sorg dat die hele geselskap (onder andere Theo du Plessis, Annelie Lotriet, Ruth Ulliyatt, Lebohang Mathibela) betyds aanmeld nie. Die positiewe hiervan was dat ek heeltemal te uitgeput was om energie te kon hê vir spanning oor die referaat en daarmee was die ys ook gebreek. Kollegialiteit was hier die norm en selfs ekstreem so. My tas het byvoorbeeld verlore geraak onderweg na België en ek het by'n baie eenvoudige winkel net die broodnodige kouse, kam, ens. gekoop totdat my tas opgedaag het. Toe ek inpak vir die terugreis na Suid-Afrika het ek o.a. die garingdraadsokkies en goue kam wat blinkertjies in jou hare agterlaat as jy dit gebruik in die *prullenbak* gelaat. Die *pension*-eienaar het dit goed gedink om die sakkie vir my kollega, Theo du Plessis, te neem, want hy het 'n dag langer gebly voordat hy en sy vrou met 'n rugsak deur Frankryk sou gaan toer. Hy het sowaar sonder om die inhoud van die sakke te bekijk dwarsdeur Frankryk die "weggooigoedjies" saamgedra tot in Bloemfontein.

Aan die einde van die negentigerjare het dosente van verskillende departemente saam op Vrydagmiddae 15:00 en soms op Saterdagoggende 06:00 per motor na Kimberley gereis om daar te gaan klasgee. So saam in 'n motor leer 'n mens mekaar en kollegas van ander



departemente goed ken. Wonderlike netwerke is gebou en die administratiewe dame met die naam Hester – as ek reg onthou – het ons na hand en tand bedien met heerlike warm eetgoed en koffie en tee as ons arriveer. Teen 20:00 die aand sou ons dan terugdraai na Bloemfontein. Ek het een Saterdagoggend verslaap en toe die bussie 06:00 van UOVS se sekuriteitsafdeling moes vertrek, het ek nog maar pas wakker geword. Die uiteinde was dat ons die bussie moes ‘injag’ sodat ek van Dealesville af verder kon saamry en die middag weer saam kon terugkeer na Bloemfontein.

In 1994, na die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika, is wêreldgrense vir Suid-Afrikaners behoorlik oopgestel en daar was ’n geleentheid om vir ’n 5 weke besoek na Nederland en België te gaan. Ek het die geleentheid gebruik en my kollega, Bernard Odendaal, toe nog verbondé aan die UV, en nog sowat 10 ander Suid-Afrikaanse dosente soos Marius Crous, Louise Viljoen, Danie Jordaan, Nerina Bosman, Marga Stander het die vier weke kursus in Utrecht bygewoon. Dis hier waar Bernard en ek mekaar begin ‘boet’ en ‘sus’ noem het. Hy was voorwaar ’n kollega met wie ek heerlik saamgewerk het. Met die intrapslag by die James Boswell instituut in Utrecht moes ons onsself in Nederlands voorstel en iets oor jouself in Nederlands vertel. *‘Het was geen leuke manier om van start te gaan met een ‘nieuwe taal’*. Hierop was ek en vele ander nie voorbereid nie, want in ons kurrikulum was Nederlandse taalverwerwing op daardie stadium totaal afwesig. Na die kursus was ek so besiel en ek en Bernard het die uitsluitlik Nederlandse module, *Nederlands en die Nederlande* in 1996 ontwikkel. Sedert 2020 het die departement ’n volledige aanlyn kortleerprogram in Nederlandse taalverwerwing naas die aanvanklike module wat op taal en poësie gefokus het.

My eerste besoek aan Europa op 26 jarige ouderdom was voor Google en sosiale media. Ek was, soos my tydgenote, meestal net stomverbaas oor ’n andersoortige wêreld gevul met gragte, stroopwafels, *patat frit* met mayonaise, ’n verskeidenheid biere en boekwinkels so groot soos afdelingswinkels. Ek het soveel boeke en cd’s met my eerste besoek aan Nederland en België gekoop dat ek die meeste van my klere per boot na SA teruggestuur het. Omdat ek elke hoek van my tas moes vol pak met stroopwafels, Belgiese kant, boeke, cd’s met Nederlandse en Belgiese musiek – alles wat ons nie geken het nie – het ek selfs my skoene vol geprop met kleiner kledingstukke ter wille van ruimte. Dit was ’n besondere groot vernedering op Amsterdam se Schiphol-lughawe toe die klein bolletjies wit lap binne my skoene verdag gelyk het onder die skandeermasjien en die doeane-beampte dit een vir een uitgeryg het uit my skoene om seker te maak dit is nie (onwettige) inspirasie in poeierformaat wat ek probeer uitsmokkel nie.

Verskillende inisiatiewe van die Nederlandse Taalunie (NTU) het vir my (sedert 1994) en vele ander wonderlike leerervarings gebied waarvoor alle Afrikaanse taaldepartemente net besonder dankbaar kan wees. Die dosentuitwisselingsakkkoord met die KUL (Katolieke universiteit van Leuven) in 2005 het my en kollega, dr. Annette de Wet, beide die geleentheid gegee om elk vir 6 weke daar onderrig te gee. Dit was ’n goeie eerste oefenlopie vir latere geleenthede en vir ’n onderrigwêreld wat onherroeplik in 2020 verander het toe ek as gasdosent by Leiden volledig aanlyn moes onderrig gee vir die Nederlandse studente weens die wêreldwye Covid 19-pandemie.

Terwyl ek my meestersgraad onder prof. Jarries (Gert van Jaarsveld) in 1992 gedoen het, is studente-assistente poste geadverteer en een so’n pos was ’n kontrakaanstelling as juniordosent. Prof. van Coller (toe departementshoof) het my gevra waarom ek nie aansoek gedoen het nie en dit blyk toe dat my aansoek onverklaarbaar weggeraak het, maar uiteindelik het ek die

dolos



baie deeltydse werk gekry. Twee derdes van my salaris van R875.81 in 1993 het ek aan my voorgraadse studentelening afbetaal, want ek het voorgraads vir drie jaar in die Welwitschia koshuis gebly met die leningsbedrag. Met beurse vir akademiese meriete van onder andere die destydse RGN het ek my studiegeld voor- en nagraads kon bekostig.

Pas na my meestersgraad se voltooiing, het ek die eerste keer in 1993 'n vakkongres bygewoon en 'n referaat gaan lewer en omdat ek naïef onder die indruk was, of in onkunde gelaat is dat dit verpligtend was vir nuwe dosente. Dis by die LVSA/LSSA-kongresse (Linguistevereniging van Suid-Afrika) waar ek die eerste keer ook vir prof. Henning Pieterse ontmoet het wat baie jare later ook by die departement sou aansluit. Asof die spanning van so 'n eerste referaat in 1993 nie erg genoeg was nie, was prof. Wannie Carstens in dié tyd reeds besig met sy eerste konsepweergawe van die boek Afrikaanse Tekslinguistiek (1997). Prof. Gert van Jaarsveld was 'n kritiese leser of iets in dier voege en omdat ek 'n student van hom was, het hy dit vir my gegee om ook te lees, want in my PhD het ek ook die taalkundige verskynsels *kohesie* en *koherensie* ondersoek. Die kommentaar wat ek toe vir hom as my dosent geskryf het op die teks, het hy ongesensor ook met prof. Wannie (alias *prof. Ensiklopedie van die Afrikaanse grammatika*) gedeel. By die kongres, in die middagete-ry, stel hy my voor aan prof. Wannie met die woorde: "Dis nou Angelique wie se kommentaar ek vir jou gegee het". Al wat ek kon dink, was: Aarde val op my, en heuwels bedek my! So leer 'n mens ... Later was ek baie dankbaar vir die leerkurwe as nagraadse student wat ek onder prof. Jarries se uiterste menslikheid kon beleef het. Sy terugvoer op 'n hoofstuk se skryfwerk het soms net 'n getekende potlood *emotikon* geïmpliseer: 'n Glimlaggesiggye of 'n so-so gesiggye en 'n hartseer gesiggye het beteken daar was nog baie te doen vir my. Dit was voor rubrike en elektroniese terugvoer deel van nagraadse studieleiding geword het.

My PhD (1996) het ek op 27-jarige ouderdom voltooi – veel geleer en nog maar min geweet! Ek het onder andere na die rol van kohesiemarkers gekyk vir optimale luistervaardigheid en luister-onderrig. Prof. Van Coller (die departementshoof) het dit toe goed gedink dat ek net daarna by een of ander UV topbestuursvergadering by Maselspoort in 1999 iets gaan vertel oor luistervaardigheid. As jong gedoktoreerde dosent was dit ietwat intimiderend (en gewoon vergesog) om vir mense soos ons rektor in die tyd, prof. Frederick Fourie, te vertel wat ek "wys" geword het oor beter en effektiewe luister.

Ek het in 2001 'n permanente aanstelling in die Departement Afrikaans en Nederlands gekry en as jonger dosent bied jy alles aan wat die gevinstige dosente nie huis voor lus het nie, maar daardeur leer jy self ook veel en meer as wat jy dalk beoog het. Net voor my permanente aanstelling aan die UV het ek 'n keer gaan kla oor die herhaalde hernuwing van my kontrakaanstelling wat 'n groot doseerlading geïmpliseer het, maar geen byvoordele ingehou het nie. In die lig van die tydsgees vandag is dit ondenkbaar, maar my klagte is afgewys met: "Jy is nie 'n broodwinner nie." Die opmerking kry 'n mens van vroeg trou, maar gelukkig ook twee kinders, Daniel (1997) en Comien (2001).

Vroeg in 2001 (met 'n tweede baba op die heup) het ek besluit om 'n terugkeer na Kommunikasiewetenskappe te maak en ek het 'n tweede meestersgraad in 2002 voltooi. In die tyd was studieverlof vir mense met kontrakposte nie 'n opsie nie. Prof. Terry Terblanché was toe die departementshoof by Kommunikasiewetenskappe. In 2004 tot 2018 het ek ook by die departement Kommunikasiewetenskappe gedoseer. Die herkurrikulering aan die UV en die Fakulteit Geesteswetenskappe in ongeveer 2003 het 'n praktykgerigte fokus gehad. Een so 'n nis was (advertensie) kopieskryf en daarvoor het ek dadelik my hand opgesteek omdat ek



twee akademiese liefdes so kon versoen.

My onderrigfokus is gerig op vreemdtaalverwerwing (Nederlands en Afrikaans) en my geakkrediteerde navorsingsuitsette sentreer veral binne toegepaste linguistiek en advertensiekommunikasie (applied linguistics).

As jong dosent in die Departement Afrikaans en Nederlands het ek ook die eerste keer kennis gemaak met iets wat my na aan die hart lê, naamlik Gespreksafrikaans – die aanleer van Afrikaans vir vreemdtaalsprekers. Kollegas soos Annette de Wet, Irma Loock en Ida Meiring het op 'n informele basis ook op aanvraag die kontakkursus aangebied.


In 2007 het ek die eerste formele kortleerprogram vir Afrikaans as vreemde taal aan die UV geregistreer. Riana de Beer was die eerste projek-assistent en sy het gehelp om die formele kortleerprogram van die grond af te kry – toe nog in CD-ROM-formaat. Vir die CD-ROM-formaat is daar kwotasies ingewin en een daarvan was huis van Gerrit du Preez, maar dit het ek nie wou aanvaar nie, min wetend dat ons 'n paar jaar daarna sou trou. Vandag is ek en die kollegas hierby betrokke trots op die eerste geakkrediteerde aanleerderskursus vir Afrikaans aan die UV en die kursus word ook sedert 2018 volledig aanlyn aangebied onder die naam *Gesellig Afrikaans*. Alison Stander en Ida Meiring fasiliteer die kortleerprogram waarby ek steeds nou betrokke is. Besoekende internasionale dosente en studente het tot voor Covid-19 die grootste deel van die inskrywings op kampus uitgemaak. Alhoewel taalverwerwing in Afrikaans die fokus is, het die kursusruimte 'n tipe sosiale ondersteuning gebied vir besoekers van regoor die wêreld wat hul skielik in 'n vreemde stad sonder openbare vervoer bevind het. As dosente was ons net so verbaas oor die leerkurwe as studente uit Frankryk en Pole binne 13 weke al 'n bietjie Afrikaans kon praat en ons selfs met begeleide kitaarspel by die sertifikaatgeleenheid 'Lisa se klavier' of 'Royal hotel' kon sing as 'n verrassing vir klasmaats en fasiliteerders.



Kollegas betrokke by die Nederlandse Kortleerprogram, v.l.n.r.: Karen Combrinck,
Nerina Bosman, Lieve De Wachter en Angelique van Niekerk

Sedert 2004 is die departement en ek gemagtig om die internasionale eksamen vir Nederlands

dolos



(CNaVT) te mag afneem. Sodoende kan ons verseker dat ons eie modules studente genoegsaam voorberei vir die internasionale Nederlandse eksamen – *Certificaat Nederlands als vreemdtaal* (CNaVT). Met behulp van 'n befondsingsaansoek vanuit die departement in 2019 aan die Nederlandse Taalunie (TU sedert 2020) is 'n kortleerprogram en volledige aanlyn module vir Nederlands as vreemde taal ontwikkel met die dosentvennote, UP (prof. Nerina Bosman) en KUL (prof. Lieve De Wachter). Karen Combrinck hanteer die kursusadministrasie van beide kortleerprogramme sodat die departement enige belangstellende ook buite die grense van die UV en die Bloemfontein-kampus kan help om Nederlands of Afrikaans aan te leer.

Prof. Van Coller was die departementshoof tot in 2014 en saam met die Afrikaanse letterkunde, 'n besondere werkywer en fokus op navorsing, het almal wat nou saam met hom gewerk het, ook opleiding in *decorum* en beter wynkennis opgedoen. Dit het verseker gehelp vorm gee aan die sosiale netwerk binne die departement wat vandag nog in plek is sodat ons as kollegas graag ook buite die werkkring mekaar sosiaal opsoek as die dag by die kantoor nie geleentheid gebied het om teen tien uur saam tee te drink nie. Dis hier waar ons probleme oplos en ontlaai van akademiese druk en die druk van die lewe. In prof. Van Coller se tyd as departementshoof, was die jaarafslutingsfunksies besonder spesiaal as ons met handgemaakte geskenkies bederf is uit sy vrou, Elsa, se baie vaardige en kunstige hande. Die goeie ou dae!

Ek is in Januarie 2015 as die eerste departementshoof van die vroulike spesie aangestel in die oudste Departement Afrikaans in die land. Prof. Lucius Botes was toe die dekaan by die Fakulteit Geesteswetenskappe. Tans, in 2022, is prof. Heidi Hudson en prof. Chitja Twala onderskeidelik dekaan en visedekaan in die Fakulteit Geesteswetenskappe.

In die departementebole boekpublikasie is daar meer besonderhede oor die dinge en inisiatiewe wat ek in my termyn as departementshoof met die reuse samewerking van talentvolle en bekwame kollegas kon help realiseer. Dit sluit die verskeie kortleerprogramme, die openbare lesingreeks (op Vrydae in die akademiese kwartaal) die sukses van die MA in kreatiewe skryfkuns, nuwe nagraadse modules (taaltegnologie, resensiekunde, ens.), nuwe projekte en die suksesse van die gesprekstaalmodules in die departement en aan die UV in.

22. Ingrid Smuts

Ek is op Stellenbosch gebore en kom uit 'n Duitssprekende familie. Ek het in die Strand in die Wes-Kaap grootgeword, skoolgegaan en in 1967 gematrikuleer. Daarna volg 'ngraad in BA-Tale, met hoofvakke Duits en Afrikaans-Nederlandse, asook 'n onderwysdiploma aan die Universiteit van Stellenbosch. Ek is getroud met Jan en ons het drie dogters. Na sewe jaar in die Paarl en vyf jaar in Windhoek het ons Bloemfontein toe verhuis waar Jan in 1989 'n aanstelling in die Departement Engels aan die Universiteit van die Vrystaat aanvaar het.

Ek het altyd 'n passie vir Duitsonderrig gehad en het in 1999 na die rasionalisasieproses van 1997 in 'n krisissituasie as tydelik-deeltydse akademiese assistent en later ook as junior lektor by die afdeling Duits betrokke geraak. Toe die vakhoof, Camphie Saayman, aan die einde van 2000 die universiteit om gesondheidsredes verlaat, is die uitdaging aan my gestel om die onderrig van alle voorgraadse Duitse taalmodules asook letterkunde vir die eerstejaars oor te neem en ook die administratiewe take van vakhoof en assistent te behartig. Ek het vir 'n aantal jare ook die metodiekvak Duits vir HOD-studente aangebied. Danksy die besonder gewaardeerde ondersteuning en inspirasie van prof. Klaus von Delft, wat na sy vervroegde aftrede nog jare lank




dolos


goedgunstiglik deeltyds by nagraadse onderrig en studieleiding asook voorgraadse letterkunde betrokke gebly het, kon ek kop bo water hou. Ek het myself nooit as 'n ware akademikus beskou nie. Ek was egter gemotiveerd om die standaarde in die afdeling Duits hoog te hou en my kennis, ervaring en kundigheid in my vakgebied te verbreed. Ek het geleenthede benut om gereeld professionele ontwikkelingsprogramme van die Goethe-Institut in Johannesburg by te woon en was bevoordeel om, waar ek dit in universiteitsvakansies kon inpas, met beurse en toekennings van die Goethe-Institut, die IDV (Internationaler Deutschlehrerverein), die Herder-Institut van die Leipzig Universiteit en die Universiteit van Tübingen, asook met eie finansiering aan verskeie DaF (Deutsch als Fremdsprache)-seminare en werkswinkels in Duitsland en Oostenryk deel te neem. Ek het ook in die universiteitstad Jena in Duitsland by 'n internasionale kongres van die IDT (Internationale Deutschlehrertagung) 'n referaat gelewer.



Ingrid Smuts, Hennie van Coller en Cilliers van den Berg

dolos





Camphie Saayman en prof. K.U.T. von Delft van Afdeling Duits

Die afdeling Duits kon betreklik vry en onafhanklik binne die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans funksioneer, maar die gees van kollegialiteit in die groter departement het vir goeie samewerking en ondersteuning gesorg. 'n Verblydende ontwikkeling het in 2007 gekom toe eindelik weer 'n voltydse assistent op kontrakbasis aangestel kon word. So het verskeie lewenslustige en kompetente studente wat hul Duitsstudies nagraads voortgesit het, voortaan elk vir 'n jaar of twee die afdeling Duits se ratte help olie - Sanri le Roux, Hanlie Beukes, Lindi Heunis (Rheeder) en Loraine Bester – almal ligstrale wat boonop die beginnerskursus met entoesiasme aangebied het.

Dr. Cilliers van den Berg se aanstelling in 2008 het 'n nuwe fase vir Duits aan die UV ingelui. Die afdeling Duits het weer 'n jong, voortreflike senior lektor en navorser gehad wat ook vir die groter departement en die toekoms van Duits aan die UV besonder baie beteken.

Ek was graag betrokke by gemeenskapsdiensaktiwiteite rondom die onderrig van Duits aan skole in die Vrystaat en Noord-Kaap. Die afdeling Duits het jaarliks, in samewerking met die Goethe-Institut, indiensopleidingseminare vir Duitsleerkrugte georganiseer en aangebied. 'n Biblioteek, oftewel "Goethe-Institut Lehrmittelzentrum", met 'n verskeidenheid multimedia onderrigmateriaal vir Duitsleerkrugte, is deur die afdeling Duits bestuur. Ek het ook jaarliks die nasionale Duitsolimpiade vir die plaaslike graad 10- leerlinge afgeneem.

As geakkrediteerde eksaminator vir die Goethe-Institut se internasionaal erkende eksamens was ek organiseerder en mede-eksaminator vir die Goethe-Zertifikat B1 (veral vir seniorcertificaatleerlinge en eerstejaarstudente in die Vrystaat en Noordkaap), asook vir die gevorderde B2- en C1-sertifikaat-eksamens. Prof. Klaus von Delft en ekself het oor die jare meer as 300 Goethe-Zertifikat-eksamens aan die UV afgeneem. Dit was veral lekker as van die tweede- en derdejaarstudente die gevorderde B2- en C1-eksamens – sommige met lof (92%+) – kon slaag. Verskeie studente is ook beloon met beurse van die DAAD (Deutscher



dolos

Akademischer Austauschdienst) vir deelname aan winterskole aan 'n Duitse universiteit of taalskool of vir verdere studie in Duits aan die UV.

In die middel van 2013 kon die jarelange droom van 'n nuwe, groter Duitse seminaarkamer verwesenlik word. Die versoekbriewe oor vier jaar, het uiteindelik, danksy die voorspraak en ondersteuning van prof. Hennie van Coller en die dekaan, prof. Lucius Botes, vrugte afgewerp. Dit was vir my 'n groot vreugde om vir 18 maande, tot my aftrede in 2015, in die nuwe lokaal met sy ekstra beweegruimte, ingeboude rekenaar en TV-skerm in 'n gemaklike atmosfeer te kon klasgee.


Die studentegetalle by Duits aan die UV was nooit groot nie, maar oor die jare heen het belangstellende en meestal gemotiveerde en ywerige studente uit wyduiteenlopende studieveld Duits studeer. Dit was verblydend om te sien hoe studente groei en ontwikkel en hoe Duits vir hulle op dikwels verrassende maniere deure kon oopmaak, hetsy vir navorsing in hulle betrokke vakgebiede, verdere studie in 'n Duitssprekende land of besondere werkgeleenthede in 'n globale omgewing. "Ek is bly as ek daartoe kon bydra."

23. Cilliers van den Berg

My betrokkenheid by die departement het in die jaar 2000 begin, toe ek as redaksionele assistent gemoeid met *Stilet*, die amptelike joernaal van die Afrikaanse Letterkundevereniging, aangestel is. Destyds was prof. Hennie van Coller en Bernard Odendaal redakteurs van die tydskrif en was ek verantwoordelik vir al die administrasie rakende bydraes en publikasies. Hoewel ek nooit Afrikaans as vak by die UV studeer het nie, was Duits wel een van my hoofvakke in my derde studiejaar, en dus was ek skrms bewus van dosente en gebeurlikhede by Afrikaans. My voorgraadse hoofvakke was Duits, Engels en Filosofie, nadat ek as gebore Bloemfonteiner in 1996 aan Sand du Plessis Hoërskool gematrikuleer het. Duits was in die laat negentigs en vroeë 2000's in 'n moeilike situasie aan die UV wat studentegetalle en dies meer betref. My keuse om met 'n honneurs in Duits voort te gaan, was gebaseer op die feit dat die voormalige hoof van Duits, prof. Klaus von Delft, in hierdie tyd afgetree het. My bekommernis was dat sou ek eers met nagraadse studies in 'n ander vak voortgaan, ek nie weer die geleentheid sou hê om hom as nagraadse dosent te beleef nie. Dus het my eerste werk by die afdeling Afrikaans en Nederlands saamgeval met my honneursjaar by Duits (2000). Prof. Von Delft is natuurlik 'n legende in Duitse kringe in Suid-Afrika – 'n formidabele dosent met 'n ensiklopediese kennis wat die groot werke in die Duitse letterkunde vir vele studente ontsluit het. Sy betekenis vir Duits in die Vrystaat en in Suid-Afrika word deur niemand onderskat nie. My gunsteling herinnering aan prof. Von Delft is 'n baie spesifieke honneursmodule wat ek by hom geneem het: Thomas Mann en sy werk. Diegene wat Mann ken as die absolute meester van ironie, sal waardering hê vir die genotvolle oomblikke wat ek en my leermeester gehad het in die besprekings van *Buddenbrooks*, *Der Zauberberg* en dies meer. Dit was die ervaring van grootse letterkunde gepaardgaande met sprankelende humor.

Na voltooiing van my honneurs het ek voortgegaan met 'n MA in Duits, wat later na 'n PhD opgegradeer is (die graad is uiteindelik in 2003 toegeken) en ook 'n jaar van navorsing aan die Universiteit van Augsburg ingesluit het. Die tema van my PhD in Duits het gegaan oor die moontlikhede en beperkinge van betrokke literatuur, met spesifieke verwysing na die Duitse digter en intellektueel, Hans Magnus Enzensberger. Met my terugkoms uit Duitsland was my indruk van Europa so oorweldigend, dat ek planne beraam het om weer daarheen terug te

dolos



keer. 'n Opsie was om finansiële ondersteuning vir verdere studies te kry – iets wat ek as 'n moontlikheid gesien het deur verder in Afrikaans & Nederlands te studeer. Prof. Van Coller het aangedui dat hy my tot 'n PhD sou toelaat, wat beteken het dat ek in 2006/7 na die Universiteit van Leiden kon gaan vir navorsing. Hierdie PhD se fokus was op die representasie van trauma, met spesifieke verwysing na die Holocaust in die Nederlandse letterkunde. In 2008 word ek as lektor aangestel in die Afdeling Duits, waar ek aanvanklik die Duits beginnerskursus, en letterkunde in van die voorgraadse modules aangebied het. Sedertdien is ek verantwoordelik vir alle letterkundemodules in die afdeling, hetsy voograads of nagraads.

Die fokus van my navorsing is grootliks vergelykend van aard, hoewel ek heelwat oor trauma-representasie gepubliseer het. Ek sien tans die omgaan met moeilike verledes as die kern van my navorsing – 'n tema wat vergelykend, teoreties en in verskeie kontekste ondersoek kan word. 'n Voorliefde vir filosofie en literatuurteorie het daartoe geleid dat ek dikwelsveral teoreties oor die letterkunde besin – iets wat ongelukkig nie altyd terug te ploeg is in die doseerwerk wat ek doen nie. Daar poog ek om grootliks 'n oorsigtelike beeld van sekere aspekte uit die Duitse letterkunde aan studente te bied, wat genres, literêre strominge en outeurs betref. Vreemdetaalonderrig in die letterkunde is anders, omdat studente dikwels min voorafkennis van die betrokke taal en kultuur het. Dus kan beswaarlik meer as 'n kennisname geskied van die belangrikste kulturele kultuurskatte in die betrokke letterkunde.

Ek het 'n paar kollegas gehad wat almal baie verskillend, maar elk op haar manier 'n fantastiese kollega was: Ingrid Smuts het my in my eerste jare van donkiewerk in die departement begelei nadat sy die afdeling vir 'n paar jaar op haar skouers gedra het. Met haar afrede is haar posisie deur Agnes Harms gevul, 'n Hongaar wat Europese kleur en flair na die afdeling bring het. Weens persoonlike redes moes sy bedank, maar 'n eertydse student van my, Trudie Strauss, het by die afdeling aangesluit – iemand wie se entoesiasme en energie geen perke ken nie. Elkeen se bydraes was/is onmisbaar.



Personnel of the German Department, 2015/2016. L.R.: Anne Gauert,
Ingrid Smuts, Agnes Harms and Cilliers van der Berg



dolos

Daar was enkele hoogtepunte in die afdeling Duits, hoewel aspekte soos lae studentegetalle en veral min nagraadse studente altyd 'n kwelling bly. Een van die belangrikste hoogtepunte in die departement was myns insiens die skep van 'n honneursmodule wat fokus op vergelykende literatuurwetenskap. Met die literêre omgaan met moeilike verledes as kapstok word reeds vir 'n aantal jare 'n module gedoseer waar 'n dosent elk van die Franse, Duitse, en Afrikaans en Nederlandse afdelings meedoen. Dit is vir verskeie studente 'n eerste kennismaking met die Duitse en/of Franse letterkundes en bied geleenthed vir verrykende seminare aan almal wat daaraan deelneem. Die Afdeling Duits het verder in 2019 die kongres van die SAGV aangebied – die Vereniging vir Germanistiek in Suidelike Afrika. Vir 'n klein afdeling spreek die sukses van hierdie kongres boekdele. Navorsingsgewys was 'n groot hoogtepunt 'n projek wat in 2013 befonds is deur die Britse Akademie: "Contemporary German and Afrikaans Cultural Responses to Issues of Trauma, Reconciliation and Reparation" – 'n samewerking tussen die UV, Leeds Universiteit en Nottingham Trent Universiteit. As een van die hoofaansoekers vir befondsing van die Britse Akademie, het ek en twee ander Suid-Afrikaanse kollegas meegedaan aan werkswinkels in beide Brittanje en Suid-Afrika oor 'n tema wat altyd weer relevant blyk te wees. Laastens kan my redakteurskap van die *Acta Germanica* sedert 2019, die amptelike joernaal van die SAGV, vermeld word. Hierdie joernaal is die vernaamste mondstuksel van hierdie organisasie en die setel daarvan in die departement is 'n belangrike gegewe.

Duits bly die kleinste afdeling van die groter departement, maar speel 'n integrale rol in die dinamika van die departement. Ons hoop om 'n beginpunt te wees vir enigeen met 'n behoefte aan 'n kennismaking met Europa, wat taal, kuns en kultuur betref.

24. Corlietha Swart

Ek was van 1988 tot 1991 'n voorgraadse student, en toe van 1992 tot 1995 nagraads (Honneurs en MA). Vanaf my tweede tot vierde jaar was ek voorsitter van die Departement Afrikaans en Nederlands se Studentevereniging. Ek het in 1990 (tydens my voorgraadse jare) smiddae by die departement begin werk as akademiese projekassistent – ek het die André P. Brinkprojek hanteer en Irma Loock die Lerouxprojek. Beide projekte is in 'n wonderlike lokaal met imposante houtboekrakke op die eerste vloer in die ou Johannes Brillgebou gehuisves. Later is die projek na die Sasol-Biblioteek verskuif en in die meer onlangse jare het die projekte, wat nou 'n paar kleiner boekerye bygekry het, weer verskuif na die Brillgebou, maar na 'n ander lokaal. Die departement het in 2022 begin om die versameling te digitaliseer. Ek en Irma Loock is deur prof. Hennie van Coller vir ontsluitingsopleiding, embargo-sensitering (en met Brink was dit nogal nodig), ensovoorts na mev. Walters van Stellenbosch Universiteitsbiblioek gestuur.

Ek het in 1991 ook 'n tweede kontrakpos in die departement aanvaar as akademiese assistent vir letterkunde (onder prof. Hennie van Coller). Ek wonder hoe 'n groot woud se bome het ek uitgewis op duisende fotostate wat ek moes maak. In 1991 het ek die kans gehad om met die Jongerenproject Nederland te besoek – wat 'n belewenis en verruiming van my plattelandse jeug was dit nie! Twee keer per week het ek twee uurlange lewendige radioprogramme op Kolie van Coller se groot radiostasie, Radio Hoogland, aangebied – een 'n letterkundeprogram, "Oesland" (wat ek by Maretha Maartens oorgeneem het).

In 1997 het ek 'n vaste voltydse dosentaanstelling by Vista Universiteit se Bloemfontein-kampus aanvaar en moes Kovsky vir 'n wyle groet. By Vista het ek saam met proff. Gert Jooste, Daan Wybenga, Nerina Bosman, Annel Otto, ensovoorts gewerk. Na die samesmelting tussen Kovsky en Vista en het ek en dr. Matilda Smith (nou reeds oorlede) by Kovsky aangesluit. Dit was 'n

dolos



voorreg om nou as kollega met my gewese dosente skouer te skuur. Ek was in 2021 vir my 24^{ste} jaar voltydse dosent in die huidige drieledige Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans se Afrikaans en Nederlandse deel. Ek het die departement in Maart 2022 verlaat.

Nadat ek aanvanklik in 1988 BA Ed Tale met Musiek begin studeer het (met Afrikaans en Nederlands as hoofvak), het ek dadelik besef dat my heil en belangstelling by die tale is.

Honneurs het ek in 1992 in taalkunde (by prof. Alf Jenkinson, dr. Andries Klopper, prof. Gert van Jaarsveld en dr. Annette de Wet), sowel as in letterkunde (by proff. Hennie van Coller en Louis Venter) gedoen in die jaar van my pa se skielike oorlye. My MA in 1995 (onder prof. Gert van Jaarsveld en dr. Andries Klopper) se fokus was veral leksikografies van aard, maar het ook 'n bietjie op semantiek gefokus. Ek het kilogramme en kilogramme koerante woord vir woord deurgewerk met die doel om neologismes in die nuusmedia, wat nie in die destydse VAW of HAT verreken is nie, te ekserpeer. Die titel: "'n Leksikaal-semantiese ondersoek na verandering in die Afrikaanse woordeskat soos weerspieël in die hedendaagse nuusmedia".

Ek het ook uit my eie begin om in die laat negentigerjare woordeboeke en naslaanwerke met hul verskyning vir *Volksblad* te resenseer. Na die boekeblad genasionaliseer is, het die resensente net uit die Burgerstal gekom. Net na my MA-studie het ek 'n maand lank oorsee werk gedoen by die Vrije Universiteit Amsterdam onder prof. Willy Martin, die destydse hoofredakteur van *Van Dale*. Ek was uiteraard baie teleurgesteld dat ek om praktiese redes nie vir my PhD daar kon inskryf nie.



Alf Jenkinson en Corlietha Swart met die oorhandiging van die Dolos ten tyde van Alf se aftrede

Ek het hoofsaaklik taalkunde onderrig en op honneursvlak het ek onder andere Afrikaanse taalversorging aangebied.

'n Hoogtepunt was die navorsing oor GR von Wielligh se taalkundige nalatenskap waарoor ek ook gepubliseer het. Die opdrag om oor Von Wielligh vir sy feesjaarviering te werk, het van mnr. Otto Liebenberg, kurator van NALN, gekom. Ek is meer as dertig jaar nou betrokke by NALN.



dolos

Van die ander hoogtepunte in my loopbaan het ingesluit die nominasie uit die gemeenskap vir die nasionale "Shoprite/Checkers Woman of the Year-awards" (2012) vir "Lecturing" – dit was die jaar toe die inspirerende Sheri Brynard met die louere weggestap het as waardige wenner.

Ek was ook die ontvanger van 'n Bloemfontein Roos-toekenning in 2014, genomineer uit die gemeenskap vir Organisatories en Letterkundebevordering (as BSV-voorsitter, ensovoorts).

Ek dink met heimwee terug aan die jare toe ek voorsitter van die studentevereniging was tydens my voorgraadse jare (einde 1988 tot 1991) en aan ons skattejagte by NALN agter vasvraeleidrade aan; ons Verse op ys (by die Jadine Ice Rink, 'n ysskaatsbaan voor die Volksbladgebou). Ek onthou ons Laaste Somerdans en hoe ons die Scholtzsaal volgepak het met dansende paartjies op die heerlikste musiek. Ek onthou 'n besoek aan Etienne Leroux op sy plaas, Ja-Nee, nabij Koffiefontein, omtrent 'n jaar voor sy oorlye en ons studentevereniging wat buite op die gras kuier terwyl hy, geklee in swart, aantekeninge op die agterkant van sy sigaretboksie maak. Ek onthou ons program, "Pyn in die letterkunde" met 'n paar digter-dokters wat vir ons hul verse kom voorlees het.

My harige 'kindertjies' se name is Polka (17 jaar, vernoem na Langenhoven se een hond), Miemsie (9 jaar) en my jongste, Oepsie, 'n covidbaba (op pad 2 jaar toe).

Op my eerste dag as bang eerstejaartjie in 1988 het ek verward in die ingang van die Flippie Groenewoudgebou rondgestaan en vir die eerste vriendelike gesig gevra: "Oom, waar is die Departement Afrikaans-Nederlands?". Die vriendelike oom het sowaral geselsende saamgestap tot op die tweede vloer en toe vir my gesê: "Ek is 'n dosent by die Departement Afrikaans-Nederlands en nou kan jy my dr. Klopper noem ..." ("Die Oom" sou my later tot op MA-vlak begelei.)

Daniel Hugo het in 1988 vir ons eerstejaars poësie gegee. Mn. André Viviers het vir ons die drama- en poësieloponter in letterkunde aangebied. Prof. Alf Jenkinson was 'n wonderlike, saggearde mens. Die sinne wat ons in Sintaksis by hom moes ontleed, het altyd oor feetjies en kabouterjies (altyd die verkleinwoorde) gehandel en sy sinne vir sinsontleding het baie studente se toonnaels laat omkrul. Toe ons later kollegas was, het ek gereeld gedraf, maar 'n knieprobleem ontwikkel en moes vir 'n ruk net stap. Omdat hy bekommend was oor hartprobleme in sy familie, het hy vir 'n ruk sy hart laat monitor en toe ek my oë uitvee, het hy 'n gereelde stapmaat geword.

Prof. Hennie van Coller het 60 geword tydens 'n letterkundekongres wat ons almal bygewoon het omdat ons help organiseer het. As 'n grap koop ek toe vir hom as 60^{ste} verjaarsdaggeskenk 'n rooi T-hemp met die woorde: "Wie is jou OOM?" daarop en dink hy gaan dit wegsteek en tuis dra, maar moenie glo nie. Ek het hom later ook as model met sy rooi "Oom"-hemp gebruik op die voorblad van een van die hardekopie-Dolosse (departemente publikasie) waarvan ek toe die redakteur was.

Prof. Jaap Steyn het op 'n dag, agter sy berg deurmekaar papiere toe ek aan sy oop kantoordeur klop, die telefoon begin soek en dit beantwoord met "Steyn hier!" in reaksie op my klop.

dolos





Kollegas in 'n lige luim tydens taaldagviering in 2015

Voor: Carla Ellis

Middel v.l.n.r.: Marianne Elsenaar, Angelique van Niekerk, Anita Froneman, Corlietha Swart

Agter v.l.n.r.: Naomi Morgan, Tania Nel, Isabel Mostert, Lorraine Bester, Ida Meiring, Lizette du Preez,
Francois Smith, Agnes Harms, Cilliers van den Berg en Anne Gauert

Ek onthou hoe my niemoedertaalstudente vroeër jare 'n heilige verering gehad het vir mense "wat mooi Afrikaans praat", soos Riaan Cruywagen. Ek vertel hulle van dr. Anton Prinsloo wat op daardie stadium voorsitter van die Taalkommissie van die SAAWK is. Sommige lede van die Akademie kom kort daarna Bloemfontein toe om die vorige AWS bekend te stel. Ek kry die handtekeninge van al die kommissielede voor in my AWS en noem vir dr. Anton dat daar 'n paar niemoedertaal manne en vroue is (almal reeds onderwysers en bietjie ouer) wat hom graag wil ontmoet. Die oomblik is groot vir die studente om die man, wat altyd so mooi op die taleprogram praat, te ontmoet. Sal die oudste van die studente dan tog nie as woordvoerder optree en vir dr. Anton sê: "A-ha, is dit nou die belangrike radioman wat ook hoof is van die kommissie wat die pa is van die 'AWBS!' nie?" Berge val op my! Dr. Anton het uit sy maag uit begin lag – en hy kon lekker lag.

Ek skryf graag kreatief soos blyk uit 'n klompie gedigte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, kreatiewe bydraes (gedigte wat vir begripstoetse gebruik is) in skolehandboeke by NB-Uitgewers oor die jare. Ek het 'n bydrae in die boek *Rympies vir Pikkies en Peuters*, saamgestel deur Riana Scheepers, Suzette Kotzé-Myburgh en Gertie Smit. Ek het ook gedigte in ander publikasies soos in die AVBOB-bundel (2021), saamgestel deur onder andere Daniel Hugo, asook in prof. Jaap Steyn se huldigingspublikasie, *JC Steyn en Afrikaans - 'n Viering* (2019). Daar is 'n kinderboek



dolos


van my aanvaar vir publikasie deur Aktua-Pers. Ek is voorsitter van die BSV sedert 2008 en ek is die redakteur van twee publikasies van die Bloemfontein Skrywersvereniging (BSV).

25. Eleanor Bernard

Tydens my studies maak ek kennis met Afrikaans en in die eerste jaar na voltooiing van my honneurs (dus 2008), val ek in as assistent by Afrikaans, saam met Lizette du Preez. My geliefde dosente, soos Angelique van Niekerk en Annette de Wet, het dus later my geliefde mentors en kollegas geword. In 2009 aanvaar ek die posisie van assistent-beampte en ondersteun Annette de Wet met die ontwikkeling van die Afrikaanse Taalgeletterdheidsmodule. In 2012 is ek as junior lektor in taalkunde aangestel en moes ek, met die aanbied van onder andere morfologie en sintaksis, in die groot voetspore van prof. Alf Jenkinson volg. As navorsingsgenoot was hy steeds betrokke in die departement en telkemale voor 'n klas het ek hom in sy kantoor besoek, waar hy op sy geduldige manier gou een of twee konsepte aan my verduidelik het, sodat ek dit met kamtige selfvertroue aan die studente kon gaan oordra. (Vandag mis ek steeds sy staaltjies en geselsies wat ons tussen werksverpligte deur gedeel het.) Tog moet ek biega dat my groot liefde in die Sosiolinguistiek gevestig was, veral om die pragtige verskille binne een taal met 'n klein groepie honneurstudente te kon beleef. Tydens die twee jaar as junior lektor, is ek, met die ondersteuning van prof. Hennie van Coller, die geleentheid gebied om Nederland vir twee weke te besoek as deel van 'n seminaar. Ek is in 2013 ook aangestel as tesourier van die *Linguistics Society of South Africa* (LSSA), voorwaar 'n geleentheid wat my taalbrein uit sy gemaksone gelaat het.

Tydens my honneursjaar het ons die geleentheid gehad om 'n gekombineerde taal- en letterkunde vakkeuse uit te oefen. Dit op sigself het soveel geleenthede in my loopbaan geopen. Ek kon dus my MA in kreatiewe skryfwerk voltooi, 'n wonderlike ervaring met leermeesters proff. Bernard Odendaal en Hennie van Coller. Hul kontrasterende aanslae ten opsigte van onderrig en sienswyses, wat op die einde weer in die vakinhoud by mekaar aansluit, was van onskatbare waarde vir my as student. Alhoewel ek nie 'n loopbaan as skrywer gevolg het nie, was ek een van die top-8 finaliste van die Volksblad Skryfkompeticie (2010), waar ek kon meedoen aan 'n skryfwinkel saam met Danie Marais. Ek behaal ook tweede plek in die gedigafdeling van die BSV-skryfkompeticie (2019) en geniet 'n werkswinkel, aangebied deur Dana Snyman.

dolos





Jong kollegas/assistente vroeër betrokke by die departement. V.l.n.r.: Camille Ferreira, Elmarie Lubbe, Eleanor Bernard, Gini Keyser, Alte Kuhn en Anneen Church

My ontwikkeling as student en lektor by die departement het my geleenthede gebied as intern by Volksblad, gasredakteur van die Maluti streekskoerant, voog van die KovsieQ nuusbrief en tans as projekleier van ons eie Onderrig- en Leersentrum se interne nuusbrief.

Vandag bevind ek my op die Qwa-Qwa-kampus van die universiteit en het ek in 2022 my doktorsgraad in Hoër Onderwys voltooi, met Annette de Wet as my studieleier. My navorsing lei my telkens terug na die linguistiek, taalverwerwing, en onderrig, alhoewel net in ander formaat.

26. Burgert Senekal

Ek het in 1998 aan Hoëskool Sentraal in Bloemfontein gematrikuleer. In 1999 het ek as eerstejaarstudent by die UV geregistreer met Afrikaans-Nederlands, Engels en Kommunikasiekunde as hoofvakke. Deur die loop van my kursus het ek besef dat ek in tale belangstel en het teen 2001 'n BA Algemeen voltooi met Afrikaans en Nederlands en Engels as hoofvakke. In 2002 het ek voortgegaan met my honneurs in Afrikaans en Nederlands, met slegs letterkunde-vakke. Ek het ook Middeleeuse Engels as ekstra vak geneem. In 2003 begin ek met my MA in Afrikaans en Nederlands, wat die eerste kreatiewe MA aan die UV was. Dit is getiteld, *Die Middeleeuse Yslandse Saga: 'n Kreatiewe Afrikaanse perspektief*, en ek het dit in 2004 onder leiding van H.P. van Coller en Margaret Raftery by Departement Engels voltooi.

In 2005 begin ek met my honneurs in Engels, met Letterkunde en Linguistiek as vakke. Ek wou my Engelse en Afrikaanse kwalifikasies op 'n gelyke standaard hê en het daarom besluit om nie direk vir 'n PhD in te skryf nie, maar eers die fondasie te vestig. In 2006 begin ek werk aan my MA in Engels, getiteld, *Alienation as a fictional construct in four contemporary British novels: A Literary-theoretical Study*, wat ek in 2008 onder leiding van Manuela Lovisa voltooi. In hierdie



dolos

tyd studeer ek steeds aan die UV, maar vanuit Londen. Hierdie studie lewer ook van my eerste publikasies op, naamlik oor Pat Barker en Irvin Welsh.

In 2009 begin ek werk aan my PhD, getiteld *The literary representation of identity and alienation in counterinsurgencies: Vietnam and Namibia/Angola*, onder leiding van H.P. van Coller en John Limon aan die Universiteit van Californië. Die studie sou oorspronklik as 'n interdissiplinêre studie geregistreer wees, maar die UV se stelsel kon nie interdissiplinêre studies hanteer nie en daarom is dit uiteindelik in 2013 in Afrikaans toegeken. In totaal het ek 14 jaar aan die UV studeer (sonder om 'n jaar te herhaal).

Ek was van begin 2008 tot middel 2013 personeellid van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, eers as 'n navorsingsassistent, toe (2009-2011) uitgekontrakteer om die digitaliseringsprojek by NALN te bestuur en 2012-2013 as dosent in poësie.

My eerste publikasies was oor uitbeeldings van vervreemding aan die hand van Seeman se vervreemdingsteorie, wat by my MA in Engels en ook my PhD in Afrikaans aangesluit het (ek het begin publiseer na my MA in Engels voltooi is). My eerste geakkrediteerde artikel was oor Fanie Viljoen se *Breinblieksem*, waarna ek hedendaagse Afrikaanse protesmusiek verken het en ook twee artikels uit my MA in Engels gepubliseer het. Ek sou later studies oor Afrikaanse *metal* en Fokofpolisiekar vanuit die perspektief van Seeman se vervreemdingsteorie onderneem.


Terwyl ek aan my proefskrif gewerk het, het ek soms meer aandag aan die geskiedenis en moderne oorlogvoering gegee as wat nodig was vir 'n studie in die letterkunde. Hierdie agtergrondstudie kon nie binne my proefskrif geakkommodeer word nie, maar ek kon dit apart publiseer, soms ook in samewerking met Jan-Ad Stemmet by Departement Geskiedenis. Ek sou later op hierdie studies voortbou en ook die geskiedenis van Suid-Afrika met die netwerkteorie integreer, ook ten opsigte van die UV se geskiedenis.

In die tyd wat ek my proefskrif begin het, het ek aan prof. Van Coller voorgestel dat ons NALN sou kon help deur hulle versamelings te skandeer. Dit was die begin van 'n navorsingsprojek waarop die digitaliseringsprojek by NALN gegrond is, wat ek in 2011 gepubliseer het. In die loop van hierdie projek het ek besef watter geleenthede tegnologie inhoud om navorsing te ondersteun, wat geleei het tot 'n publikasie oor die onderwerp. In hierdie publikasie het ek ook vermeld dat die netwerkteorie van waarde sou kon wees, waarna ek 'n eksperimentele studie onderneem het om hierdie moontlikhede te verken. Tydens my verkennings van die netwerkteorie het ek ook my pa se boek oor die sisteemteorie ontdek en vandag werk ek binne dieselfde teoretiese raamwerk as my pa.

Die gebruik van die netwerkteorie het vir my baie geleenthede geskep om die Afrikaanse literêre sisteem te ontleed, sowel as die Afrikaanse filmbedryf, die teater, die Afrikaanse taal, die taalbeleid van universiteite en ook die sosiale netwerke van die Afrikanergemeenskap in Orania. Al hierdie studies is onderneem na ek die departement in 2013 verlaat het.

Ek onthou 2010 as 'n hoogtepunt toe 'n groot aantal personeeldelede referate by die ALV-kongres in Port Elizabeth gelewer het (as ek reg onthou, het ekself, Cilliers van den Berg, Anthea van Jaarsveld, Bernard Odendaal en Hennie van Coller referate gelewer, wat al die dosente in Letterkunde verteenwoordig het). My eie referaat by hierdie kongres was ook 'n hoogtepunt vir my: ek het oor Afrikaanse *death metal* gepraat, wat 'n baie unieke onderwerp is en ek onthou hoe Joan Hambidge die tranen uit haar oë gevee het soos sy vir die lirieke lag. Die

dolos



gehoor was aangenaam verras dat daar so iets in Afrikaans bestaan en ek glo ek het mense blootgestel aan 'n wêreld waarmee hulle nie vertroud was nie. Hierdie referaat is in 'n artikel omskep en by LitNet Akademies gepubliseer.

Terwyl ek by die departement was, was die enigste bedrywigheid wat as gemeenskapsdiens beskou kan word, my betrokkenheid by NALN se digitaliseringsprojek. In daardie tyd sou ek saans en oor naweke aan publikasies en aan my proefskrif werk.

Die eintlike interessante werk het gevvolg na ek die departement verlaat het waartydens ek by leserskringe opgetree het, gemeenskapsdiens vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens gedoen het, as gasredakteur vir die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskappe en Tegnologie* opgetree het, NRF-gradering ontvang het en my eie besigheid gestig het wat navorsing vir Afrikanerinstellings onderneem. Ek is ook tans betrokke by 'n projek by NALN om hul knipselversameling digitaal te bedryf en werk ook saam met die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Letterkunde.

As ek terugdink aan my studentedae, onthou ek veral my honneursjare met poësie onder Bernard Odendaal en prosa onder Louis Venter en natuurlik prof. Alf Jenkinson. Een storie wat ek nooit van hom sal vergeet nie, is dat hy vertel het hoe hy die woord "vaktap" (met hierdie spelling) in 'n student se werkstuk raaklees. Eers toe hy dit hardop lees, besef hy die student se bedoeling.

'n Ander anekdote uit die tyd toe ek aan die departement verbond was, is die dag met die geheuestokkie! Prof. Bernard Odendaal kom eenkeer in my kantoor met 'n geheuestokkie wat hy by 'n kongres gebruik het. Hy vermoed toe dat daar 'n virus op die stokkie is. Ek het hom geadviseer dat hy mooi moet dink voor hy sy stokkie in 'n gaatjie druk, want mens weet nie watter ander stokkies voorheen in daardie gaatjie was nie. Hy het vreeslik gelag en gesê dis presies wat sy korporaal vir hulle in die weermag gesê het.

Ek kan natuurlik baie onthou van my pa (Jan Senekal, eertydse departementshoof aan die departement), maar aangesien hy in 1995 oorlede is (toe ek 15 was), het ek hom nie in werksverband geken nie. Hy het 'n baie tasbare invloed op my uitgeoefen deur die boekrak wat hy agtergelaat het (afgesien van al die ander invloede). As student het ek geld probeer spaar deur altyd eers na die boekrak te gaan voor ek boeke aankoop en so het ek 'n boek van Anthony Wilden gelees. My pa het die hele boek bekrap met notas en belangrike dele onderstreep, maar as voorgraadse student kon ek nie die boek verstaan nie. Ek het weer teruggekeer na die boek terwyl ek aan my MA in Engels gewerk het en kon na nog twee keer se lees meer sin maak daaruit. Die boek handel veral oor die sisteemteorie, maar ook Marxisme, Derrida en Lacan. Toe ek tydens my studie van die potensiaal van tegnologie vir navorsingsdoeleindes kennis maak met die netwerkteorie, was die beginsels van die sisteemteorie reeds deur Wilden – soos nagelaat deur my pa – aan my bekend. As my pa nie daardie boek agtergelaat het nie, sou ek nie die potensiaal in die netwerkteorie raakgesien het nie. Alhoewel verwysings na Wilden baie beperk is in my pa se boek oor die sisteemteorie, het hierdie boek 'n groot rol in my denke gespeel. Duidelik kan 'n mens nog ander mense lank na jou dood beïnvloed.



dobos

27. Isabel Mostert

Toekomstige verteller Toe ek in 2008 besluit het om een jaar Frans as vak te neem, het ek nie die impak van daardie besluit op my lewe besef nie. Dit was liefde met die eerste oogopslag, liefde vir die taal en 'n nog groter liefde vir die afdeling Frans. Die personeel het regtig omgegee en 'n mens kon dit voel. Ek het Drama- en Teaterkuns studeer en my rooster was baie vol, maar dié afdeling het my gehelp en ek kon al my klasse bywoon. Vandag is dit steeds 'n kenmerkende eienskap van die afdeling Frans. In 2010 het ek en Loraine Bester (nou Loraine Lugasi) as studente-assistente by die afdeling begin werk en het ek die departement beter leer ken. Ons het sommer dadelik welkom gevoel en is vinnig betrek by al die sosiale geleenthede van die departement.

In 2011 het ek die pos as assistentbeampte by Frans oorgeneem by Chanele Roodt. Loraine het die pos as assistentbeampte by Duits oorgeneem en saam het ons vir jare heerlike teebeurte in die departement aangebied.


Een jaar het in 2015 verander en op 'n persoonlike vlak het ek van my beste hartsvriendinne in die departement ontmoet. Op 'n professionele vlak het ek die meeste van my nagraadse studies in die departement voltooi; ek het 'n BA Honneurs in Frans voltooi en 'n MA in Kreatiewe Skryfwerk onder leiding van proff. Bernard Odendaal en Hennie van Coller afgehandel. Vir hierdie MA het ek 'n versameling kinderteatertekste geskryf, waarvan twee opgevoer is.

Die departement was nog altyd vir my 'n vrugbare omgewing om te groei as student, sowel as 'n personeellid. Hier kan ek my groot passies kombineer; in 2012 het prof. Naòmi Morgan my die geleentheid gegee om saam met haar die produksie *Die Hart van Françoise Hardy* op die planke te bring. Ek is bevoorreg om vir prof. Morgan as 'n studieleier en mentor te kon hê en hopelik kon ek so bietjie van haar wysheid aan ons studente oordra toe ek in 2020 en 2021 Kultuur- en Letterkunde aangebied het vir ons eerstejaars.

28. Marian Human-Nel

Gedurende my voorgraadse studies, BA (Ed) (1980-1984), met Pedagogiek, Sielkunde en Afrikaans en Nederlands as hoofvakke, was ek betrokke by die transkribeer van Griekwa-Afrikaans en redaksielid van die departementeel tydskrif *Dolos*. Tydens my honneursjaar was ek navorsingsassistent vir prof. Van Jaarsveld. Hierna het ek die akademie verlaat en het later, terwyl ek by verskeie skole in die Noord-Kaap en Wes-Kaap Afrikaans addisionele taal aangebied het, my MA en PhD voltooi. My MA (2001), onder leiding van Anthea van Jaarsveld, was gerig op "*uitdagings binne die onderrigkonteks van Afrikaans literatuur in 'n veeltalige samelewings*" en my PhD (2009), onder leiding van prof. Hennie van Coller: "*die impak van sosio-politieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon*". My voorgangers by die Qwa-Qwa-kampus was dr. Marga Stander en daarna mnr. Eric Thabele wat in Januarie 2022 oorlede is. Sedert 2012 het ek 'n kontrakkaanstelling gehad en vanaf 2014 'n permanente aanstelling as lektor aan die Universiteit van die Vrystaat se Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans op die Qwa-Qwa-kampus. Hier bied ek Afrikaans addisionele taal, asook Didaktiek van Afrikaans addisionele taalonderrig, aan. Ek het gedurende die afgelope aantal jare artikels uit gedeeltes van my PhD, saam met prof. Hennie van Coller, gepubliseer en referate by verskeie kongresse gelewer. My navorsingswerk fokus op die onderrig van Afrikaanse letterkunde binne die Afrika-konteks en die weerspieëeling van sosio-politieke gebeure in Afrikaanse letterkunde. Ek tree dikwels op as vrywillige omroeper by gemeenskapradio's met my eie program: *Fluit-fluit storietyd* waar ek bekende Afrikaanse letterkundige werke voorlees en voordra.

dolos



29. Ihette Jacobs-Senekal

Ek het as lektor gewerk by die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans vanaf 2013 tot 2017. In hierdie tyd het ek voorgraadse Afrikaanse letterkunde (Poësie, Prosa en Drama) gedoseer vir eerste- en tweedetaalsprekers. Ek het ook die voorreg gehad om vir honneursstudente te kon klasgee in my spesialiteit, naamlik Afrikaanse poësie. Ek het selfs die geleentheid gekry om nagraadse literatuurwetenskap te doseer, iets wat ek baie geniet het en 'n groot passie voor het.

Hierdie jare was ook die tyd waarin ek my proefskrif oor Afrikaanse vrouepoësie gedoen en voltooi het en ek is ewig dankbaar vir die ondersteuning en aanmoediging wat ek vanaf die departement ontvang het in hierdie verband.

Wat my die meeste bybly oor my tyd by die departement is die studente en die kollegialiteit. Alhoewel die klasgeelading straf was, was dit 'n voorreg en 'n stimulerende ervaring om elke dag met studente oor die letterkunde te kon gesels. Tussendeur die klasgee was daar darem ook altyd tyd vir die kollegas om saam tee te drink. 'n Dag het baie selde verbygegaan sonder dat daar in die teekamer bymekaargekom is om te gesels en te lag.

In die tyd wat ek by die departement was, het prof. Hennie van Coller as hoof van die departement agetree. Hy is opgevolg deur prof. Angelique van Niekerk. Dit was vir my besonders om hierdie oorgang te kon meemaak. Prof. Van Niekerk is die eerste vroulike departementshoof van hierdie departement en het die pos met passie, empatie en besondere dryfkrag aangevat. Haar werksetiek dien steeds as inspirasie vir my en vele ander.

30. Marelize Pretorius

Ek het deel geword van die departement op 15 Januarie 2014 en werk steeds vandag hier en meer dit is net genade.

Ek het in Bloemfontein grootgeword en was in Willem Postma Laerskool en C & N Sekondêre Meisieskool Oranje. Ek het in 1993 by laasgenoemde gematrikuleer. My hoofvakke was die groot ses (soos dit genoem word) en Drama. Ek hou van kleins af van gedigte.

By die departement was ek van die begin af "n puntetannie". Dit was 'n hoogtepunt toe ek my eerste CNaVT-eksamen geslaag het!

Ek is getroud en het drie kinders. Ek hou van draf en glo "As jy enigsins by die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans wil inpas, moet jy van draf hou anders gaan jy agterbly. Die pas is net té vinnig hier. Ons het ook al 'n aflosspan in werksverband ingeskryf en het al hoë hoogtes bereik! Dit help as jou kollegas spoed het ... en lengte, want ek is maar effens aan die kort kant. Partymaal as jy so hardloop, hardloop 'n mens mense raak wat ook van Afrikaans hou. Ek het lank saam met prof. Christo van Rensburg (voormalige departementshoof) se dogter, Karlien, gehardloop."



dobos



Departementele aflosspan, 2019

Drie kollegas, Francois Smith, Marelize Pretorius en Albertus Barkhuizen neem deel saam met een van ons studente

31. Carla Ellis

Ek is op 17 Januarie 2014 opgevlieg vanaf die Kaap om te kom vir 'n onderhoud vir my huidige pos. Prof. Van Coller was toe nog die departementshoof. Tydens my onderhoud vra hy my toe of ek dink daar is 'n verskil tussen taal- en letterkundiges. Aangesien dit 'n onderhoud was, het ek gedink ek sal darem nou die waarheid moet praat, en ek antwoord met "Ja" (dit was 'n Ja-Nee vraag). Hy vra my toe wat ek dink die verskil tussen taal- en letterkundiges is, en sonder om na te dink, sê ek "Taalkundiges is gelukkiger mense". Jy kon 'n speld hoor val in die lokaal. Die meeste van die dosente wat op die onderhoudspaneel was, het hard probeer om nie te lag nie (die dekaan, prof. Lucius Botes inkluis), maar prof. Van Coller het nie gedink dis snaaks nie. Dit word nou nog voor my kop gegooi. Nietemin is ek die pos aangebied en ek is steeds deel van die departement.

Ek is in Port Elizabeth gebore, maar het in 1997 George toe getrek toe my pa 'n skoolhoofpos daar gekry het. In 2005 matrikuleer ek aan die Hoërskool Outeniqua (Kwaggas).

Ek het in 2006 in Stellenbosch begin studeer. Voorgraads het ek BA Taal en Kultuur studeer, met Afrikaans en Nederlands, Algemene Taalwetenskap en Duits as my hoofvakke. Ek het my BA-graad, met onder andere Afrikaans en Nederlands, Duits en Taalwetenskap, in 2008 verwerf.

In 2009 begin ek met my gestruktureerde MA in Taalwetenskap vir die Taalprofessies, waar ek op tweedetaalverwerwing (spesifiek die verwerwing van grammatiske geslag) gefokus het vir my tesis. Ek het my MA in Maart 2011 verwerf. Dr. Simone Conradie was studieleier en Dr. Kate Huddlestorne was medestudieleier.

dolos



Aan die einde van 2016 regstreer ek vir my PhD aan die Universiteit van die Vrystaat. Die titel van my proefskerif is: "Die gebruik van *oom* en *tannie* as aanspreekvorme onder Afrikaanssprekendes in Bloemfontein en George". Hierdie studie vorm 'n onderdeel van 'n groter studie deur proff. Nerina Bosman en Anél Otto (hulle fokus op *u* en *jy*). Prof. Nerina Bosman is my promotor, en dr. Annette de Wet is my medepromotor. Ek verwerf die PhD aan die einde van 2022.

Ek het gepubliseer uit my MA (tweedetaalverwerwing) (in SPIL – Stellenbosch Papers in Linguistics, 2011), maar ek het nog nie weer 'n artikel gepubliseer nie. Ek het wel sedert 2013 tot op hede 'n aantal kongresse (plaaslik en internasionaal) bygewoon met die werk wat ek vir my PhD gedoen het.



Isabel Mostert, Angelique van Niekerk, Carla Ellis en Lize Botha tydens 'n Opedag, 2022

Tong in die kies: Ek was betrokke by die stigting van die nieamptelike feeskomitee in die departement! Ons missie is om o.a. jaarliks nuttige geskenke vir die jaareindfunksie te koop/te maak – in 2021 het ons 'n departementele resepteboek met 'n bydrae van 'n ieder en elk in die personeelkorps die lig laat sien! Ons sorg ook dat daar daagliks om 10:00 besinnend saam tee gedrink word. Ek het 'n pikswart kat genaamd Batman wat gelukkig sy eie mediese fonds het.



dolos

32. Francois Smith

Ek kom van 'n plaas in die distrik Rouxville in die Suidoos-Vrystaat, het op Rouxville skoolgegaan en in 1982 daar gematrikuleer. Natuurlik toe dit nog 'n suiwer wit skool was. Toe het ek 'n bietjie van 'n ompad geloop tot waar ek nou is: Ek het siviele ingenieurswese op Stellenbosch gestudeer, toe 2 jaar weermag toe en daarna het ek my beurs by die WNNR in Pretoria (as siviele ingenieur) teruggewerk. Intussen het ek deur Unisa 'n BA gedoen met Afrikaans en Literatuurwetenskap as hoofvakke. Toe het ek 'n ruk skoolgehou en daarna het ek by Die Burger gaan werk as kunsverslaggewer en deeltyds honneurs, meesters en PhD in Afrikaanse letterkunde gedoen. My PhD, wat ek onder Henning Snyman gedoen het, was getiteld "Letterkunde en die dood – onmoontlikheid en die moontlikhede van die teks".

Op 1 Januarie 2015 het ek by die departement aangesluit. Ek het heel verrassend en heeltemal bokant my statuur as akademikus in 2018 voorsitter van die Afrikaanse Letterkundevereniging geword.

Ek doseer letterkunde voorgraads en nagraads en spesialiseer in kreatiewe skryfkuns, wat as 'n meestersgraad aangebied word. Die eerste publikasies uit die MA vir kreatiewe skryfkuns (wat ek saam Henning Pieterse begelei) is iets waarop ek baie trots is saam die studente. Dit sluit onder andere in:

Die ongelooflike onskuld van Dirkie Verwey deur Charl-Pierre Naudé

Weerlose meganika deur Anton Roodt

Luistervink deur Madré Marais

La - 'n reis na die lig deur Ansja Ferreira

Tenk deur Pieter Stoffberg

Tien voor Tien deur Adele Vorster

Mara deur Marijda Fitzpatrick

My uitsette is sowel akademies as kreatief van aard. *Kamphoer* het verskyn net voordat ek aangestel is en ek dink die sukses van die roman het grootliks bygedra tot my aanstelling. Daarna volg nog twee romans,

Die kleinste ramp denkbaar (2020) en

Die getuienis (2021).

'n Laagtepunt sedert my aanstelling in 2015 was die stryd wat daartoe gelei het dat Afrikaans as onderrigtaal aan die UV verwyder is.

Laastens, die belangrike gegewe: Ek het 'n 12-jarige seun, Harbin, wat by sy ma in Wynberg, Kaapstad, woon.

dolos





Francois Smith, Henning Pieterse, Robert Schall tydens 'n boekbekendstelling in 2020

33. Henning Pieterse

Ek was op laerskool in Pretoria en Stellenbosch en het in 1978 gematrikuleer aan die Hoëskool Silverton, Pretoria. Ná diensplig studeer ek aan UP (BA Tale, behaal met lof 1982, hoofvakke Afrikaans, Duits en Musiekgeskiedenis). My honneursvakke was Middelnederlands, Goties, Afrikaanse Poësie, Nederlandse Poësie, Afrikaanse Prosa en Literêre Teorie en Kritiek (behaal met lof, 1984). My MA-verhandeling het ek onder leiding van die digter en kortverhaalskrywer P.H. (Piet) Roodt in 1986 behaal (met lof, UP). Titel: "Die betekenis en funksie van die verwysings in *Die ambassadeur* van André P. Brink, met toespitsing op die *Divina Commedia* van Dante Alighieri". In 2005 behaal ek die graad DLitt et Phil aan UNISA onder promotoorskap van die taalkundige P.H. (Piet) Swanepoel. Titel: "Taalpolitiek en 'Alternatiewe Afrikaans'". Theo du Plessis se gepubliseerde MA-verhandeling *Afrikaans in beweging* (1986) het my belangstelling in die areas van taalpolitiek, taalsosiologie en taalbeplanning baie geprikkel.

Ek het in Januarie 2016 by die departement aangesluit en hoop om daar af te tree einde 2025. Ek het my loopbaan begin as junior lektor by UP (1985), toe was ek 21 jaar by Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap by UNISA, toe weer 9 jaar by UP as professor en Direkteur van die Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns.

Deur die jare het ek voor- en nagraads verskeie afdelings binne taal- sowel as letterkunde gedoseer: Praktiese Afrikaans, Sintaksis, Semantiek, Historiese Taalkunde, Morfologie, Taalbeplanning en Taalpolitiek, Kritiese Diskoersanalise, Afrikaanse Poësie en Kreatiewe Skryfkuns. Laasgenoemde het my fokuspunt by sowel UP as die Universiteit van die Vrystaat geword, waar ek die MA-kursus saam met Francois Smith hanteer.



dolos

My fokus het mettertyd meer geskuif na poësie, prosa en kreatiewe skryfkuns, met artikels oor aspekte van die poësie van Sheila Cussons, Marlene van Niekerk en Michel Houellebecq en die prosa van Ingrid Winterbach. Ek het voorts artikels gepubliseer oor die vertaling van Rilke en Houellebecq na Afrikaans, asook oor die dosering van kreatiewe skryfkuns as vak aan Suid-Afrikaanse universiteite. In 2007 word my vertaling van Rilke se *Duineser Elegien* in Afrikaans gepubliseer; dit word in 2008 bekroon met die Nedbank Akademieprys vir Vertaalde Werk. In 2018 verskyn my vertaling van gedigte van Houellebecq in Afrikaans: *Tussen die abjekte en die eteriese. 'n Keur uit die poësie van Michel Houellebecq*. Tydens 2020 vertaal ek *Van den vos Reynaerde* in Afrikaans en berym die teks in 2021.

Die afskaffing van Afrikaans as medium van onderrig by Kovskyes was vir my, soos die geval ook was by UP, 'n laagtepunt vir die departement. Engels word die *de facto*-onderrigmedium en die departement voel die impak van dalende studentegetalle reeds deeglik.

As ek terugdink, kom die volgende name by my op:

Prof. Christo van Rensburg het 'n vriend geword tydens sy termyn by UP (ná sy termyn by Kovskyes). Ek sal hom onthou as 'n innemende mens en 'n ondernemende taalkundige wat altyd wyd gedink het. Al het ek Alf Jenkinson net 'n paar keer meegemaak, sal ek hom altyd onthou as 'n baie vriendelike kollega in die veld. Tot op datum het ek 50 MA-studente afgelewer.

By UP het 'n aantal skrywers en digters, onder meer Hans Pienaar, Corné Coetzee, Derick van der Walt, Roela Hattingh, Mercia Schoeman, Cas Wepener, René Bohnen en Anna Kemp hul MA in Kreatiewe Skryfkuns onder my leiding verwerf. Meer as 20 van my studente publiseer selfstandig ná afloop van die graad. Derick van der Walt ontvang die SANLAM-prys vir Jeugliteratuur (silwer, 2012), Mercia Schoeman (onder die naam MS Burger) die Jan Rabie Rapportprys (2013), Roela Hattingh, die UJ-prys vir Debuitwerk (2016), die Nadine Gordimer Short Story Award (2017) asook die SALA-prys vir Debuitwerk (2017). Charl-Pierre Naudé word bekroon met die UJ-prys (2019).

Pieter Verwely was op die kortlys vir die SANLAM-prys in 2014; Eunice Basson was op die kortlys vir die Ingrid Jonkerprys, 2015 en Madré Marais was op die kortlys vir die UJ-Debuitprys en die Eugène Maraisprys, 2021.

Saam met Francois Smith is ek studieleier by Kovskyes vir onder meer Johann Nell, Madré Marais, Anton Roodt, Pieter Stoffberg, Charné Kemp, Adele Vorster en Robert Schall. Anton se roman, *Weerlose meganika*, is in 2020 gepubliseer, so ook Madré se bundel kortverhale, *Luistervink*. Adele se roman, *Tien voor een*, Robert se vertalings van die Duitse digter Jan Wagner en Pieter se roman, *Tenk* is van die onlangse suksesverhale!

Nog verder terug onthou ek in die tyd voor ek by die UV aangesluit het: In 1991 was ek gasdosent aan die Universiteit van Silezië (Pole) en die Odense-Universiteit (Denemarke). Deur die jare tree ek op by die Zuid-Afrikahuis (Amsterdam) en die Poeziecentrum (Gent). Ek neem deel aan Poetry International (Rotterdam, 2001) en Dichters in het Elzenveld (Antwerpen, 2001). Tussen 1992 en 2002 was ek hoofredakteur van *Tydskrif vir Letterkunde*. Ek was lid van die Afrikaanse Skrywersgilde en is lid van PEN Internasional. Ek het deelgeneem aan verskeie Woordfeeste en Versindabas (Universiteit van Stellenbosch), asook aan die KKNK en Aardklopfees as lid van die "Bekgeveg"-span – "Poetry Slams". By UP het ek jaarlikse Winterskole vir skrywers gereël, met deelname van onder meer Antjie Krog, Joan Hambidge, Riana Scheepers, Deon Meyer,

dolos



Ingrid Winterbach, Chris van Wyk en Harry Kalmer.

As intravertaler was ek lid van die komitee wat Hooglied vertaal het vir die 2020-uitgawe van *Die Bybel*.

My verantwoordelikhede by die UV hang nou saam met my ervaring as digter en my eie kreatiewe uitsette: *Alruin* (digbundel, 1989), bekroon met die Eugène Maraisprys (1990) en die Ingrid Jonkerprys (1991); *Omdat ons alles is* (kortverhale, 1998); *Die burg van hertog Bloubaard* (digbundel, 2000), bekroon met die Hertzogprys, 2002. Verskeie van my kortverhale en gedigte is opgeneem in bloemlesings, plaaslik en internasionaal, en van my verhale en gedigte is vertaal in Engels, Duits, Nederlands, Frans, Serwo-Kroasies, Turks, isiZulu en Setswana.

My lewensmaat is Karen Lazenby. Ek het 'n seun, Thys, en 'n dogter, Kay.

34. Albertus Barkhuizen

Halfpad deur Julie en moontlik op die koudste dag in 2016, sluit ek by die departement aan as Franse taaldosent. In my eerste 'n kantoor wat wegkruipt in die donker keldervlak van die Flippie Groenwoudgebou (wat toe nog vir my bekend was as die *Flippie Groenwaldt*), plak ek vol hoop 'n Franse vlaggie teen die witbord waarteen ek later PhD sperdatums 'n hele paar keer sou opskryf, afvee, en weer opskryf.

Kort na dié vlagplanting het die 2016 Fees Must Fall beweging op die Bloemfontein-kampus toegesak en ek moes soos 'n ingehokte kind tuis bly terwyl my werklike rede vir die skuif na Bloemfontein van my ontneem is deur kampusgeweld en onsekerheid oor wat die toekoms van SA universiteite sou wees.

Gelukkig het 2017 nuwe idees en projekte gebring, soos o.a. die formele inskrywing aan die UV as PhD-student in Frans, met prof. Karen Ferreira-Meyers as hoofstudieleier én gasdosent vir 'n semester in 2018. Ter voorbereiding vir die PhD wat grotendeels oor die didaktiek van Frans as vreemde taal handel, woon ek 'n BELC somerskool in Nantes, Frankryk by.

Die laaste twee maande van 2017 en die eerste twee maande van 2018 word grotendeels gewy aan die ontwikkeling van 'n navorsing-intervensie wat die vorm van 14 lesings aanneem. Tydens die lesings spook ek om verskeie taalslyp-oefeninge, wat deur tolking en vertaling-tegnieke geïnspireer is, aan 'n groep ywerige tweedejaarstudente te leer. Die lesings word dan ook die hoof-datapoel waaruit ek die opskryf van my PhD-studie met die titel *Les bénéfices de l'enseignement des techniques de base de perfectionnement de langue à des apprenants (faux) débutants de FLE dans un contexte non francophone* begin skryf.

Die eerste woord word op papier neergepen tydens my studieverlof van vyf maande, waarvan die eerste drie in Lyon, Frankryk deurgebring word. Prof. Ferreira-Meyers tree tydens daardie tydperk op as gasdosent by die UV in die plek van haar eie student. Dit is ook tydens my besoek aan Frankryk, dat die Franse afdeling die hartseer nuus ontvang van 'n tweedejaarstudent en deelnemer aan my PhD-studie wat enkele dae na 'n motorongeluk oorlede is.

Alhoewel ek nie my oor-idealiste doelwit (om my PhD binne die eerste twee maande van my studieverlof af te handel) bereik nie, klim ek tóg die trappe in die Flippie Groenewoud – al is dit net letterlik. Kollegas by die Filosofie Departement oortuig my om my kantoor na die derde vloer te skuif sodat hulle meer kantore op een vlak kan hê. Die Franse vlaggie word van



dolos

die bord afgetrek en vind 'n nuwe landing op die boonste verdieping van die gebou. In my nuut blou-geverfde kantoor spartel ek voort om PhD hoofstukke af te handel en vir my eerste kongres as UV personeellid voor te berei. Die FIPF (Fédération internationale des professeurs de français) kongres vind in Julie 2019 in Dakar, Senegal plaas. Tydens die kongres deel ek reeds voorlopige bevindings uit my PhD en die groter konteks van Frans in Suid-Afrika.

Covid-19, rendeltydperk, of nog studieverlof. Baie sal gesê kan word oor hoe lomp, onnatuurlik en bloot onnodig aanlyn taalonderrig by 'n residensiële universiteit kan wees. Die rendeltydperk in 2020 het dit bevestig en ondersteep. Maar, behalwe vir die trauma van aanlyn vergaderings, broodbak en absolute afsondering (gelukkig het ek 'n hond), het die rendeltydperk ook ekstra tyd gebring vir 'n PhD wat moes klaar.

Na 'n preCovid-19 departementele navorsingswegbreek en drie maande rendeltydperk, handig ek uiteindelik my PhD in.



Trudie Strauss, Angelique van Niekerk en Albertus Barkhuizen tydens 'n skole-besoek

Vir die aanlyn gradeplegtigheid het ek in Februarie 2021 'n tafel in 'n café in Reizis Square geannekseer en met oorfone na die ligte klassieke (tv-sepie) deuntjie geluister terwyl ek skermgrepe neem van my naam wat hakerig oor die skerm rol. Twee weke later kon ek darem saam met my familie 'n glas sjampanje klink.

In dieselfde jaar loots ek ook 'n inter-universiteitsprojek waardeur ek kollegas in die Franse departemente in die land bymekaar trek om aan 'n handboek te werk vir Frans vir beginners.

dolos



Die handboek stel 'n eerste stap voor vir die dekolonialisering van die onderrig van Frans as vreemde taal in Suid-Afrika.

Wanneer ek nie besig is om Franse grammatika te verduidelik nie, dien ek op taalkomitees, etiese komitees, navorsingskomitees, vakraad-komitees, ens. En wanneer ek nie daarmee besig is nie, hardloop ek graag om die blok.

De Wet Bezuidenhout was in 2018 'n tweedejaar student in die Franse afdeling. Dié rugbyman wat opmeetkunde studeer het, het dosent en student verbaas met sy menslikheid en omgee vir ander. In Augustus 2018 sterf hy in sy slaap 'n paar dae na 'n ligte motorongeluk. De Wet sou daardie jaar deelneem aan die Franse afdeling se jaarlikse besoek aan Morija, Lesotho. Na De Wet se dood, word die pelgrimstog na Morija vir my 'n gedenkreis. Daar is geen toeval dat die reis ook in Oktober geskied tydens my jaarlikse lees van *Le Petit Prince*.

35. Corné Richter

My pad met die departement het reeds begin toe ek voorgraads in 1991 'n eerstejaar was met Afrikaans-Nederlands as een van my hoofvakte. Dit was egter nie 'n goeie tyd in my lewe nie en ek het altyd geweet ek sal vorentoe weer wil studeer. Op die ouderdom van 44 jaar het ek in 2016 teruggekeer en toestemming gekry om met my honneurs in Afrikaans en Nederlands te begin. Ek het die letterkunde-gedeelte gekies met vakke Poësie en Prosa asook Taalversorging.

Ons honneursklas in Prosa was die eerste studente wat onder prof. Naòmi Morgan, (toe nog) dr. Cilliers van den Berg en dr. Francois Smith 'n studie in die vergelykende letterkunde (Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans) kon doen. Dit was 'n uiters leersame ondervinding – skrywers Timur Vermes, W.G. Sebald, Harry Mulisch en Albert Camus het my deur emosies van ekstase, geluk, vergenoegdheid, maar ook terneergedruktheid geneem. Ek onthou goed hoe ek aanvanklik gewroeg het met *Verliesfontein* van Karel Schoeman, maar toe aan die einde van die boek opsetlik stadig gelees het omdat ek nie wou hê dit moes eindig nie. Die dosente het met hul kennis oor die letterkunde wêrelde vir my oopgevou.

Ek was die enigste student in Poësie en elke klas by (toe nog me.) Ihette Jacobs was ook verrykend. Reeds met ons eerste klas het ek besef geen onderwerp is taboe vir bespreking nie – van N.P. Van Wyk Louw se "beiteltjie" tot Loftus Marais se "lugdrukboor"

Na my honneurs het ek in 2018 met my MA onder leiding van prof. Henning Pieterse begin en ek het dit geniet om in my studie met die taalkunde sowel as die letterkunde om te gaan, want my verhandeling het gegaan oor 'n morfologies-sistematiese analise van die komposisiestrukture in 'n gedigreeks van Antjie Krog in die bundel *Mede-wete* (2014); ek het die graad in 2021 behaal.

Reeds in my tweede honneursjaar het ek die pos as emeritus-professor Hennie van Coller se assistent aanvaar en ek het vir 'n tydperk van twee jaar (2017 en 2018) baie blootstelling gekry en wonderlike ervaring opgedoen. 'n Groot deel van my werk was om prof. Van Coller se boek oor die geskiedenis van die Nederlandstalige letterkunde (waarvan hy die redakteur was) te koördineer, met die medeskrywers (in Suid-Afrika en Nederland) te skakel, hul bydraes te ontvang en te taalversorg.



dolos



Kollegas, Lize Botha, Alison Stander en Corné Richter geniet iets warms op 'n koue wintersoggend

Ek het ook as 'n kontrakaanstelling vir die niemoedertaalsprekers taal- en letterkunde modules gegee (2018-2020) en uitgehelp terwyl dr. Alison Stander in Nederland besig was met haar doktorale studie. Tussendeur kon ek my ander groot liefde, naamlik taalversorging beoefen deurdat ek as junior navorser en assistent (2021) vir prof. Angelique van Niekerk kon help met die proeflees en versorging van artikels en so meer.

Tans is ek betrokke by die boekprojek wat oor die geskiedenis van die departement (die oudste Afrikaans-Departement in die land) handel en kan ek my weereens uitleef deur navorsing, taalversorging en koördinering van dié projek in ons wonderlike taal, Afrikaans. Hierdie boekprojek het onder prof. Jaap Steyn se leiding begin en ek kon vir vier maande lank as sy assistent (sy eerste assistent op sy hoë ouderdom van 83 jaar!) hom help tot en met sy afsterwe in September 2021.

Om na al die jare weer terug te wees by die departement en nou die bydraes van oudstudente (boekprojek) te lees en self al die dosente en staaltjies van 'n vorige lewe te onthou, maak my gelukkig, want dit voel of 'n sirkel voltooi word.

dolos



36. Karen Combrinck

My betrokkenheid by die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans het met 'n paar omptaai begin. Ek moes deur die strate wandel van Parys en Praag, Amsterdam, Algiers, Berlyn en 'n paar stofpaaie uittrap in die Suid-Vrystaat toe ek literatuur teen die agtergrond van dié wêreld moes bestudeer. In 2017 het ek ingeskryf vir die honneursvak in Afrikaans oor vergelykende letterkunde - en wat 'n fees was dit nie! Onder die bekwame hande van drs. Francois Smith (Afrikaans en Nederlands), Cilliers van den Berg (Duits) en prof. Naòmi Morgan (Frans), het my liefde vir letterkunde verdiep en my denke verbreed: die perfekte voorbereiding vir 'n meestersgraad in Kreatiewe Skryfkuns wat ek in 2018 by dr. Smith en prof. Henning Pieterse voltooi het.

Ook in dié jare het ek deeltyds begin werk as 'n administratiewe beampte vir die departement se kortleerprogram *Gesellig Afrikaans*. Vandag nog bly ek beïndruk dat mense regoor die wêreld ons jong taal wil aanleer – terwyl die praat van Afrikaans in sy tuisland meer en meer gereduseer word. 'n Hoogtepunt in die *Gesellig Afrikaans*-program se bestaan was toe ons dit in 2019 ook volledig aanlyn begin aanbied het. Ek behartig steeds die administrasie en intussen het ons nog 'n kortleerprogram op die been gebring, *Nederlands leren spreken*, 'n taalverwerwingskursus vir Suid-Afrikaners wat Nederlands wil leer praat. 'n Baie suksesvolle projek, onder die ysterhand van prof. Angelique van Niekerk, wat veral heelwat belangstelling, nie net in Suid-Afrika nie, maar van oor die wêreld lok.

Vir die Afrikaanse taal is ek besonder lief en daarom is een van my groot passies om taalversorging te doen, te vertaal en te proeflees – als, van notas, werkstukke, bemarkingsmateriaal tot doktorale tesisse. Soms knyp ek myself (van lekkerte) as ek nie kan glo hoe gelukkig ek is om myself selfs in my vrye tyd met Die Taal besig te hou nie.

Wanneer ek die dag nie by Afrikaans werk nie, is ek op my permanente pos by die Departement Drama- en Teaterkuns. Dit is soms 'n kuns om albei balle in die lug te hou, maar ek is bevoorreg om nie een nie, maar twee werke te hê, twee kantore, twee base, en twee groepe kollegas.

Leer is 'n betekenisdraende woord in my ervarings by die departement. Nie net het ek wonderlike medestudente leer ken nie, maar ook die personeel het onder my vel ingekruip. Wat 'n voorreg om van soveel interessante en begaafde mense te kan leer.

Toekomstige planne vir my gedagtes: 'n ander wêreld. Vandag kan ek sê toe ek in die Vrystaat beland het, het 'n weergaloose, warm, wonderlike wêreld my verwelkom.



dobos

37. Alison Stander

Ek is gebore in Beaufort-Wes waar ek in 2005 by Hoërskool Sentraal gematrikuleer het. Ek het my tersiêre opleiding begin aan die Universiteit van Stellenbosch, waar ek in 2008 'n BA-graad in Geesteswetenskappe en in 2011 'n meestersgraad in Hipermedia vir Taalaanleer voltooi het. Nadat ek my meestersgraad ontvang het, het ek Engels in Suid-Korea gegee. Ek het in 2014 by die Universiteit van die Vrystaat (UV) aangesluit as 'n fasiliteerdeerder by die Eenheid vir Akademiese Geletterdheidsontwikkeling (EAG). In 2016 het ek 'n honneurs in Sielkunde aan UNISA voltooi.



Alison Stander en Ida Meiring saam met studente wat die Gesellig Afrikaans-kursus in 2017 voltooi het.

Ek het in 2017 by die departement aangesluit en ek het in 2017 my PhD in Afrikaans en Nederlands aan die UV begin. My PhD, onder leiding van proff. Angelique van Niekerk en Magriet van der Waal, het eerstens gefokus op die ontwikkeling van 'n aanlyn vreemdetaalonderrigmodel en tweedens op die kritiese evaluering van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid (SAKO/ SAQA) geakkrediteerde *Gesellig Afrikaans* (GA)-kursusse gerig op vreemdetaalverwerwing met betrekking tot die voorgestelde onderrigmodel. Ek het my PhD in 2021 voltooi. Ek bied die tweede taal en die vreemdetaalverwerkingskursusse aan en in 2023 ook 'n nuwe honneursmodule in Taaltegnologie.

dolos



38. Trudie Strauss

Ek het in Julie 2017 by die Duitse Afdeling van die departement aangesluit. Ek matrikuleer in 2006 aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein en begin met my studies in Aktuariële Wetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat. Parallel tot my studies in die wiskundige statistiek het ek ook Duits as 'n ekstra vak geneem omdat ek op skool reeds 'n groot liefde vir die taal gehad het.

Terwyl ek besig was met my honneurs in Wiskundige Statistiek in 2010 het ek die uitstaande modules van Duits Letterkunde voltooi, om ook vir 'n honneurs in Duits te kon inskryf. In 2011 en 2012 is spesiale toestemming aan my verleen om gelyktydig in te skryf vir my MSc in Wiskundige Statistiek en BA Honneurs in Duits. In 2013 voltooi ek 'n MA in Tegnologie vir Taalaanleer onder leiding van Lesley Bergman en dr. Rolf Annas aan Stellenbosch Universiteit.

'n Erasmus Mundus Eurosa-beurs word in 2016 aan my toegeken om vir 'n jaar in Leipzig te gaan navorsing doen vir my PhD.

In 2022 promoveer ek in Wiskundige Statistiek met die tema van my proefskrif gefokus op 'n statistiesetaalanalise. Hier het ek die universaliteit van die kragwet in woordfrekwensieverdelings ondersoek en deur middel van 'n Bayesiaanse benadering, hierdie frekwensieverdelings van omtrent 200 tale van regoor die wêreld met mekaar vergelyk. My navorsing fokus op verdere toepassing van die statistiek in die Geesteswetenskappe.

In die departement onderrig ek die voorgraadse Duitse taalkursusse op vlak B1, B2 en C1 (volgens die Gemeenskaplike Europese Verwysingsraamwerk vir Tale). Ek werk ook nou saam met die Goethe Instituut in Suid-Afrika, waar ek aan Duitsonderwysersopleiding deelneem en aanbied. Jaarliks neem ek saam met my kollega, Cilliers van den Berg die Goethe-eksamens af.

My verbintenis met die departement strek ook selfs effens verder as die kantoor: Ek is getroud met Herman Strauss, agterkleinseun van D.F. Malherbe.

Ek het self gedurende my studies onderrig ontvang van prof. Van den Berg, wat nou my kollega is, me. Ingrid Smuts en prof. Klaus von Delft. Ek onthou hoe die Duitse afdeling altyd vir my 'n toevlugsoord was gedurende my studies in Wiskunde.

Veral prof. Von Delft het 'n groot invloed op my lewe as student en nou ook as dosent gehad: Ek onthou goed hoe ek destyds, kort ná my matriekeksamen, die Duitse B1-eksamen afgelê het. Prof. Von Delft was een van die eksaminatore. Tydens die mondelinge deel van die eksamen, kon ek skielik nie meer my woorde vind nie en elke tweede ding wat ek gesê het was "Keine Ahnung" (geen idee nie).

Op universiteit het prof. Von Delft my toe 'Frau Keine Ahnung' genoem. Tydens my studies het ek die voorreg gehad om soveel by hom te leer. Hy het die wêreld van klassieke Duitse letterkunde vir my ontsluit in lesse en gesprekke in sy tuin.



dolos



Trudie Strauss, Albertus Barkhuizen en Alison Stander tydens
gradeplegtigheid, 2022

Jare later, toe ek aangestel is as dosent in dieselfde departement wat hy bestuur het, het ek 'n e-pos van hom ontvang: "En onthou, as dosent is dit heeltemal goed om soms *Keine Ahnung* toe te gee. Dit is baie eerliker as om op te tree asof mens alles weet. Studente waardeer hierdie opregtheid meer as 'n harde *ek-weet-alles-houding*.' Ek dra hierdie stukkie raad diep in my hart, want ek het nog baie dikwels 'keine Ahnung'."

Ek beskou dit as 'n reuse voorreg om nou deel te kan wees van die departement wat in my lewe as student ook so baie beteken het.

39. Petronella Bango

Ek is die Akademiese assistent-beampte vanaf 2018-2019 en heraangestel in 2022. "Dankie vir nog 'n kans!" My eerste kennismaking met die Departement Afrikaans en Nederlands was as 'n UV-kommunikasiekundestudent in prof. Angelique van Niekerk se BKT214 klas, 2016. Die kennis oor kommunikasie in prof. Angelique se lesings het my baie opgewonde gemaak! Ek het ook die "puntetannie" in die departement, mev. Marelize Pretorius, ontmoet tydens navrae en sy was besonders behulpsaam.

Ek glo kommunikasie en hoe ons met ander kommunikeer is een van die belangrikste aspekte, nie net in jou werksomgewing nie, maar ook in jou persoonlike lewe. Dit gee my soveel vreugde as akademiese assistent om ons studente te kan help, maar ook te sien hoe hul liefde vir Afrikaans ontwikkel, veral ons addisioneletaalstudente.

dolos



Die saamkuier met veral die damespersoneel een keer per jaar, is 'n spesiale geleentheid in ons departement en dit laat my voel dat ons nie net kollegas is nie, maar meer soos familie. Wat 'n besondere voorreg om deel te kan wees van so 'n inspirerende en toegewyde span!



Administratiewe personeel van die departement, 2022

Voor: Lize Botha

Achter v.l.n.r.: Marelize Pretorius, Isabel Mostert, Angelique van Niekerk, Ida Meiring, Petronella Bango

40. Mathilda Smit (Tildie)

Ek was die eerste keer by die departement in my derde jaar (2007). Ons het van die Kaap gevlieg om 'n weeklange winterskool in Bloemfontein by te woon. Alice van Kalsbeek (Vrije Universiteit van Amsterdam) en Yves T'Sjoen (Universiteit Gent) het dit aangebied. Ek onthou die yskoue winterweer en die vriendelike Vrystaters. Vanaf Januarie 2018 is ek 'n dosent in die departement

Ek het in Stellenbosch skool gegaan by HMS Bloemhof. Afrikaans, drama en musiek was my gunsteling vakke. Ek het ook aan die US my BA Taal en Kultuur-graad ontvang in Desember 2007. My hoofvakke was Afrikaans en Nederlands, Algemene Taalwetenskap en Teaterwetenskap. Ek doen daarna direk by die Algemene Taalwetenskap Departement my MA in Tweedetaalverwerwing. Die titel van my verhandeling was "A Grammatical analysis of the spontaneous language use of schizophrenic versus normal L2 speakers of English".

Ek begin my doktorale proefskrif in 2012 aan die Departement Afrikaans-Nederlands aan die US. Prof. Ronel Foster was my studieleier, sowel as Geert Buelens van die Universiteit Utrecht. Die titel van die proefskrif was "Poësie op die Podium: 'n Ondersoek na die sosiale rol en



dolos

betrokkenheid van performatiewe kultuurvorme met spesifieke verwysing na Afrikaanse gedigte en lirieke". In Mei 2018 ontvang ek die PhD-graad.

Voorgraads onderrig ek veral letterkunde vir huistaal- en addisioneletaalstudente (AFR en AFN-modules) en die module Gespreksafrikaans (GAFR) gerig op die aanleer van Afrikaans vir vreemdetaalstudente. Die twee jaar wat ek by Poznan Afrikaans-taalverwerwing gegee het, het my goed hierop voorberei. In 2021 is ek medestudieleier van my eerste MA-student.




Carla Ellis en Mathilda Smith tydens 'n boekbekendstelling, 2021

Ek het tot dusver veral navorsing gedoen oor podiumpoësie, alle vorme van gedigte waar die gedrukte woord nie die finale weergawe is nie. Dit sluit lirieke, toonsettings, ensovoorts in.

Soos my kollegas is ek betrokke by vakverenigings en tydskrifte, resensies en leeskringe, maar die projek oor ontlaering van die Afrikaanse letterkunde saam met dosente van die UP, NWU en KPUT lê my baie na aan die hart.

Dit was 'n hoogtepunt om aan die einde van 2021 as ondervoorsitter van die Afrikaanse Letterkunde Vereniging verkies te word.

dolos



41. Lize Botha (Akademiese assistent: Duits)

Ek het op 1 Junie 2021 by die Duitse afdeling in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans begin werk.

Ek is in Bloemfontein gebore en het ook hier grootgeword en skoolgegaan. Ek het gematrikuleer aan Hoërskool Fichardtpark en gestudeer by Kovsky; my BMus-graad in 2003 behaal. ('n Interessante brokkie uit my skoldae is dat ek die eerste leerder is wat toegelaat is om Sang as deel van my Musiek-vak op skool te neem. Ek het op hoërskool sanglesse geneem by die bekende tenoor, Wilhelm Theunissen by die Musicon.)

My hoofvak op universiteit was Sang, met Klavier as byvak. Ek het ook sedert my eerste jaar Frans geneem tot op derdejaarsvlak waar ek by prof. Naòmi Morgan klas gehad het en my telkens verstorm het aan al die oorvloed van kennis en interessanthede wat sy met haar klasse gedeel het. Vanaf 2003 tot 2019, het ek as beampete by CUADS aan die UV gewerk. Daarna, tot en met 2020, het ek *Kindermusik*-klasse vir kinders aangebied.

Tans behels my werk, as lid van steudienste by die Duitse afdeling, alles wat administratiewe take insluit, om ons afdeling se sosialemediablaaie te behartig en om geleenthede soos werk winkels te reël. Een van my doelwitte is om die internasionaal-aangeskrewe Goethe-eksamens vir die verskillende vlakke van Duits-taalvaardigheid te skryf (en hopelik te slaag!). Ek voel baie geseënd en bevoorreg om te kan sê dat ek waarlik wonderlike en ondersteunende kollegas het, nie net in die Duitse afdeling nie, maar ook in die departement as 'n geheel.

Wat my persoonlike lewe betref, is my hart se punt sonder enige twyfel my hond, Finn wat ek aangeneem het in 2020. Finn is 'n kruising tussen 'n Duitse herdershond en 'n labrador en hy is so liefdevol, gehoorsaam en saggeaard dat baie mense dink dat hy 'n "service animal" is wanneer hulle hom ontmoet. Verder, geniet ek dit om te sing en fliks te kyk en daardie twee belangstellings het my al die geleentheid gebied om te reis na Italië, Spanje, Egipte en Amerika.



dobos

Ten slotte




Ons is 'n wonderlike span soos die afskeidsgeselligheid van 2022 se foto's wys en man en muis of *Bond* en trawante aangetrek het vir die 007-partytjie.

Van die staaltjies hierin kon nie in die departement se geskiedenis (boekpublikasie 2023) ingesluit word nie, omdat dit of te lank was of buite die fokus van die boek val of te veel heldevererings vir medekollegas ingesluit het of bloot omdat ons nie duidelikheid gehad het oor presies hoe ons nou bepaalde *kragwoorde* of unieke formulerings in Standaardafrikaans sou moes opneem nie ...

Lees maar self wat elkeen onthou en wil onthou van hul pad in die departement!

Van ons almal, aan ons almal in die jaar 2022!

dolos



DOLOS

www.ufs.ac.za